

DISCERNING GOD'S JUSTICE IN CHURCH, SOCIETY AND ACADEMY

A detailed oil painting of an elderly man with a white beard and mustache, wearing a grey suit and a dark tie. He is looking directly at the viewer with a serious expression. The background shows a large, multi-story building with a red-tiled roof and a staircase leading up to it.

EDITORS
ERNST CONRADIE
CHRISTO LOMBARD

Festschrift for **Jaap Durand**



DISCERNING GOD'S
JUSTICE IN CHURCH,
SOCIETY AND ACADEMY

Festschrift for
Jaap Durand

EDITORS

Ernst Conradie & Christo Lombard



Discerning God's justice in church, society and academy
Festschrift for Jaap Durand

Cover: Jaap Durand by Julia Teale, oil on canvas. Reproduced with the kind permission of the artist

Published by SUN PRess, an imprint of SUN MeDIA Stellenbosch

www.africansunmedia.co.za

www.sun-e-shop.co.za

All rights reserved.

Copyright © 2009 Ernst Conradie & Christo Lombard

No part of this book may be reproduced or transmitted in any form or by any electronic, photographic or mechanical means, including photocopying and recording on record, tape or laser disk, on microfilm, via the Internet, by e-mail, or by any other information storage and retrieval system, without prior written permission by the publisher.

First edition 2009

ISBN: 978-1-920338-06-0

e-ISBN: 978-1-920338-34-3

DOI: 10.18820/9781920338343

Set in 11/13.5 Garamond Premier Pro

Cover design by SUN MeDIA Stellenbosch

Typesetting by SUN MeDIA Bloemfontein

SUN PRess is an imprint of AFRICAN SUN MeDIA. Academic, professional and reference works are published under this imprint in print and electronic format. This publication may be ordered directly from www.sun-e-shop.co.za.

Printed and bound by SUN MeDIA Stellenbosch, Ryneveld Street, Stellenbosch, 7600.

Table of Contents

Foreword	i
<i>Desmond Mpilo Tutu</i>	
Editorial	iii
<i>Ernst Conradie & Christo Lombard</i>	
ESSAYS	1
So het ons Jaap leer ken ... Indrukke van drie vriende	3
<i>Jaap Furstenberg, Phil Robinson & Daan Cloete</i>	
Metaphor, mystery and paradox: Orientations for Christian spirituality	25
<i>Denise M Ackermann</i>	
The inclusiveness of God's embrace: The homosexual reality and the Confession of Belhar	37
<i>Allan A Boesak</i>	
Oor eenheid, geregtigheid en versoening by Jaap Durand	51
<i>Russel Botman</i>	
In praise of courage	59
<i>John W de Gruchy</i>	
Public theology in South Africa: Lessons from the theology of Jaap Durand	69
<i>Nico Koopman</i>	
Inclusion and exclusion: Some remarks on the use and abuse of a theological trajectory	81
<i>Bernard Lategan</i>	
Belhar as public theology – Honouring Jaap Durand	93
<i>Christo Lombard</i>	
“In die geskiedenis ingegaan”	131
<i>Dirkie Smit</i>	

SHORTER REFLECTIONS	167
Jaap Durand: Lojale vriend, spelende professor en bemiddelaar	169
<i>Carel Anthonissen</i>	
Teologie is lewensbelangrik vir gister, vandag en môre	175
<i>Johan Botha</i>	
The unification/re-unification process in the reformed churches: Is there still time for the DRC to pass the acid test?	179
<i>Nico Botha</i>	
Vernuwing en kontinuïteit	181
<i>Vincent Brümmer</i>	
Oor die eenheid van die kerk	183
<i>Coenie Burger</i>	
Huldigingswoord aan Jaap Durand	185
<i>Bernard Combrink</i>	
An early prophet of the impact of consumerism	187
<i>Ernst M Conradie</i>	
Wat beteken profetiese getuïenis in die nuwe politieke bedeling?	191
<i>Etienne de Villiers</i>	
Identity, God-given substitute and divine forgiveness (reconciliation)	193
<i>Pieter JJS Els</i>	
Integriteit in donker tye	201
<i>Pieter Grove</i>	
Jaap Durand – Familie-mens en mentor	203
<i>Braam Hanekom</i>	
“The little green book” Jaap Durand’s bestseller	205
<i>Piet Jonas</i>	
My waardering vir die vroeë Jaap Durand, die sendingwetenskaplike	207
<i>Dons Kritzingner</i>	

Jaap Durand – Man of good hope	209
<i>Klippies Kritzinger</i>	
Jaap Durand as teacher and preacher	211
<i>Douglas Lawrie</i>	
Teologiese identiteit as missionale gerigtheid	215
<i>Bethel Müller</i>	
Two vivid pictures of Jaap Durand	219
<i>Piet Naudé</i>	
Ons moet nou ophou baasspeel	221
<i>Klaus Nürnberger</i>	
Journeys with Jaap	225
<i>Stanley Ridge</i>	
Leadership in a period of transformation	227
<i>Courtney Sampson</i>	
Glo jy in God?	229
<i>Amie van Wyk</i>	
Eerste treë in die bediening en kort daarna	231
<i>Hannes Venter</i>	
PUBLICATIONS BY JAAP DURAND	235

Foreword

DESMOND MPILO TUTU

I was honoured to be invited to become Chancellor of the University of the Western Cape in 1988. In many ways it would have been an oxymoron to feel honoured to be associated with such an institution for it was spawned by apartheid with its obsession for separation. It was designed as the university for Coloureds as, for instance, the University of Zululand was meant for Zulus – all tertiary institutions that had been rejected contemptuously as merely bush colleges by nearly everyone in the Black community. UWC was turning this bizarre policy on its head, a process begun under the leadership of Professor Van der Ross, its first coloured rector, when it jettisoned the ludicrous policy of ethnic entrance qualifications, replacing it with the conventional one of academic qualifications. UWC was establishing its credentials by being involved in protests and demonstrations against the brutal apartheid police when the student body marched against apartheid's minions. Frequently the students were headed by the Rector and his academic colleagues. Professor Van der Ross was succeeded by a younger, quiet but charismatic person, Jakes Gerwel, who accelerated the transformation process throwing down the gauntlet even more spectacularly by declaring at his installation as Rector that he intended UWC to become “the intellectual home of the Left”. That was really throwing the fat into the fire for an oppressive Government obsessed with its so-called anti-communist stance. UWC was rapidly establishing its credentials as a genuine site of the struggle against apartheid. Hence being honoured to become its Chancellor. This was in the turbulent 1980s when apartheid repression was at its most vicious and our people were dying like flies.

It was a great privilege to be associated with such a vital institution. It would have been so easy to drive wedges between members of the university community, and the apartheid “system” was adept at sowing dissension and suspicion. It was exhilarating to be the Chancellor of an institution that was becoming the pride of the oppressed as it took on the apartheid phalanx as if presenting an icon of the kind of society we were striving for, to have a young Coloured rector supported to the hilt by his white vice-chancellor, an Afrikaner to boot, in Professor Jaap Durand. They spoke volumes about the sort of society we were striving for just by them being there together. I am delighted and honoured to pay my warmest tribute to someone who was such a critical element in our struggle and in our efforts to make UWC the scintillating and exciting place it has turned out to be.

JAAP DURAND FESTSCHRIFT

Baie dankie, Boetie – this Festschrift from your colleagues is the least we can do to thank you. God be praised that you were obedient to the imperatives of the Gospel.

DESMOND MPILO TUTU is Archbishop emeritus of the Anglican Church in South Africa and Chancellor of the University of the Western Cape.

ERNST CONRADIE & CHRISTO LOMBARD

Professor Jaap Durand, former professor of Systematic Theology and Vice-Rector of the University of the Western Cape, celebrated his 75th birthday on 5 June 2009. For this occasion we wish to honour him with this Festschrift.

There is no need in this editorial to elaborate on the significance of Jaap Durand's life and work – in the fields of pastoral work, Christian theology, the Uniting Reformed Church, ecumenical relationships, prophetic witness, university administration, justice and peace, and institutional transparency. This is abundantly evident from the various contributions collected in this volume of longer and shorter essays.

We do need to say a word about the limited scope of this Festschrift. For the sake of coherence we opted to honour Jaap Durand's legacy from the perspective of Christian theology only, even though his own work extends much wider than that. Moreover, we invited contributions only from within the South African context although there may have been many colleagues, especially from the Netherlands, who could also have contributed.

In order to ensure the feasibility of the project we invited a limited number of senior academics to contribute a substantial essay to this Festschrift. We are grateful for those essays that could be included in this volume – often written under immense pressure. A special word of gratitude is due to Archbishop *emeritus* Desmond Tutu who, as long-standing Chancellor of UWC, paid fitting tribute in the form of a foreword.

In addition, we also invited a larger number of Jaap's South African friends, colleagues in the church, the university and former students to contribute some shorter reflections to this Festschrift. Again, we are most grateful to those who have added their voice in honouring the legacy of Jaap Durand. For these shorter reflections we especially welcomed contributions in either Afrikaans or English.

We also encouraged differences in style and genre. Some of the contributions are indeed more personal and narrative in style, including the biographical essay by Jaap Furstenberg, Phil Robinson and Daan Cloete. Others are more academic in content and style with extensive references. Given the very nature of the shorter contributions, these tend to invite such more personal recollections.

We are grateful to Woldemar Cloete who assisted with the proofreading of the manuscript and to the staff of SUN PReSS for ensuring that the manuscript could be published timeously.


JAAP DURAND FESTSCHRIFT

We offer this volume of essays to Jaap Durand as our mentor, role model and friend in gratitude for his dedicated contribution to discern God's justice in the church, in society and in the academy in the South African context.

ERNST M CONRADIE teaches Systematic Theology and Ethics in the Department of Religion and Theology at the University of the Western Cape.

CHRISTO LOMBARD teaches Social Ethics and Christian Theology in the Department of Religion and Theology at the University of the Western Cape.

Essays



So het ons Jaap leer ken ... Indrukke van drie vriende

JAAP FURSTENBERG, PHIL ROBINSON & DAAN CLOETE

Ons wéét Jaap is wars van enige “hulde” aan mense, en ons neem dit in ag. Op sy beurt moet hy asseblief aanvaar dat liefde nie net blind is vir ’n vriend se foute nie, maar ook siende maak, heldersiene vir sy vele gawes, waarvoor ons alleen die milde Gewer roem.

Jaap Furstenberg ken Jaap die langste, dus gee ons hom die eerste woord. Hy begin by hulle hoërskooldae.

1941-1951: Skooljare, Dealesville

Jaap (Johannes Jacobus Fourie) Durand het grootgeword en skoolgegaan op Dealesville in die Wes-Vrystaat waar sy vader aan die hoërskool verbonde was, later as vise-hoof. Oom Jonnie was ’n uiters bekwame wiskundige wie se hart in sy vak was. Met sy helder, logiese en geduldige verduidelikings kon hy trefseker vir ons die weg wys te midde van vreemde konsepte en taai probleme. Op dieselfde wyse kon hy as kategeet fundamentele sake soos Christus se volkome genoegdoening deur sy plaasvervangende soenoffer uiteensit (vgl Heidelbergse Kategismus by vraag 60). Dit was na aanleiding van ’n vraag van Jaap wat dieper geboor het as waartoe ons ander standerd ags selfs kon droom!

Sy moeder, tannie Anna, onthou ek as ’n energieke en bedrywige persoon, lewensbly, musikaal, ’n lojale lewensmaat aan die stiller oom Jonnie se sy. En dan Jaap se ouer broer Ben, ’n rooikop, ondeund, ongelooflik gevat.

My eerste ontmoeting met Jaap was aan die begin van ons hoërskooljare – op die skoolgronde waar ’n klompie verdwaasde groentjies van Soutpan geamuseerd bekyk is. Nadere kennismaking – darem nie fisiek soos in ’n losskrum nie! – sou spoedig volg deurdat ons die enigste twee in daardie jaargroep se Latynklas was – by *Mrs Chief*, die moeder van Tommy Bedford wat later jare Springbokflank en -kaptein geword het. ’n Lewenslange vriendskap het begin, verstewig as kamermaats toe Mnr en Mev Durand die volgende jaar inwonende koshuisouers geword het.

Herinneringe uit daardie jare storm oormekaar ... Episodes propvol pret; verleenthede waaroor ek nou nog bloos, terwyl Jaap hom daarvoor sal verkneukel; verliefdhede, skoolkyse ... Terugskou laat egter een sentraliserende gegewe vir my uitstaan: Ons vriend se buitengewone veelsydigheid wat hoe langer hoe meer sy lewe en arbeid sou kenmerk. Om dit toe te lig:

- ∞ “Hoogs intelligent!” Dit was die reputasie wat hom vooruit geloop het. Sy portuurgroep sou dit eerstehands meemaak: deurgaans die hoogste persentasie in die klas – met ’n besonder gerieflike speling! Maar nié omdat hy ’n nerd was nie! Wél konsensieus – meestal! Ek weet van een keer toe hy in kort pouse iemand se Latyn-huiswerk moes ... leen? oorneem? wat ook al.
- ∞ Met sy lenige liggaamsbou word hy ’n uitbinker in hoogspring, tot op die podium by die streekinterskole, tweede na ’n atletiese frats van Boshof. Dieselfde veerkrag maak van hom ’n gedugte flank. Kon hy ránk in ’n lynstaan! Met sy veilige hande, ’n goeie skopvoet en instinktiewe posisionering speel hy later heelagter vir die eerste span. ’n Geskeurde kuitspier bring sy skoolrugby tot ’n vroeë einde. Verder: ’n uitmuntende skaakspeler, deur sy vader touwys gemaak. Sy talente vir tennis en tafeltennis, snoeker en gholf sou later begin blom.
- ∞ Inisiatief, verbeeldingskrag, leierskap. Oor naweke was daar volop ledige ure in die koshuis. Jaap was vindingryk om nuwe speletjies uit te dink én die spel te organiseer. In plaas van konvensionele gewigstoot byvoorbeeld, het Jaap ’n manier bedink om die gewig vanuit ’n reeks ongewone liggaamsposisies te gooi. Dit het tot die koddigste aksies gelei en ewe veel pret as mededinging tot gevolg gehad. Een Saterdagandaand het hy ’n “moord”-drama laat afspeel. Rolle is toegewys, die “moord” het plaasgevind en die “speurder” (Jaap self) is ontbied. Die oorsaak van dood is vasgestel en ooggetuies ondervra. Geen teks nie, ons moes op ons voete dink. Met ’n slinkse voorwendsel en ’n misleidende vraag het slim Japie sonder moeite vaal Japie as die skuldige ontmasker en gearrester. Voorbeelde van dergelike tydverdrywe deur Jaap geïnisieer sou vermenigvuldig kon word. Wat van die “sirkus” wat aangebied is, kompleet met die drie “leus” Jasper, Kasper en Rasper! Of die laataand staptog spookhuis toe! Bouvallig, onbewoon, aan die uiterste rand van die dorp. Die uitdaging aan mekaar is om in te gaan en enige spook te konfronteer. Op pad in die donker toon Jaap hom ’n meester in die kuns om ’n grillige atmosfeer te skep. Toneel van ’n grusame misdaad, lank gelede, weet hy te vertel. Nooit opgelos nie. Naam van die plek Journey’s End(!). Lendelam voorhekkie knars op sy skarniere. Die adrenalien pomp. Jaap klop aan om seker te maak die plek is leeg. Eers niks. Dan begin die deur beweeg! Swaai stadig, krakend oop. ’n Verskyning in wit! Gelukkig herken Jaap die nuwe skoenmaker in sy slaapklere en blitssnel versin hy ’n storie oor ’n skoen wat hy wil kom afgee. Duidelike verligting aan albei fronte: nié spoke nie, gewone mense! Lag, dalk met ’n tikkie histerie, heelpad terug koshuis toe. ’n Lekker verhaal om te gaan oorvertel, van helde wat nié geval het nie, al was dit so hittete! Ook dít is Jaap: kon selfs in so ’n onvoorsiene en byna-weghardloop situasie nog flinkdink. Almal weet hoeveel kreatiewe denke en verbeelding dit van standard neges verg om ’n matriekafskeid te reël. Ook in dié opsig was Jaap

'n steunpilaar. En les bes, in ons matriekjaar vertolk hy die hoofrol in Die laaste van die takhare van Langenhoven.

☞ Skeppende vermoë. Sou hy nie jou waarlik in standerd 6 reeds 'n speurverhaal skryf nie: Rokers pasop! Die manuskrip eiehandig getik en van 'n omslag voorsien. Heel oorspronklike intrige. Ongelukkig net die een kopie! Rofweg volgens die opset van Monopoly, toe nog 'n nuuttjie, het Jaap sy eie bordspel ontwerp: Easy money. Vir dié wat met of sonder 'n geldige rede nie skool bywoon nie, sou dit ure se vermaak verskaf. Met die kreatiewe drang gaan handvaardigheid gepaard. 'n Geliefkoosde tydverdryf van hom was die bou van modelvliegtuie uit balsahout. Met 'n toutjie aan die plafon geheg, sou hulle sierlik in sy kamer rondswaef.

Leesywer. Behalwe 'n bibliofiel is Jaap ook 'n snelleser, en was hy dit toentertyd al. Gevolglik het hy eerstehands kennis gedra van skrywers en titels wat vir die meeste van ons nog onontginde terrein was. Die mees ongehoorde vir ander Jaap was egter dat hy toe ook al 'n menigte *Engelse* boeke gelees het! Al het dit vir my teen 'n veel traer tempo geskied, het ek dit aan Jaap te danke dat ek met PG Wodehouse en “the inimitable Jeeves” kon kennis maak; ook met Agatha Christie; en die immergroen treffers van PC Wren oor die Vreemdelingelegioen! Danksy die onoortreflike reeks *Classical comics* wat Jaap besit het, darem ook met Dickens en Sir Walter Scott, Victor Hugo en Dumas, en andere. Wat 'n verryking en verruiming des geestes! En het ons nie G Sutherland se *Weerlig in die Weste* saam geniet nie! Die wandelaar wat op 'n verlate stuk pad 'n plaaswerker raakloop en 'n geselsie aanknoop. Dan weer groet met “Nouja, *nil desperandum*, ou Herman!” “Dankie meneer, vir meneer ôk!”

Sou 'n mens, oorskouend, van 'n harmonies geïntegreerde persoonlikheid kon praat? Uitsonderlike vermoëns gepaard met gewoon menswees; 'n balans tussen erns en spel; vaste oortuigings en die moed om daarvoor op te staan, maar sonder moralistiese meerderwaardigheid; met ander woorde, alles behalwe “a good person in the worst sense of the word” (Mark Twain); 'n duidelike roepingsbesef (reeds op hoërskool het hy hom op sy knieë tot die sending verbind) én 'n verfrissende humorsin. Hoe ons dit ook al probeer tipeer, dit gaan om 'n lewe wat ander s'n op 'n besondere manier geraak en verryk het – en dit steeds doen.

By die prysuitdeling in matriek stap hy met 'n arm vol toekennings weg. Bloktyd en die skooleindeksamen breek aan – en die wag op uitslae. As een van die drie top matrikulante in die Vrystaat, met vier onderskeidings, word die Thomas Robertson-beurs vir tersiêre studie aan hom toegeken. Dit neem ons na sy volgende lewensfase.

1952-1955: Studentetyd, Bloemfontein

Steeds kamermaats, boek ons in by die Reitzsaal Kamerwonings (Bungalows), waar Phil ook was. (Sal dit help om te sê Reitzsaal het toe darem nog nie die reputasie van later gehad nie?)

Phil skryf: By die lees van Fursie se opmerking “waar Phil ook was” het die woorde ’n interessante sleutel geword in die geskiedenis van my verhouding met Jaap Durand. Ja, ek was daar toe “Jaap en Jaap” hulle intrek in Kamerwoning 3 geneem het. Ek het in Bungalow 4 skuins oorkant hulle gebly. Die “hartlike verwelkoming” wat hulle saam met die res van die eerstejaars deurloop het, het trouens plaasgevind “waar Phil ook was”. Toe hulle bewus gemaak is van die sosiale kloof tussen seniors en nuwelingte het dit gebeur “waar Phil ook was”. Dit was enkel my historiese voorsprong – ek was reeds tweedejaar – wat ons in hierdie onderskeie “stande” laat beland het. Vir wie van ons die Gy-sêery die grootste verleentheid was, bly ’n ope vraag. Die feit dat ons al drie vir Admissie I ingeskryf was, glo ek, het versagterend op hierdie sosiale kloof ingewerk. ’n Vol en bedrywige vierjarige akademiese en sosiale studentelewe het teen die soms meer en soms minder sigbare agtergrond van “waar Phil ook was” ontwikkel.

Die jare neem ’n lang sprong. Ons is by die Universiteit van Wes-Kaapland in die Komiteekamer van die rektor. Dit is Jaap, wat besluit het om af te tree, se laaste vergadering van die Senaat se Uitvoerende Komitee. Die rektor het namens die komitee kort en gepas waardering en goeie wense uitgespreek. Dit alles het gebeur “waar Phil ook was” – net mooi 43 jaar na my aandeel aan die “verwelkoming” van Jaap by UOVS! Ek kon nie anders nie, ek moes die komitee wys op my “ongeëwenaarde rol” in Jaap se roemryke akademiese loopbaan! Dit was 1995.

Jaap Furstenberg hervat: Terug na ons veelbewoë eerstejaar: Tien dae (aande, nagte!) van wrede ontgroening. (’n Interessante woord, *ont*-groening – het ons regtig na tien dae minder groen gevoel? Ook wat die heimlike vreesfaktor vir seniors betref? Om geen oomblik, bedags of snags, te weet wat om volgende van hulle sadistiese vindingrykheid te verwag nie?) Slaafse onderdanigheid – die ouhere het dit “die deug van nederigheid” genoem – is in oordrewe militaristiese styl op jou afgedwing. (Êrens diep in jou weet jy darem alles is opsetlik aangedik en kan jy selfs die humor van die situasie geniet – so nou en dan!) Groen strikkie as onderskeidingsteken om die nek, pap soos ’n hangsnor na die eerste aand se uitmergelende sweetsessie van bakboud en paddaspring. Ter afsluiting van elke aand se “verrigtinge”, so teen middernag, die eerstejaars, of “sotte”, op hulle knieë met die kop onder die bankies teen die mure en die sing van *Home, sweet home* – met ’n snik in menige stem, meer eersgenoemde as Gigli s’n. Vroeg op en atletiekbaan toe vir bietjie losmaak van stywe spiere op plekke waar ons nie eens geweet het ons het spiere nie. Deeglik afgerig in die unieke studentekuns om met die minimum slaap te oorleef. Klaskraf met leepoë, en iets probeer wys word van wat die geleerde here agter die kateder kwytraak.

Byvoorbeeld: Grieks kon net so wel Sjinees gewees het. Boonop aangebied deur ’n bloedjong dosent, vars uit Nederland. Phil onthou dit so: Behalwe dat Grieks vir ons Grieks was, het dié man met sy onmiskenbare Hollandse tongval Grieks in Engels aan ons doseer! Om die waarheid te sê, ons kon nie een van die drie tale verstaan

nie. Dit was gevolglik 'n waagstuk om te dink dat jy in jou leeftyd iets van Ritchie se *First steps in Greek* sou begryp. Alle eer dus aan dr Paap dat hy sommige van ons wel deurgekry het. Te midde van sy eie aanpassingsproses het sy gelate aanvaarding van studentespot en sy milde humorsin vir ligter oomblikke gesorg. Een skreeusnaakse voorval: Ons het pas in die lesinglokaal met sy skuins oplopende rye banke ingestap en was nog aan die rondstaan en gesels toe een van die studente sê: “Daar kom Paap!” Ons dosent kon jy ver hoor aankom. Hy het met sterk treë gestap en sy hakke het soos tipiese Hollandse klompe op die gangteëls geklap. Terwyl ons inskuif in ons sitplekke, beweeg Johan van Vuuren tot almal se verbasing na die ongebruikte binnedeur naby die dosent se tafel. Daar het kaarte van die antieke wêreld gehang. Johan neem posisie in, trek die kaart voor hom af tot op sy voete. Ons is almal geaktiveer vir 'n historiese lagbui wat net met uiterste selfdissipline onderdruk kon bly. Dr Paap merk onraad, maar begin met die lesing. En toe praat die gees: “Dr Paap, die geeste roep jou!” Dr Paap kyk ons ondersoekend deur. Is hier 'n buikspreek? Die gees roep weer. Paap stap langs die banke op en loer agter die skorte in op soek na die gees. Toe die gees sy derde oproep maak, pyl Dr Paap op die kaart af, trek dit vinnig op en hier staan “die gees”, wit geskrik! Paap ken egter sy naam: “Ve Vure kom't eruit! Je weit nog so bliksems min van Grieks ouk!”

Jaap Furstenberg gaan voort: Senior mans word as “Gy” aangespreek, senior dames as “Geagte Gy”. Bewaar jou as jy sou verbyloop sonder om te groet – met neergeslane oë – al het jy die persoon al tien keer die oggend gesien! In gelid saal toe vir aandete na 'n hekelsessie voor die koshuis waar studente-*wit* sonder inhibisies vlieg.

So saam met Jaap deur dik en dun ... Die opwinding van eerstes: Jool, Dalrymple, Intervarsity, serenades oor en weer, die Vishuis-*rally* (fietswedren aangebied deur Abraham Fischer-tehuis) en Bungalows se Donkie-*Derby*, die Nonniewedstryd (nie-rugbyspelers van die twee manskoshuise) waar ek in die doodsnikke die gelykmakende drie kon druk – en Jaap dit verwyf! Daarna deur ooms(!) skouerhoog van die veld gedra.

Eksamentyd en 'n láááang vakansie

Ons tweede- en derdejaar verloop in hoofsaak volgens dieselfde studentेरitme van druk en pret. Groot Sakkie van Zyl, spoedig Vrystaatstut, later Springbok, en rietskraal Bennie de Kock, albei Dealesvillers, is kamermaats in dieselfde Bungalow as ons. Wanneer Jaap hulle twee langs mekaar sien stap, kom dit spontaan: “Ta-té, ta-té, tafa-tefe, tafa-tefe!”

Jaap en ek sluit albei aan by die Opmetingsbattery, 'n artillerie-eenheid van die weermag. Bywoning van drie opleidingskampe te Potchefstroom tydens die Junie- en jaareindvakansies was 'n aantreklike opsie om loting vir ononderbroke militêre opleiding van nege maande vry te spring. Ook UP en PU vir CHO het so 'n eenheid gehad. So ontmoet jy tydens kampe verskeie persone van ander universiteite wie se

paaie later weer met joune sou kruis. Ons eerste kamp, in die hittige Potchefstroomse somer, het hoofsaaklik uit basiese opleiding bestaan, dit wil sê paradedril. Uiteraard was nie alle instrukteurs (permanente weermagde) ewe bekwaam nie. 'n Jong bombardier (in die artillerie die ekwivalent van 'n korporaal) wat 'n ander peloton as ons s'n moes afrig, ondervind skynbaar probleme om dissipline te handhaaf. Sy wraakmaatreël: om die manne na 'n baken daar doer en terug te laat hardloop, gewere en al. Dit gebeur so herhaaldelik – tot groot vermaak van die res – dat hulle spoedig *the flying squad* gedoop word. Aan die einde van die kamp ongetwyfeld die fiksste van ons almal – in dié konteks egter 'n twyfelagtige eer.

Met die volgende twee kampe ontvang Jaap onderskeidelik opleiding as kanonnier en kwalifiseer hy vir 'n swaarvoertuiglisensie. Na weke se *army rations* maak die manne 'n punt daarvan om op die trein terug die restaurant se smaaklike spyskaart stelselmatig van bo tot onder te plunder – met komplimente van die weermag, oftewel die belastingbetaler. Drank is nou wel nie gratis nie, maar vir sommige is dit nie eens amper 'n beletsel nie. Terwyl die trein deur Orkney stoom, wil een van dié manne net met alle geweld die dorpie koop. Sy drinkebroer wil egter niks daarvan hoor om te verkoop nie! *In vino veritas??*

Jaap se tennis begin vorm kry. So ook tafeltennis en snoeker. Soms bietjie krieket in die nette saam met Pottie. Sy *forte* is egter skaak. Kovsies het daardie jare 'n besonder sterk skaakklub gehad. In die toernooi om die klubkampioenskap skakel hy sterk aanspraakmakers uit om uiteindelik met punte gelykop te trek met 'n ander uitbinker, Johan Steyn. Johan dring aan op 'n uitspeelwedstryd waarvoor Jaap glad nie lus was nie – die eksamen was om die draai – en Johan wen.

In die verenigingslewe op kampus speel Jaap 'n aktiewe rol. In die loop van sy studentetyd dien hy op die redaksie van *Inter Nos*, die blad van die Admissiebond; van *Die Calvinis*, orgaan van die Calvinistiese Studentevereniging, later as redakteur; en van *Shimla*, studentebld van die universiteit, in sy finale jaar as redakteur; hy word bestuurslid van die Admissiebond; die plaaslike tak van die Afrikaanse Studentebond; voorsitter van die Skaakvereniging; word op die Huiskomitee van Reitzsaal verkies en, in dieselfde jaar, as lid van die Studenteraad. Merkwaardig hoe mense se lewenspaaie kruis – en herkruis! Ook Sonja (Bell), tans Jaap se vrou, word in daardie jaar tot die Studenteraad verkies, met Christoff Hanekom, later haar eggenoot, as voorsitter.

Jaap verwerf die BA-graad (Admissie) *cum laude*, met onderskeiding in albei hoofvakke. Sy besluit was toe reeds geneem om met honneurs in wysbegeerte voort te gaan. Uiteindelik word dit ook my besluit. Sommige in die groep van vyf studeer buitemuurs, dus word die wekelijkse seminaarbesprekings saans gehou. Vormend en stimulerend, hierdie aandessies in Prof Rassie Venter se kantoor. Vroeg in die jaar het Jaap, in oorleg met Prof Venter, reeds op die onderwerp vir 'n meestersverhandeling besluit. Op kenmerkend planmatige wyse verdeel hy voortaan sy studietyd tussen

die voorbereiding van sy volgende seminaarinleiding en navorsing vir sy M. In die loop van die jaar maak hy met laasgenoemde reeds beduidende vordering.

Ook die honneursgraad behaal hy met lof. Die jaar daarop (1956) is ons op pad Stellenbosch toe vir studie in die teologie.

1956-1958: Teologiese Kweekskool, Stellenbosch

Losies as primêre nood!

Phil vertel: 'n Goeie vriendin van my suster, wat saam met haar in Kestell Dameskoshuis was, het met haar tannie op Stellenbosch ons driemanskap se nood gedeel. Gewapen met tant Nonnie Roux se adres (Noordwal 34, Stellenbosch) is ek en Rensia vroeër as wat die Universiteit sou begin na Stellenbosch. Tant Nonnie vertel ons van die probleem om op Stellenbosch goeie losies teen 'n billike prys te kry. Sy het egter met 'n vriendin daar naby gepraat en hulle het twee kamers beskikbaar. Ek is na Die Laan 5 met tant Nonnie se beoordeling van die gesin as waardevolle leidraad: "Die man is moeilik, maar sy vrou is baie gaaf!" Dit was inderdaad so. Toe ek klop, het 'n man met 'n rooi gesig die deur half ergerlik oopgemaak. Ek was nog besig om my sending te verduidelik toe roep hy oor sy skouer: "Hier's 'n student wat kom kyk na die kamers!" 'n Vriendelike donkerkop vrou het my ingenooi en die kamers op die eerste verdieping gaan wys. "Dit is net waarna ons soek", kon ek die transaksie beklink. Vir Jaap en Jaap kon ek laat weet: "Ons hét blyplek!" In plaas daarvan dat ek die kleiner kamer en hulle twee die groter een neem, besluit ons om die kleiner kamer die studeerkamer en die groter een die slaapkwartiere te maak. Ons het die twee kamers ingerig, die een met drie beddens en klerekassies en die ander, smaller vertrek met drie studeertafels en boekrakkies. Dit sou ook dien as ons "sitkamer" wanneer nodig. Etes neem ons aan huis van die alomgeliefde tannie Bess Joubert, op die winkelhaakhoek van Die Laan.

In dié tyd het ek die voorreg gehad om albei Jape nader te leer ken. Jaap Durand was altyd eerste uit die bed en het nooit laat sit en werk nie. Ek en Fursie kon (moes!) tot ounag werk. Jaap was ook altyd eerste klaar voorberei, maak nie saak wat dit was nie. Sy bed was eerste opgemaak en niks het onder die bed uitgesteek nie. Sy klere was reg versorg, sy studeertafel was ordelik en skoon, sy optrede gedissiplineerd met 'n immer aanvoelbare gedreweheid. Jaap kon moeilik wag, en sy stapspoed was dié van iemand wat laat was, maar uit bedagsaamheid vir die wat saamloop nie voluit hardloop nie! Hy het ook nooit, sover ek kan onthou, geloop en sing, fluit of raas nie. Ons het lekker saamgewoon, stimulerende gesprekke oor teologie, politiek en sport gevoer, heerlike grappe gedeel en dit ook geniet om stil te bly.

Teen September het Gert Marais my genader en gevra of ek nie sy stoepkamer in Groeneweide 4 wil oorneem nie, aangesien hy geleentheid kry om na die CSV-gebou terug te gaan. Hy het vooruit betaal tot die einde van die jaar en hy dra dit net so aan

my oor. Op daardie stadium het ek al vir my twee kameraats begin aandui dat die verhouding met ons huisbaas onnodige hitte opbou en dat ek oorweeg om 'n alternatief te soek. Die moontlikheid het my dus gepas. Ek is na Groeneweide 4 en hulle vanaf die begin van ons tweedejaar na die historiese Erfurthuisie wat in Ryneveldstraat 3 beskeie agter die groot eikeboomstam uitloer.

Nog 'n anekdote oor Jaap se stapspoed. Op 16 September 1958 het ek en Rensia verloof geraak. Ons het by Groeneweide 4 vir naaste vriende so 'n klein geselligheid gehad. Een van die vriendinne wat op pad was, vertel dat sy pas met haar fiets by Jaap verby is. "Hy kom met sulke lang galoppe aan!" sê sy so half uitasem. Sy het nie besef hy stap maar so nie!

Jaap Furstenberg vervolg: Kweekskool: Soveel verwagtings, indrukke, ontmoetings, geleenthede ... In die gemeenskaplike klasse van al vier jaargroepe is 'n mens getref deur die verskeidenheid: in universitêre agtergrond en vooropleiding; in ouderdom en senioriteit: van jangroentjies tot byna-dominees; in die tipe spiritualiteit; daar was die stilles en die veelvraers ... En tog 'n gemeenskap deur één roeping saamgesnoer.

Een van die dinge wat vir my uitstaan, is die vormende impak wat die professore op ons gehad het. Dikwels in die klasse, ja, maar ook met bidure wat hulle gelei het. Enkele boodskappe, in die besonder van Prof Pieter Verhoef, is steeds onuitwisbaar: oor Jara: 'n Besondere huwelik in Israel; of Maria Magdalena: Die klag van die liefde (sommige daarvan te vinde in die preekbundel van hom en sy skoonvader, Ds. ID Kruger: *Vrede op aarde*. Potchefstroom: "Die Evangelis", 1962). Dié waardering, weet ek, word volledig deur Jaap gedeel.

Ons was die kleinste Kweekskoolklas in baie jare, voor én na. Tog kon ons met interklas-krieket en -rugby ons behoorlik laat geld! Jaap se eerste liefde wat sport betref, bly egter tennis – tot vandag toe. Sy reputasie as skaakspeler bereik die ore van die Maties, en voor die intervarsity word hy genader om vir hulle deel te neem. Jaap is verras deur die versoek, maar ook onseker omdat hy nie gereeld speel nie en in Bloemfontein laas sterk teenstand gehad het. Eindelik laat hy hom tog ompraat. Hy moet boonop as nommer een speel. Om alles te kroon is Ikeys se nommer een Suid-Afrika se junior kampioen, ene Isaacson. Oor dit alles kon Jaap maar net lag. Dalk het die Maties gereken hulle gooi maar die onbekende faktor, Durand, vir die wolwe; niemand sou in elk geval die kampioen kon klop nie. Hoe dit sy, die Vrydagaand breek aan. Twaalf spelers oor ses borde gebuig. Heelwat belangstellendes. Mos Venter en ek sit by Jaap-hulle se tafel. Jaap trek swart. Met sy deeglike kennis van die teorie besluit hy op 'n minder gewone verdediging, maar een waarvoor hyself nogal lief was. Stille in die saal, net die afdruk van die skaakhorlosie se knoppie na 'n skuif. 'n Uur en meer van intense konsentrasie. Toe Jaap daarin slaag om 'n pion te wen is die skrif aan die muur. Na 'n verbete maar vergeefse eindpoging gee Isaacson die stryd gewonne. Die Maties

is jubelend. Nou lag Jaap éérs. Hy staan daarby dat die Hollandse sigaar wat hy gerook het Isaacson dronk gehad het.

In dieselfde jaar word Jaap as die klas se kandidaat vir die Kweekskool se redenaars-kompetisie gekies. Sy toespraak handel oor die vakbondwese, ook as politieke drukgroep. Willie Human, derdejaar, word as wenner aangewys vir sy netjiese hantering van die onderwerp *Die Christendom en die ateïsme*.

In die loop van sy eerste Kweekskooljaar rond Jaap sy M-verhandeling finaal af. Dit handel oor Calvyn se beskouing oor die reg van burgerlike vernet teen onregmatige optrede van die owerheid (sien bibliografie in hierdie bundel). Is die grondslag hier reeds gelê vir sy latere onverskrokke insette teen die apartheidsideologie en -praktyk? Op grond van sy verhandeling word 'n Uniebeurs vir gevorderde studie in die buiteland in 1957 aan hom toegeken. Op sy versoek word uitstel verleen om die beurs na voltooiing van sy derde studiejaar in teologie op te neem. Hy kan hom dus reeds op doktorsale studie in Nederland begin instel: Sendingwetenskap onder die gevierde JH Bavinck.

Teen die einde van 1957 voel Jaap buitengewoon uitgeput – met die uitgerekte tweedejaarseksamen wat voorlê. Prof Potgieter, met sy sielkunde-agtergrond, raai hom aan om dit in die komende weke net baie rustig te neem en sy voorbereiding heel vlugtig te doen. Jaap neem dié advies ter harte, en – dít mag ek nie nalaat nie, al is dit dalk sy bes bewaarde geheim: Terwyl ons ander alles insit (vir my was dié eksamen die veeleisendste van almal!) verwyf Jaap sy ure met Agatha Christie! Met sy spoedleesvaardigheid en die dorpsbiblioteek gerieflik naby, verorber hy (geen ander woord sal pas nie!) gedurende die eksamentyd nie minder nie as – 18? 21? – slapband Christies. En die uitkoms? Hy haal die vakansie, rus behoorlik uit, en – reg geraai – behaal loshande die hoogste persentasie. *You just can't keep a really good man down!* Korreksie! Jaap self sou eerder wou sê: Genade, onbeskryflik groot ...

Uit ons derdejaar noem ek Jaap se klaspreek oor Hosea 2:14: “Dan sal Ek ... gee ... die dal Agor tot 'n deur van hoop ...”, met die tema: *Deur verbryseling tot verlossing* – 'n preek wat by baie van ons onuitwisbaar bly vassteek het (later, enigsins verwerk, opgeneem in *Die Volle Raad*. Bloemfontein: Sacum, 1972). Verder, sy referaat oor Calvyn en die ekumene, gelewer by 'n Teologiese Dag op Stellenbosch. Die saak van die ekumene is toe reeds by hom 'n teologiese impuls. Vanaf sy proefskrif in 1961 (sien bibliografie) sou dit hoe langer hoe meer tot ryping kom.

Ook aan die Kweekskool neem Jaap aktief aan die verenigingslewe deel. Hy dien op die redaksie van *Polumnia*; as bestuurslid van die Konfessie-vereniging, die Calvinistiese Studentebond en die TSSV (Teologiese Studente Sendingvereniging). Sondagoggende sit hy agter die stuur van die lang slap Hudson op pad na Langa vir persoonlike gesprekke in die mansverblyf.

JAAP DURAND FESTSCHRIFT

In die loop van ons derdejaar oorreed Jaap my om hom vir verdere studie in Nederland te vergesel. Ons voorbereidings begin en Amsterdam en die Vrije Universiteit begin wink ...

1959-1961: Doktorale studie, Amsterdam

Op 28 Desember 1958 vertrek ons uit Kaapstad-hawe, aan boord die *Bloemfontein*. 'n Baie emosionele afskeid vir Jaap en Randu wat toe pas verloof geraak het! Sy sou later eers by Jaap kom aansluit.

'n Vyfstervakansie op die boot – lees, tafeltennis, brug en ander speletjies en kompetisies. Ons land in 'n witgesneeude Antwerpen. Per bus na Amsterdam waar Bethel Müller ons ontmoet. Ons bekom *pension* (losies) by Roemer Visscherstraat 36, twee hoog. Spoedig ontmoet ons van die ander Suid-Afrikaners wat, in verskeie vakrigtings, in Amsterdam of elders in Nederland studeer. Dit gebeur veral by die maandelikse Koffietafel in die gebou van die NZAV (Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging), rondom 'n boterham en koffie. Mettertyd leer ons, behalwe Hollandse, ook ander buitelandse studente ken – uit die VSA, Kanada, Korea, Switserland ... Groot name aan die VU het destyds studente van oraloor gelok.

Ons eerste klasse in Kuyper se stigting aan die Keizersgracht – beroemdes in lewende lywe! Oor en tong begin aan die Hollandse tongval gewoon raak. Spoedig volg afsprake met professore om bestekke vir ons eerste byvakke te kry, en sake neem 'n ernstige wending! Fietse word bekom by die rommelmark op Waterlooplein. Jaap is meer bedrewe om die tremspore in die middel van die straat te ontwyk, maar ek besorg hom 'n “binnenpretje” met my eerste val – voorwiel in 'n tremspoor! Hoofmaaltye by die studentemensa waar ons naas ander eksotiese disse andyvie en postelein leer ken – redelik effektiewe eetlusdempers, selfs vir 'n honger student! Gaan stort by die openbare badhuis; anders as in antieke Rome, wél private hokkies. Wasgoed eichandig, drup-en-droog.

Vroeg in 1959, op vriendelike uitnodiging van oom Dawid en tannie Anna de Villiers, bring ons saam met hulle 'n blitsbesoek aan Engeland en Skotland – rondom oom Dawid gebeur alles blitsig! Ervaringshorisonne vinnig aan 't verruim. Bibber in 'n tentjie op die walle van die Firth! Teen die middel van die jaar arriveer Randu, en sy en Jaap word deur oom Dawid in die huwelik bevestig. Prof en Mev Bavinck maak kennis met 'n Boerebruilof! Phil haal uit sy lêer 'n koerantfoto van die huwelikspaar: “Dit het julle vir my en Rensia nog na Stellenbosch gepos!”

Wat ek lankal geweet het, bereik in Holland 'n nuwe hoogtepunt: die verbluffende tempo waarteen Jaap werk, kennis absorbeer en insig ontwikkel! Hy handel die tentamens een na die ander af, byvakke én hoofvak, en skeduleer die doktorale eksamen teen die einde van 1959. Deurtastende vrae oor al die betrokke vakke deur die paneel professore. Dan gee Bavinck hom die opdrag vir die berugte “swartweek-

skripsie” – ’n akademiese eufemisme vir ’n Middeleeuse martelmetode. Dit moet afgehandel wees vir die tweede byeenkoms presies ’n week later, met ’n kopie wat op die laatste die vorige aand aan elke professor voorsien moet word. Die onderwerp: “Die sendingbegrip van Karl Barth”. Praat van studentesolidariteit! Almal skarrel biblioteke toe (ook dié van die Stedelijke Universiteit) vir relevante literatuur; sommige probeer help met leeswerk. Ek vermoed ons ander was meer in Jaap se pad as iets anders; ons werklike hulp was so ongeveer omgekeerd eweredig aan ons oorywerigheid, maar wellewende aristokraat wat hy is, laat Jaap daar niks van merk nie! Met sy kenmerkende planmatigheid en vlugheid van verstand word die opdrag betyds en keurig uitgevoer. Die finale bespreking vind plaas, en Jaap is voortaan doktorandus Durand! Soos in sy honneursjaar, doen hy tussendeur reeds leeswerk vir sy proefskrif. Sy onderwerp is reeds helder in sy kop, en relevante data word aangestip en sistematies georden.

In die somer van ’60 deurkruis Jaap, Randu en ek Wes-Europa in ’n Volla. Ons draai eers by Sorrento terug. Enkele flitse uit ’n reeks wonderlike indrukke: ’n foto van hulle twee voor die naambord van ’n rivier in die land van hulle albei (Randu was ’n nooi du Rand) se Hugenote-herkoms: *La Durance*; ’n staptog in die Alpe, mistig, koeiklokke in die verte; Schiller se *Wilhelm Tell* op ’n opelugverhoog; met die tandrattrentjie na die kruin van die Jungfrau; Michelangelo se Pietà, nee, álles van hom! En van Da Vinci! Klein teleurstellings: ’n Lek band verhinder ons om Capri te besoek; en voor die Fra Angelico-museum in Rome moet ons omdraai met die lire-deel van ons begrotings uitgeput. Behoue terug, en ’n warm bad aan huis van Bethel en Helen!

Tussendeur die akademiese program, ander, kort wegbreke: ’n weektoer van ons drie plus Emil Pretorius na Parys; hulle twee saam met Hennie en Hester Rossouw Engeland toe; ’n naweek na Friesland en Groningen, vergesel van Koos en Annemarie Stofberg. Diep in gesprek, as ek reg onthou oor die situasie in Suid-Afrika, herinner Jaap ons by ’n kruising dat ons darem op die verkeersligte moet let! Onmiddellik kom dit van Koos: “As hulle ons aanvat, sê ons net ons is van Suid-Afrika – ons het daar net wit en swart ligte!” Nog selde was ’n lag met ’n traan só waar! Dit was die jaar van Sharpeville!

Onder Amsterdam se vele uniekhede, ’n wandeling deur die sprokieswoud van ’n Vondelpark na ’n nagtelike sneeuval gevolg deur vriesweer – die takke met ’n dof-glimmende yslagie bedek; onvergeetlike uitvoerings in die Concertgebouw wat ek saam met hulle kon meemaak: Bach se Matteus-passie; Beethoven se vyfde en negende simfonieë; ook die film *Porgy and Bess* (met Sidney Poitier) was vir ons ’n aangrypende ervaring.

Jaap se navorsing vorder intussen flink. Finale afronding geskied, onderhandelinge met ’n uitgewer vind plaas en op 27 Januarie 1961 verdedig hy sy proefskrif *Una sancta catholica in sendingperspektief* onder promotorskap van Prof Jan van den

Berg (Prof Bavinck het toe reeds uitgetree). Jaap het Hennie Rossouw gevra om as *opponens* op te tree. Hennie se kritiese vraag en Jaap se beredeneerde antwoord verseker dat die plegtigheid op 'n hoë noot afskop. As "*Hora est!*" presies 'n uur later klink, kan die *promovendus* die podium as *Doctor Theologiae* verlaat.

Enkele dae na bereiking van hierdie besondere mylpaal in Jaap en Randu se lewe vertrek hulle per boot terug na Suid-Afrika.

1961-1964: NG Sending, Cala, Ciskei

Insake kerkeenheid en -verdeeldheid en die impak daarvan op die sendingsituasie, ook in Suid-Afrika, bevat *Una sancta* verskeie vernuwende, Skrifgefundeerde insigte en aksente. Terwyl dit by sommige vreugdevolle instemming vind, veroorsaak dit ook rimpelings van argwaan by invloedryke figure in die NG Kerk. 'n Sendeling moet vir Port Elizabeth beroep word. As dinamiese persoon met 'n sterk aangetrokkenheid tot stedelike sending is Jaap 'n logiese kandidaat. Besware uit die geleedere van die Sendingraad van Port Elizabeth, ongeartikuleerd, verhinder egter dat dit realiseer. Skynbaar speel die verweefdheid van politieke beleid en kerklike praktyk 'n meer bepalende rol as die *sola Scriptura* wat ook deur die beswaarmakers bely word. Jaap is deur dié wending redelik stom geslaan. Met kerkpolitiekery-agter-die-skerms was hy immers nog nie vertrouwd nie. Later sou hy besef, in die oë van sommige was hy toe reeds "iemand om dop te hou"! Dit verg 'n heroriëntering toe die beroep na Cala volg, en Jaap en Randu begin hulle instel op sending in die Ciskei.

Dit was in hierdie tyd, so vertel Phil, dat Jaap en Randu van Villiers af deurgery het na Vanderbijlpark "waar Phil ook was". Ek en Rensia was in die NG-gemeente Vanderbijlpark-Oos. Ons het net ingetrek in die pasgeboude pastorie in Evereststraat 50. Behalwe vir die koerantfoto van 1959 sien ons Randu vir die eerste keer. Ons het die dag lekker gekuier en wyd gesels oor sy proefskrif en die land se verwikkelde kerklike en politieke sake – Sharpeville en Cottesloe was nog vlak in die geheue. Ek was saam met hom verwonderd oor die beroep na die Baai wat so raaiselagtig nek omgedraai is.

Jaap Furstenberg hervat: Cala in die Ciskei: 'n Sendingstasie met 'n uitgebreide personeel: Die voorsitter van die Ciskei Sendingraad, Hannes Venter en sy gesin woon op die stasie; 'n sendingboer en -bouer en hul eggenotes; verpleegsters, geestelike werksters en die matrone van die damestehuis. Vir Jaap as stasiehoof beteken dit 'n veeltal verantwoordelikhede: Benewens die gereelde eredienste en bidure, elke oggend vroeg Bybelstudie met die personeel, besoeke aan evangeliste by die buiteposte in die uitgestrekte gebied, toesig oor die bouprogramme, betrokkenheid by die skool, plaasskole en die teringhospitaal, reëlings vir die jaarlikse vergadering van die Sendingraad met sy kommissies en verslae, bespreking en aanbevelings – kompleet 'n mini-sinode ...

Begin '62 het ek die voorreg gehad om vir 'n leerryke praktiese ervaring 'n maand lank op Cala deur te bring waar ek die werkprogram en normale gang van sake op 'n sendingstasie eerstehands kon meemaak, onder andere 'n veldtog in 'n "rou" gebied: Persoonlike besoeke aan huise bedags en saamtrekke saans in die groot markceent waar die saad van die blye boodskap gesaai word, begelei deur baie sang, soos bekend die Xhosa se *forte*. Gedurende dié maand tref dit my hoe skynbaar moeiteloos Jaap 'n greep het op soveel uiteenlopende werksaamhede. Piet Jonas, self 'n deurwinterde sendeling, maak op 'n keer die raak opmerking: "Jaap Durand maak 'n mens jaloers met die manier waarop hy werk".

Akademie lees-, dink- en skryfwerk bly intussen nie agterweë nie. Behalwe artikels in bundels en tydskrifte (vir die jare 1961-64, sien bibliografie) werk hy aan *Christelike sending – allesomvattende roeping* wat in 1964 verskyn. Verrassend en verruimend, deurdat hy hierin op oorspronklike wyse die gereformeerde aksent: die eer van God op alle lewensterreine met die sendingwetenskaplike konsep van die *comprehensive approach* integreer! Tipies Jaap – immer vernuwend besig.

Sy bediening op Cala word einde 1964 afgesluit met sy beroep na Kwazakhele, Port Elizabeth – eindelik wel! Hier sou Jaap op 'n nuwe wyse waarlik in sy element kom. Daarmee word dit tyd om aan Phil die woord te gee.

1965-1973: Kwazakhele, NG Kerk in Afrika

Toe ons as gesin aan die begin van 1965 in Port Elizabeth aankom, was Jaap en Randu tot ons verrassing reeds 'n paar maande daar. Dit was die eerste keer dat ons mekaar sedert 1961 weer sien. Wat die verrassing nog groter gemaak het, was die ontdekking dat hulle binne ons gemeentegrense woon. Aangesien ons onderskeie werkterreine ons redelik besig gehou het, het ons mekaar nie te dikwels gesien nie. Jaap het meer gereeld met Piet Jonas van Alexandria geskakel vanweë gedeelde belange in die gemeentes en ring. Ons het mekaar meer begin sien soos wat ons kinders groter geword en oor-en-weer begin kuier het. Verder het ek Jaap se bydraes by die Sending- en Evangelisasierade van Port Elizabeth insiggewend en stimulerend gevind. Dit was in dié tyd dat een van my gemeente-ouderlinge Jaap met 'n diep vraag vasgepen het. Hy wou van Jaap weet waarom hy nie ook verder gaan leer het en 'n dominee in die NG Kerk geword het nie. Jaap, op daardie stadium die enigste leraar in Port Elizabeth met 'n doktorsgraad in teologie, was half onduidelik oor die antwoord wat hy die broer gegee het! Ek kon Jaap daarna wanneer probleme opduik daaraan herinner dat hy nie ver genoeg gaan leer het nie!

In 1968 word ek na die NG Kerk in Afrika, Newbrihton beroep. Nou is Jaap en ek leraars in buurgemeentes. Ek léér Xhosa, Jaap práát Xhosa. Hy is voorsitter van die ring van Alexandria, ek word skriba. Ons sien mekaar nou meer dikwels – ook

as gesinne. Jaap nooi ons saam om sy vorige werkplek Cala te gaan besoek. Dit was duidelik dat hy in die sowat vier jaar daar heelwat vermag het.

Weinig ander Suid-Afrikaanse teoloë oor die afgelope dekades is deur so ’n radikale historiese bewussyn gekenmerk as Durand. Meer as die meeste van sy tydgenote – ook in akademiese én openbare kringe ver buite die grense van die teologie self – het hy die diepgrypende implikasies van die historiese bewussyn van die moderne tydsges begryp en deur dink. Meer as die meeste ander – selfs van sy geesgenote in baie ander opsigte – het hy die dieper agtergronde van kontemporêre filosofiese en teologiese ontwikkelinge verstaan en eerlik met die radikale gevolge daarvan geworstel. Meer as die meeste – selfs van sy nabye vriende en jarelange kollegas in die kerk en die akademie – het hy telkens weer vanuit ’n radikale historiese besef gepraat, geskryf en gehandel, en op konkrete sosiale en politieke uitdagings gereageer op wyses wat tereg as kontekstueel en profeties beleef en beskryf sou word.¹

Hy het van vroeg af – in bewuste reaksie téénor die denkraamwerk en intellektuele tradisie waarin hy opgevoed is² – gesoek na ’n alternatiewe wyse van dink wat reg sou

-
- 1 Sowel Willie Jonker as Hennie Rossouw, twee van sy geesgenote wat hom waarskynlik die beste verstaan het, verwys na sy historiese bewussyn, as hulle inleidings tot sy werk skryf. In WD Jonker se baie nuttige inleiding, “n Nuwe weg?”, tot Durand se versamelde opstelle *Teks binne konteks* (Bellville: UWK, 1986), pp. 7-12, beskryf hy Durand as ’n “bybels-historiese” denker en baie tipies Gereformeerd. Ook sy baie verhelderende metafoor van ’n “weg” – wat hy telkens terugvind in Durand se denke – dui tereg al op die historiese karakter van Durand se denke en werk. In HW Rossouw se eweneens verhelderende voorwoord tot Durand se latere werk, *Doodloopstrate van die geloof* (Stellenbosch: African SunMedia, 2005), pp. 1-4, beskryf hy akkuraat hoe Durand enersyds “die oudste ekumeniese tradisies van die Christelike kerk onderskryf” maar andersyds tog nie “halstarrig vashou aan duidelik agterhaalde voorstellinge” nie, en merk dan op dat Durand iemand is met “n ope oog vir die relativerende krag van die geskiedenis”, p. 1.
 - 2 Ons is bevoorreg om die voordeel te hê van verskillende bydraes waarin hy self terugkyk op sy lewe en werk en dit self probeer dui. Sien JFF Durand, “Discovering the implications of reconciliation”, *Journal of Theology for Southern Africa* (December 1982), in Afrikaans herdruk as “Teks binne konteks” in *Teks binne konteks: Versamelde opstelle oor kerk en politiek*, in die reeks *Teks en konteks* (Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland, 1987), pp. 191-197; JFF Durand, “How my mind has

laat geskied aan die historiese bewussyn wat toe reeds duidelik by hom aanwesig was, al was dit nog meer intuïtief en ongeartikuleerd as begrond en verwoord.³ In talle van sy vroeëre bydraes en optredes blyk dit dat hy eintlik alreeds konsekwent werk met 'n groeiende historiese bewussyn en alle uitdagings en vraagstukke in dié gees benader, ook al verwoord hy dit nog nie uitdruklik en selfbewus in sovele woorde nie.⁴

Uiteindelik sou hy in sy tweede doktorsale proefskrif, dié keer in dogmatiek, in 1973 aan die Stellenbosse Fakulteit – ná sy eerste proefskrif, in sendingwetenskap, reeds meer as 'n dekade vantevore aan die Vrije Universiteit in Amsterdam⁵ – dié denkraamwerk

changed: From eternal truths to contextualized metaphors”, ongepubliseerde voordrag voor die Theological Society of Southern Africa, in verkorte weergawe gepubliseer as “When theology became metaphor”, *Journal of Theology for Southern Africa* (November 2001, Vol 111), pp. 12-16, effens gewysig ook in Afrikaans herdruk as JFF Durand, “Hoe my gedagte-wêreld verander het: Van ewige waarhede tot gekontekstualiseerde metafore”, *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* (43/1&2, 2002), pp. 64-70; selfs ook JFF Durand, “Modernism, mysticism and the challenge of theological language”, ongepubliseerde voordrag tydens 'n openbare lesingsreeks aan die Universiteit van Wes-Kaapland. In hierdie outobiografiese oorsigte maak hy baie duidelik hoe hy oor die jare heen bewus op soek was na 'n bevredigende teologiese denkraamwerk.

- 3 Dis moeilik om vas te stel wanneer en waarom dié verset teen sy agtergrond en dié intellektuele soeke presies begin het. 'n Interessante moontlikheid vir bespiegeling sou kon wees of die invloed van professor BB (Bennie) Keet nie tog ook in hierdie opsig selfs meer beslissend was as wat Durand self te kenne gee nie? Keet het naamlik reeds in 1913 aan die Vrije Universiteit gepromoveer onder Herman Bavinck, en wel oor *De theologie van Ernst Troeltsch* (Amsterdam: Swets & Zeitlinger, 1913)! Dit was uiteraard pas na Troeltsch se beroemde lesings oor die betekenis van die Reformasie in die ontstaan van die moderne wêreld, net na sy invloedryke studie oor die sosiale leringe van kerke en in die tyd dat hy al hoe meer die historiese metode sou beoefen en sy historisiese sieninge sou ontwikkel. 'n Mens sou dus kon verwag dat Keet iets van hierdie historiese besef met hom sou saambring en aan die studente oorgedra het, maar alhoewel Durand dikwels vermeld dat Keet die grootste invloed van al die Stellenbosse dosente op hom gehad het, is dit meesal in die konteks van Keet se eie politieke oortuigings, en nie met verwysing na enige historiese besef nie. Keet se klaslesings was skynbaar gebaseer op Bavinck, en nie op Troeltsch nie. Durand verwys eerder na Berkouwer as die vroeë teologiese invloed op sy denke, wat uiteraard ook tot sy historiese besef bygedra het. Sien byvoorbeeld ook sy terugskoue in JFF Durand, “Afrikanerpiëtisme en andersdenkendheid” in *Teks binne konteks*, pp. 172-176.
- 4 Reeds Durand se eie magisterverhandeling was 'n historiese studie oor Calvin, te wete JFF Durand, *Die wysgerige grondslae van die ius resistendi by Calvin* (Bloemfontein: Universiteit, 1956), maar reeds die titel toon dat dit nog gefokus was op “wysgerige grondslae.” Sy benadering om probleme in historiese perspektief te plaas was egter van die begin af aanwesig, soos byvoorbeeld blyk uit sy doktorsale proefskrif *Una sancta catholica in sendingperspektief* (Amsterdam: Ten Have, 1961), asook uit sy vroeë *Christelike sending – Allesomvattende roeping* (Bloemfontein: Sacum, 1964). In sy eerste groot boek, die opspraakwekkende en in baie opsigte indrukwekkende studie *Swartman, stad en toekomst* (Kaapstad: Tafelberg, 1970) word sy uitsonderlike sosiaal-historiese aanvoeling en insig glashelder gedemonstreer, alhoewel die teoretiese raamwerk daaragter eers later geartikuleer sou word.
- 5 JFF Durand, *Una sancta catholica in sendingperspektief* (Amsterdam: Ten Have, 1961), onder begeleiding van JH Bavinck. Verreweg die grootste deel van die argument berus op gedetailleerde historiese inligting en analise.

ontwikkel in ’n diepsinnige interpretasie van die mees invloedryke denker van die Middeleeue, Thomas Aquinas.⁶

Daarna sou hy die implikasies van dié denkraamwerk uitwerk in talle geskrifte en op talle fronte. Op mees diepsinnige wyse sou dit sigbaar word in sy nadenke oor die Godsleer sêlf, in talle geskrifte deur die jare. Op telkens verrassende en ontblotend eerlike en (self)-kritiese wyse sou dit egter ook male sonder tal blyk uit sy reaksies op die mees praktiese en uitdagende vraagstukke van die dag.

Maar wat beteken “historiese bewussyn” en hoe funksioneer dit in Durand se denke? Miskien word dit ten beste duidelik uit dié tweede doktrale studie, *Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke: Strukturele verbindingslyne tussen Thomas Aquinas en die teologie sedert die Aufklärung*.

Die huidige teologiese toneel – so begin die inleiding – word oorheers deur ’n dubbele vraagstelling, die hermeneutiese en die heilshistoriese, en dié twee hang ten nouste met mekaar saam. Daar bestaan ’n groeiende konsensus dat Gods openbaring nie bestaan in “die onthulling van ’n aantal tydlose waarhede” nie, maar dat die openbaring “in die geskiedenis ingegaan” het. Omdat ook die Skrif “nie tydlose, en dus geskiedenislose waarhede” bied nie, maar ’n berig aangaande historiese gebeurtenisse, is die vrae rondom die uitleg van die Skrif so dringend vir wie ook al oortuig is dat “die historiese verlede tyd van God se openbaring van betekenis is vir die hede” en “op een of ander wyse verband hou met die historiese praesens.”⁷

In hierdie woorde – sou ’n mens dalk met reg kon sê – sit Durand se hele teologiese program saamgebundel. Hy reageer ten diepste téénoor opvattinge dat dit in die openbaring, in die Skrif en in die Christelike geloof gaan om “’n aantal tydlose waarhede”. Só verstaan hy die tradisie waarin hy self grootgemaak is en dáárvan wil hy weg beweeg na ’n meer toereikende denkraamwerk. Hy is saam met die breër tradisie van die eeue én met die groeiende teologiese konsensus van die hede oortuig daarvan dat die historiese verlede van God se openbaring van deurslaggewende belang is vir ons lewe in die historiese hede – maar hóé?

Dít is die uitdagende intellektuele en teologiese vraag. Hóé hou die historiese verlede van Gods openbaring “op een of ander wyse” verband met die historiese hede waarin ons leef? En as ons die historiese verlede van Gods openbaring slegs ken in die vorm van ’n “historiese dokument”, as “berig aangaande historiese gebeurtenisse”, hoe “verstaan en vertolk” ons dan dié dokument, dié berig, dié openbaring “wat in

6 J.J.F. Durand, “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke: Strukturele verbindingslyne tussen Thomas Aquinas en die teologie sedert die *Aufklärung*” (Stellenbosch: Universiteit, 1973, ongepubliseerde doktrale proefskrif), onder die studieleiding van F.J.M. Potgieter.

7 Durand, “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke”, p. 1.

die geskiedenis ingegaan het” verantwoordelik in ons eie konkrete en wisselende hedes?

Dis duidelik dat *hermeneutiese*, *teologiese* en *historiese* vrae hier inéénvloei, sodat die een nie sonder die ander beantwoord kan word nie. In die verdere ontwikkeling van sy probleemstelling word dit nog duideliker uitgespel. Die adressaat van die Woord van God – skryf Durand – is “nie die mens in die algemeen nie, maar die mens as ’n historiese wese wat lewe binne ’n konkrete historiese situasie.”⁸ Daarmee is vir hom – alhoewel hier nog net implisiet – alle moontlikhede afgesny tot tydlose waarhede, afgeronde sisteme, kontekslose uitsprake, universele beginsels, finale formulerings, absolute aansprake. Herhaaldelik sou hy oor dekades heen op hierdie fronte sy teologie beoefen en sy historiese bewussyn demonstreer.

“Die Christelike boodskap” – vervolg hy – “is dus histories in ’n dubbele sin, vanuit sy oorsprong en vanuit sy adressaat.”⁹ Dalk kan dié drie terme – *boodskap*, *oorsprong* en *adressaat* – dien om agtereenvolgens die *diepe bedoelinge*, die *innerlike logika* en die *praktiese implikasies* van sy werk effe uiteen te haal en in herinnering te roep.

Boodskap het dan te make met *hermeneutiese* vrae en met sy diepe *bedoelinge* om die Reformatoriese denke te dien en te bevry van ’n vreemde suigkrag wat vanaf Nederland ook in Suid-Afrikaanse kringe die Gereformeerde teologie en lewe begin oorheers het. *Oorsprong* het te make met *teologiese* vrae en met die innerlike teologiese *logika* agter sy werk, geleë in sy verstaan van die Christelike God as die Lewende, Drieëنية God van die geskiedenis. *Adressaat* het te make met *historiese* vrae en met die praktiese *implikasies* van sy werk, wat hy telkens in wisselende historiese kontekste opnuut sou verwoord en uitleef. Tesame maak dié drie fasette duidelik wat Durand met historiese bewussyn bedoel en hoe konsekwent hy dit self beoefen.

Boodskap? – “Die lewende Woord”

In “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke” – sou ’n mens samevattend en interpreterend kon sê – lê hy die grondslae om die vraag te kan beantwoord of die hedendaagse, moderne, kontemporêre, eietydse, huidige – of hoe ’n mens dit ook al wil beskryf – teologie wel oortuigende antwoorde bied op hierdie ineengeweepte hermeneutiese, teologiese en historiese vrae. Hy gebruik ’n verskeidenheid van voorbeelde van invloedryke en aktuele teologiese strominge en stemme op dié tydstip in die geskiedenis, te wete die 60er en 70er jare van die vorige eeu, waaronder byvoorbeeld die eksistensialisme, die personalisme en die nuwe hermeneutiek, maar hy is nie daarin geïnteresseerd om hulle afsonderlik te beoordeel nie, maar eerder om hulle as ’n soort gemeenskaplike beweging te begryp en te beskryf, in hulle gedeelde wortels en

8 Durand, “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke”, pp. 1-2.

9 Durand, “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke”, p. 2.

oortuigings.¹⁰ Trouens, sy vraag is nog meer fundamenteel, naamlik óf hulle werklik daarin slaag om te breek met dit waarteen hulle hulself (na sy oordeel tereg) verset, naamlik ’n sogenaamde *theologia perennis*, ’n ewige, tydlose teologie?

(H)et die moderne teologie met sy klem op die historisiteit van die Christelike geloof en op die verstaanssubjek van hierdie geloof, met sy afkeer van die metafisika en tydlose waarhede, met sy reaksie teen die openbaringsobjektivisme van ’n objektiverende teologiese denke, werklik struktureel gebreek met ’n *theologia perennis*?¹¹

Sy eie oordeel is dat die moderne teologie in talle dominante gestaltes en strome juis nié daarin slaag nie, en wel omdat hulle steeds vasgevang bly in dieselfde “basiese struktuur” as dié waarvan hulle probeer wegbreek. Ten einde dié kritiese punt te kan maak, is die hoofdeel van sy proefskrif ’n kreatiewe en insiggewende analise van Thomas Aquinas se denke, wat hy as “skoolvoorbeeld” van so ’n “tydlose teologie” beskryf. Teen die agtergrond van hierdie analise word duidelik dat die moderne teologie nie met hierdie denkstruktuur gebreek het, soos wat hulle wil nie, maar steeds slegs voortbeweeg in die verlengde daarvan.

Ons (moet) ’n opvallende parallel konstateer by sowel Thomas se objektiverende denke as by die subjektiverende denke van die nuwe teologie ten opsigte van die heilshistoriese karakter van die openbaring. By beide vind daar ’n bepaalde *onthistorisering* plaas, in die geval van laasgenoemde, sy beste bedoelings om die historisiteit van die openbaring te honoreer ten spyt ... Thomas (het) ’n bepaalde teologiese struktuur opgedring aan die Weste waaraan hy hom nie kan ontworstel nie. Selfs die skerpste reaksie teen Thomas en die tipe teologie waarvan hy in ’n sekere sin die verpersoonliking is, vind plaas *binne* die raamwerk wat deur hom neergelê is.¹²

Sy eie bedoelinge met die proefskrif is om ’n denkraamwerk te ontwikkel waarin wél met enige *theologia perennis* gebreek kan word, waarin die historisiteit van die openbaring wél gehonoreer word, waarin daar nié ten prooi geval word van die onthistorisering van die boodskap soos in die denkstruktuur van sowel Thomas as die hoofstroom moderne teologieë nie.

Die heilsgeskiedenis moet ernstig geneem word – in navolging van die bedoelinge van die Hervorming vóór die terugkeer van die skolastiek binne die Protestantisme – op maniere wat nié die heilsgeskiedenis herlei tot tydlose waarhede, beginsels en dogmas nie, nié tematiseer in metafisies-ontologiese terme nie, nié oorsit in intellektualisiese openbaringspositivisme nie, wat in reaksie daarteen egter ook nié die heilsgeskiedenis

10 Hulle lê – byvoorbeeld – almal veel klem op die historisiteit van kennis, geloof en verstaan; hulle fokus daarom almal op die verstaansmoontlikhede van die subjek; hulle is geïnteresseerd in vrae van waarheid en veral waarheidstoeëiening; hulle deel ’n grondige afkeer van enige openbaringsobjektivisme (insluitende dogmatisme); hulle deel ’n duidelike anti-metafisiese tendens; kortom, hulle worstel almal met die sogenaamde subjek-objek verhouding.

11 Durand, “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke”, p. 6.

12 Durand, “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke”, pp. 8-9.

redukeer tot die verstaansvoorwaardes van die subjek nie, nié ophef tot suiwer mistiek nie, nié tot a-historiese innerlikheid herlei nie.

Kort ná “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke” spel hy sommige van die implikasies van hierdie insigte en van hierdie denkraamwerk uit vir die Reformatoriese teologie en spesifiek vir die Gereformeerde denke in Suid-Afrika. Hy publiseer naamlik in die *NGTT*’n diepsinnige bespreking van die aard van die Skrifgesag en van maniere van Skrifberoep en Skrifgebruik in Gereformeerde kringe in Suid-Afrika, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en die subjek-objek-polariteit.”¹³

Hy ontleed die invloed van Nederlandse gedagterigtings en spesifiek van Kuyper in Suid-Afrika en sny tot op die been van destydse debatte. Alhoewel hy in die proefskrif self geen woord gerep het van hierdie verreikende kerklike en teologiese implikasies vir die plaaslike konteks nie, word die plofkrag van sy argument in die proefskrif hiermee opeens glashelder. Waarskynlik het die artikel – soos trouens ook die ongepubliseerde proefskrif – nie so wyd aandag getrek soos wat dit verdien het nie, maar vir enkele van ons wat destyds self nog teologiese studente was, was dit bevrydende leesstof. Hy het skielik die teoretiese apparaat en rasonale argumente verskaf wat ons nodig gehad het in ons eie worstelinge met maniere van die Bybel gebruik en van teologie beoefen in dominante kringe binne die wit Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke.

Hy sluit aan by ’n opmerking van WD Jonker in sy huldiging vir GC Berkouwer, waarin Jonker sê dat Berkouwer se bekende korrelasie-beginsel “die enigste manier (is) waarop dit moontlik is om die reformatoriese skrifprinsipe in die teologie tot sy reg te laat kom, sonder om aan die een kant (soos die skolastiek) in ’n objektiverende en intellektualistiese, of aan die ander kant (soos die teologie sedert Schleiermacher dikwels gedoen het) in ’n subjektivistiese denke te verval.”¹⁴

Waarom dié uitspraak Durand sou boei, is glashelder. Jonker beweer immers dat Berkouwer se metode van korrelasie die enigste manier is waarop deurgestuur kan word tussen presies dieselfde twee versoekinge waartussen hyself ook wil deurstuur, te wete objektivistiese en intellektualistiese skolastiek (in sy geval, Thomas Aquinas) en subjektivistiese modernisme (in sy geval, talle kontemporêre ontwikkelinge). Volgens Jonker (en Berkouwer) is dit trouens die enigste manier waarop reg kan geskied aan die sleutelrol van die Skrif in die Reformasie, wat presies is wat Durand ook wil bereik.

13 JF Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, oorspronklik gepubliseer in die *NGTT* van September 1974 maar herdruk in *Teks binne konteks*, pp. 58-68. Ter wille van maklike naslaan verwys ek vervolgens na alle opstelle wat in hierdie versamelbundel herdruk is volgens hulle bladsye in hierdie herdruk en nie in die oorspronklike bronne nie.

14 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 58. Sy verwysing is na WD Jonker se opstel “Dogmatiek en Heilige Skrif” in J Bakker en ander (reds): *Septuagesimo Anno* (Kampen: Kok, 1973), pp. 86-111, wat net die vorige jaar verskyn het.

Volgens Durand is dit “die gewigtigste uitspraak van (Jonker se) hele leersame artikel” omdat Jonker hiermee aandag vra vir “die probleem van die reformatoriese teologie as sodanig.”¹⁵ Kortom, dís die vraag van die Reformasie, en daarom, wat bedoel Jonker (en Berkouwer) dus met hierdie metode van korrelasie?

In sy eie beantwoording van dié vraag gaan hy uitdruklik verder as Berkouwer en probeer hy sowel die probleem as die Reformatoriese weg nóg duideliker uit spel. Dis een en dieselfde “denkpatroon” wat telkens weer – in talle wisselende historiese gestaltes, Thomas, Skolastiek, Protestantse skolastiek, moderne teologieë sedert Descartes, moderne Protestantisme sedert Schleiermacher – die teologie op die valse spoor lei, ten spyte van alle pogings om die Skrifgesag wel getrou te bely.

Maar wat gebeur nou? Die handhawing van die Skrifgesag ten spyt, vind daar ’n *onthistorisering* (sy eie klem) van die Skrifboodskap plaas en kan die vraag gestel word of die inhoudelike gesag van die Skrif nie in gedrang kom nie.¹⁶

By Thomas is die rede vir hierdie onthistorisering duidelik – dit het die proefskrif immers reeds in indringende besonderhede aangetoon.

Waarom doen Thomas dit? Myns insiens hoef ons nie verder te soek nie as die feit dat daar vir die geskiedenis geen plek ingeruim kan word binne die aristoteliese wetenskapsbeskouing nie. Die aristoteliese wetenskap is gerig op die universalialia, m.a.w. dit wat konstant, noodsaaklik en ewig is. Die geskiedenis daarenteen het te doen met die nie-konstante en veranderlike. Daarom is dit vir die rede nie toeganklik nie. Die geskiedenis moet gevolglik “syn”, “dingfest” gemaak word om vir die rede toeganklik te kan wees. Die konkrete gestalte van die Bybelse heilsgeskiedenis word gesien as die *modus* waardeur die ewige *ordo ad deum* as genade-orde binne die horison van die tydelike en immanente verskyn.¹⁷

Hier kom die subjek se sleutelrol ter sprake. Die subjek as redewese herken die ewige orde wat agter die kontingente geskiedenis skuil. Tussen subjek en objek bestaan daar een of ander korrelasie – in hierdie geval Thomas se siening van rasionaliteit – wat herkenning en kennis moontlik maak, ondanks alle kontingensie en historisiteit. Die kennende subjek ontdek die ewige waarhede in en agter die geskiedenis, en transponeer wat verganklik lyk na wat ewig is. Dis dié denkpatroon wat hom telkens weer herhaal, oordeel Durand.

Met hierdie denkstrukturele uitgangspunt van Thomas het die teologie van later tye, veralgemenend gestel, nie gebreek nie ... In die subjek-objek-polariteit kry die subjek ’n kreatiewe oorwig en gepaardgaande met hierdie subjektivisme vind daar ’n onthistorisering van die Skrifopenbaring plaas.¹⁸

Hierdie denkpatroon word byvoorbeeld klassiek verwoord by Lessing. Hoe kan die gapende kloof, die “garstige breite Grabe” tussen die historisiteit van die openbaring

15 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”.

16 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 60.

17 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 61.

18 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 61.

van God destyds en ons eie hede tog ooit oorbrug word, sodat ons enige sekerheid kan hê oor wat destyds gebeur het, so ver en vreemd en onbekend? Nooit nie, op geen manier nie, dis nie moontlik nie, antwoord hy self. Toevallige historiese waarhede, aldus Lessing, kan nooit die absolute grond van sekerheid wees nie. Sekerheid kan slegs gebied word deur rasionele waarhede, wat (reeds) immanent aan ons eie bewussyn is. Sekerheid word dus eers moontlik as waarheidsaansprake van buite analoog is aan wat ons eie bewussynstruktuur (reeds) as waarheid in homself berg. Sodra ons insien dat die historiese waarheid beantwoord aan die rede-waarheid van ons eie bewussyn kan dit daarom losgemaak word van die geskiedenis wat dit aan ons betuig het, waarna ons die geskiedenis ook nie langer meer benodig nie. So is die Christelike geloof volgens Lessing nie waar omdat die apostels dit verkondig nie, maar hulle verkondig dit omdat dit waar is, en ons glo dit nie omdat ons hulle apostoliese gesag nie aanvaar nie, maar omdat ons hulle verkondiging herken as inderdaad tydloos en rationeel waar in ons eie insig en rede. Soos kinders het sommige mense tydelik allerlei historiese en kontingente hulpmiddels nodig om hulle die tydlose waarheid te help sien, maar as hulle eers mondig word, is die historiese gestalte van die lering verder onnodig, oorbodig, en bly slegs die “ewige, reine Evangelium der Vernunft” oor. In Lessing se beroemde formulering kán die gapende kloof dus nie oorbrug word nie, maar dit hoef ons geensins te pla nie, want die ewige redelike waarhede in ons is genoegsaam vir sekerheid, ons benodig nie die toevallighede van die geskiedenis nie.

“Hierdie struktuurmodel van Lessing” – sê Durand – “keer telkens terug in die teologie sedert die Aufklärung.” Telkens word teruggevra na die subjek se transendentale moontlikheid om die openbaring noëties te ontsluit. Dit maak nie saak hoe die subjek gedefinieer word nie. Telkens word die openbaring ondervra vanuit die subjek – en “*telkens kom hierdeur die heilshistoriese karakter van die openbaring in die gedrang.*”¹⁹

Die probleem van hierdie tipe denke – vervolg Durand – “is nie in die eerste plek die vraag na wat kon of nie kon gebeur het nie, maar die vraag of dit wat wel gebeur het in die verlede enige betekenis kan hê vir die hede”. Dit is die hart van die uitdaging waarvoor ’n werklik historiese bewussyn te staan kom. “Die vraag klem” – sê hy – “omdat wat gebeur het, ’n eenmalige en onherhaalbare karakter dra.” Al die oënskynlik uiteenlopende teologieë (van Thomas tot Schleiermacher) wat hierdie probleem probeer ontkom met behulp van die een of ander subjek-objek-polariteit gee uiteindelik aan die subjekpool (hoe uiteenlopend dié ook al gesien mag word, vanaf rede tot afhanklikheid tot ervaring tot behoeftes tot sedelikheid tot eksistensiale) die prioriteit, met die onvermydelike gevolg dat die historiese slegs op die een of ander

19 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 62.

wyse dit wat ons reeds is of weet of het of ervaar of ken, illustreer of bevestig. Kortom, dit lei “telkens tot ’n onthistorisering van die openbaring.”²⁰

Maar is daar inderdaad ’n ander weg? Hierin lê die erns van die historiese vraag. “(W)at beteken dit konkreet om in die teologiese besinning erns te maak met die heilshistoriese karakter van die openbaring?”²¹

Hy is oortuig dat ’n ander weg nie so eenvoudig is nie en illustreer dit aan die hand van twee groot pogings om inderdaad reg te laat geskied, enersyds aan die heilsgeskiedenis, in die geval van die omvangryke Katolieke dogmatiek uit die skool van Karl Rahner, *Mysterium Salutis*, en andersyds aan die Skrif as enigste kennisbeginsel (*principium cognoscendi*) van die teologie, in die geval van Abraham Kuyper, in sy *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid*.²²

Gegee sy eie intellektuele agtergrond en historiese konteks is hierdie kritiek op Kuyper die werklike dinamiet in Durand se eie denkontwikkeling en in sy historiese bewussyn. “Vind ons nie hier by Kuyper ’n nawerking van die aristotetiese renaissance van die ortodoksie, wat met sy visie op die aard van die teologie wegbeweeg het van die diepste intensie van die reformatoriese scriptura nie?”²³

Daarmee is hy terug by die eintlike motivering agter sy eie soeke. Wat is die “diepste intensie van die reformatoriese scriptura”? Waar en hoe het dit skeef geloop in die teologiese ontwikkeling binne die Gereformeerde tradisie tot waar hy self opgevoed sou word in ewige waarhede – en kan dit herstel word? “Wat het die Reformasie bedoel met sy belydenis van die Skrifgesag en watter verskuiwing het daar gekom in die ortodoksie?”²⁴

Die Reformasie – antwoord hy self – het geen behoefte gehad om enige soort kontinuum vanuit die subjek te poneer ten einde die Lessing-kloof tussen die tyd van die openbaring en ons konkrete hede te oorbrug nie. Volgens hulle vind die oorbrugging plaas in die Woord van God wat as Skrifwoord tot die hoorders kom, in die hede. Vir hulle is die Skrif “die onfeilbare en gesagvolle spreke van God in die hede in sy gerigtheid op en appél vanuit God se konkrete heilshandeling in Christus.”²⁵

Feitlik elke woord in hierdie formulering is vir Durand van groot belang, anders word die Reformasie se bedoelinge, én sy eie, dalk misverstaan. Dit gaan om God wat spreek, dit gebeur in die hede, en dit hang saam met die gerigtheid van die Skrif op *Christus*, wat beteken die konkrete heilshistoriese *handelinge* van God in Christus.

20 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 62.

21 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 62.

22 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, pp. 62-63.

23 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, pp. 63-64.

24 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 64.

25 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 64.

Hy spel hierdie bedoelinge verder uit. Die gesag van die Skrif staan gevolglik nie los van sy inhoud nie, sy gesag is juis met sy inhoud gegee.²⁶ Daarom is die *sola Scriptura* nie ’n afsonderlike beginsel, los van die *sola gratia* en die *solus Christus* nie. Binne só ’n Skrifbeskouing is daar geen ruimte vir ’n selfstandige subjek wat betragkend, objektiverend teenoor die Skrifopenbaring staan nie, maar “(h)ier is slegs ruimte vir ’n luisterende subjek wat in die geloof buig en in beslag geneem word deur die Woordopenbaring”. Daar is geen korrelasie moontlik “waarin die subjek objektiverend ’n denkgreep op die Skrif kry nie, maar (slegs) ’n korrelasie wat deur die openbaring opgeroep word en waardeur die openbaring sy greep op die gelowige subjek kry”, “gegee in hierdie werking van die Openbaringswoord, as ’n werking van die Gees deur die Woord”.²⁷ Hierdie greep en hierdie werking hang altyd saam met die skopus van die Skrif, “met die gerigtheid op en appél vanuit God se konkrete heilshandeling in Christus”.

Vir Durand self is die weg daarom duidelik. Die boodskap van die Skrif kom deur die werking van die Gees as lewende Woord wat in die geloof gehóór word.

(S)legs vanuit die belydenis van die inhoudelike gesag van die Skrif (kan) die heilshistorisiteit van God se openbaring ten volle gehandhaaf word. Hier is nie ruimte vir ’n subjek wat, vanuit ’n bepaalde verstaan van hulself, die brug moet slaan na die tyd van die openbaring nie. In die gesagvolle duiding van die heilsgeskiedenis deur die Heilige Gees in die Skrifwoord, oorbrug hierdie Woord die eeue en kom die perfectum van God se heilshandeling op ons af, op so ’n wyse dat dit ’n praesens word, sonder dat dit daardeur sy perfectum-karakter verloor. Deur die werking van Gods Gees in die hoor van die evangelie word die openbaringsgeskiedenis geaktualiseer op so ’n wyse dat dit selfweer geskiedenis maak. Die Openbaringswoord roep die geloof op en maak só geskiedenis, die geskiedenis van God se omgang met die mens.²⁸

Dit is presies in hierdie sleuteloortuiging van die Reformasie aangaande die boodskap dat verskuiwings tydens die Protestantse Ortodoksie sou plaasvind – wat die teologie as kennis van God self sou ondermyn en boonop byvoorbeeld in Suid-Afrika (maar uiteraard ook elders) tot rampspoedige konsekwensies vir die kerklike en openbare lewe sou lei.²⁹

26 Destyds was dit ’n punt van intense debat in Suid-Afrikaanse Gereformeerde kringe, onder andere ook omdat dit soveel klaarblyklike implikasies gehad het vir die Skrifgebruik in die regverdiging van apartheid.

27 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, p. 64.

28 Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, pp. 67-68.

29 Die verskuiwing vind plaas in die visie op die aard van die Skrif en sy gesag, argumenteer Durand. In ’n poging om weer aan die reformatoriese insigte ’n wetenskaplike vormgewing te gee vind ’n soort aristoteliese renaissance plaas binne reformatoriese geleedere. ’n Sterk metafisiese interesse lei tot ’n soeke na konstante, tydlose vorm in ’n proses van teoretiese abstraksie. Die klem val op die definiërende ratio van die kennende subjek wat die kennisobjek objektiveer en in hanteerbare begrippe omlin. Die gesag van die Skrif word nou formeel (nog afgesien van enige inhoud, skopus of gerigtheid) veilig gestel in (die *a priori* van) ’n bonatuurlike orde. Die Skrif word toenemend

Die diepsinnige argument van hierdie opstel sou onmiddellik dramatiese praktiese toepassings vind.

Feitlik net ná die verskyning van hierdie artikel vind die NG Kerk se Algemene Sinode in Kaapstad plaas, waar die sogenaamde Landman-verslag dien en ná enkele verreikende besluite en wysigings in die vergadering self – wat Durand persoonlik óók sou raak³⁰ – gefinaliseer word as die bekende *Ras, volk, nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*.³¹ Groot ontsteltenis heers wyd in ander kerklike kringe, veral ekumeniese geleedere, en talle reaksies volg, maar Durand se eie teologiese analise oor die problematiese hermeneutiek wat ágter die verslag skuilgaan en sulke argumente hoegenaamd móóntlik maak, selfs ondanks talle mense se goeie persoonlike bedoelinge, bly waarskynlik steeds die mees indringende en verhelderende respons van almal – en wéér eens berus dit van begin tot einde op sy heilshistoriese bewussyn en die teologiese raamwerk van sy proefskrif.³²

Die “deursnee-teologie in die wit Afrikaanssprekende kerke in Suid-Afrika” met betrekking tot rasse-aangeleenthede – sê hy – verskil wel hemelsbreed van die siening van die res van die Gereformeerde wêreld, maar dit is te oppervlakkig om te dink dat dit gewyt kan word aan “blote vooroordele en ’n onwilligheid om na die Skrif te luister”. Wie met sulke beskuldigings sou werk, peil nie werklik die dieper teologiese aard van die probleem nie. Dit gaan naamlik eerder om “’n wyse van teologiseer” wat dit vir hierdie deursnee-teologie moontlik maak om “allerlei latente vooroordele en motiewe te akkommodeer” – sonder om self ook bewus te wees daarvan dat hulle dit doen. Hulle meen opreg dat hulle na die Skrif luister en die Skrifgesag eerbiedig, en as gevolg van hulle “wyse van teologiseer” sien hulle nie raak dat hulle dit nié doen nie. “Sonder hierdie teologiese moontlikheid sou dit baie moeiliker vir hulle gewees het om hulle vooroordele, nie soseer vir ander nie, maar vir hulleself weg te steek.”³³

Wat gebeur in die dokument van die Sinode? Die verslag verduidelik self dat die NGK “die situasie in Suid-Afrika en die boodskap van die Woord van God

gesien as onfeilbare bron van bonatuurlike waarhede wat tydlose *principia* vir die teoloog bied. Sien Durand, “Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit”, pp. 64-65.

30 Durand was genooi om ’n deel van die oorspronklike verslag by te dra, oor die situasie van swart mense in die stede en veral oor trekarbeid. Dit is opgeneem in die oorspronklike stuk en hy was gereed om dit in die Sinode te hanteer, maar deur baie vaardige optrede in die vergadering kon lede wat dit nie bespreek wou hê nie – omdat dit klaarblyklik tot kritiek op die beleid aanleiding kon gee – daarin slaag om te verhinder dat dit hoegenaamd ter sprake kom. In die besluite en in die gepubliseerde dokument het dit dus nie eens verskyn nie; sien ook sy opmerkings in “Teks binne konteks”, p. 196.

31 *Ras, volk, nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* (Kaapstad: NGKerk, 1974).

32 J.J.F. Durand, “Bible and race: The problem of hermeneutics”, oorspronklik gepubliseer in die *Journal of Theology for Southern Africa* (September 1978), maar in Afrikaans herdruk as “Die hermeneutiek van ’n rasseteologie” in *Teks binne konteks*, pp. 75-87.

33 Durand, “Die hermeneutiek van ’n rasseteologie”, p. 75.

daaroor” anders sien as ander Gereformeerde kerke. Maar waarom dan? Omdat hulle dié situasie vanuit ’n ander hoek beoordeel – “(e)n hierdie hoek word in ’n groot mate deur historiese faktore bepaal”. Hoe so? “In die historiese ervaring van die Afrikaanssprekende gemeenskap in Suid-Afrika het die idee van volksidentiteit ’n sentrale en toonaangewende waarde gekry” en “dit is hierdie historiese ervaring wat ’n baie duidelike rol speel in die Afrikaner kerke se evaluering van die Suid-Afrikaanse situasie en hulle teologiese standpunt daaromtrent.”³⁴

Tot hiertoe is dit egter nog alles algemene kennis, en ook selfkennis, wat die NGK betref. Die hermeneutiese vraag wat hierdeur opgeroep word, is egter van beslissende belang, naamlik: “(W)aarom speel hierdie historiese ervaring so ’n sterk rol in ’n kerk wat tog bely dat die Heilige Skrif die hoogste gesag en norm is vir die teologiese denke en nie die geskiedenis nie?” Effens anders gestel, word dit ’n vraag van kritiese belang vir die Gereformeerde tradisie en geloof, want “Kan met ander woorde die luisterende omgang met die Skrif en die kritiek van die Woord van God nie histories-gegroeide gedagteforme deurbreek nie?”³⁵

Die eenvoudigste antwoord – sê Durand – sou wees dat daar dalk geen werklike luisterende omgang met die Skrif plaasvind nie, maar so ’n reaksie sou totaal misplaas en misleidend wees. Inderdaad vind daar in die NGK ’n “intense worsteling met die Skrif” plaas. Die waarheid is veeleer “dat die NG Kerk in sy omgang met die Skrif die onwrikbare oortuiging het dat die Skrif ruimte bied vir sy offisiële standpunt en inderdaad sy histories-gegroeide gedagteforme ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie sanksioneer.” Op die vraag hoe dít dan moontlik is, antwoord Durand met die insigte van sy dissertasie. Dis “die teologiese metode”, dis “die wyse van Skrifhantering” wat dit vir die NGK moontlik maak om teenoor alle kritiek vol te hou dat hulle standpunt Skriftuurlik is.³⁶

Hoe gebeur dit? Alhoewel die Sinode se verslag uitdruklik erken dat die Bybel nie ’n wetenskaplike handboek is nie, beweer dit tog ook dat die Skrif wel “fundamentele gegewens en beginsels (bied) wat vir alle lewensterreine normatiewe betekenis het, ook vir rasse- en volkereverhoudinge”. Vir Durand is dit “’n merkwaardige stellingname” – een waarmee gegewens in die Bybel losgemaak word van die inhoudelike en heilshistoriese samehange van die Bybel se boodskap self. Die gegewens van die Bybel word losgemaak van Christus en van God se heilshandeling, waarvan die Bybel getuig, en as tydllose “beginsels” hanteer, beginsels wat die lesende subjekte egter reeds met hulleself saambring na die Bybel toe, vanuit hulle eie historiese ervaringe.

Kortom, die NGK herken die feit van “volkereverskeidenheid” in die Bybelse gegewens, maar maak daarvan ’n “beginsel”, buite verband met die Bybelse boodskap.

34 Durand, “Die hermeneutiek van ’n rasseteologie”, p. 76.

35 Durand, “Die hermeneutiek van ’n rasseteologie”, pp. 76-77.

36 Durand, “Die hermeneutiek van ’n rasseteologie”, p. 77.

“Volkereverskeidenheid word verhef tot ’n Bybelse *beginsel* (sy beklemtoning) wat ook vir vandag gehanteer kan word, sonder om die heilshistoriese verbande daarvan in ag te neem.” Dit blyk nog selfs vreemder te wees “as ons per kontras let op ’n ander Bybelse gedagte wat in ’n bepaalde sin die teenpool is van volkereverskeidenheid, naamlik die eenheid en solidariteit van die menslike geslag. Hierdie *gedagte* (sy eie klem) funksioneer in die Skrif onteenseglik geheel en al binne ’n heilshistoriese raamwerk,”³⁷ maar dit pas nie die historiese ervaring van die lesende subjekte nie en daarom word dit geïgnoreer.

In besonderhede demonstreer Durand dan in die res van die bydrae hoe hierdie “beginsels” – wat hy as ’n rasse-teologie beskryf – deurlopend in die verslag aanwesig is en telkens die deurslag gee op belangrike momente in die argument.³⁸ Van groter belang as wat gesê word, is egter die vraag hoe dit moontlik is. “(V)anwaar kom hierdie hermeneutiese idee?” Die antwoord is nou reeds bekend. Agter die rasse-teologie wat apartheid in kerk en samelewing vanuit die Skrif regverdig, skuil “’n algemeen-aanvaarde hermeneutiese metode wat binne die gereformeerde wêreld tot baie onlangs aan die orde van die dag was en wat veral via Nederland ’n teologies-metodologiese deel van die Afrikaanssprekende teologie van Suid-Afrika geword het.”³⁹ Om met hierdie Gereformeerde Ortodoksie te breek, is die werklike en moeilike uitdaging.

Belangriker as die pluriformiteitsgedagte is die hermeneutiek wat ten grondslag daarvan lê ... Dit het tyd geword dat die gesprek sal verskuif na ’n meer fundamentele vlak: wat is die aard en omvang van die Skrifgesag en op welke wyse (sy eie nadruk) wil die Skrif ’n lig op ons pad wees?⁴⁰

Oorsprong? – “Die lewende God”

Ten diepste is die hermeneutiese vraag vir Durand ’n teologiese vraag. Agter die vraag na die wyse waarop die Skrif ’n lig op ons pad is, skuil die dieper vraag na hoe God met ons handel en praat, ten diepste, die vraag na wie en hoe God is? Oor dekades heen word Durand deur dié mees teologiese van vroeë geboei.

In April 1974, pas ná die voltooiing van “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke” en pas vóór *Ras, volk, nasie* hou Durand sy intreerede as professor in Dogmatiek aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Hy verkies doelbewus om tydens dié geleentheid tot openbare verantwoording te praat oor *Kruisteologie en die lydende God*.⁴¹

37 Durand, “Die hermeneutiek van ’n rasseteologie”, p. 79.

38 Durand, “Die hermeneutiek van ’n rasseteologie”, pp. 79-84.

39 Durand, “Die hermeneutiek van ’n rasseteologie”, p. 84.

40 Durand, “Die hermeneutiek van ’n rasseteologie”, p. 87.

41 JFF Durand, *Kruisteologie en die lydende God* (Bellville: UWK, 1974).

In moderne teologie word die Godsleer – sê hy – gekenmerk deur ’n verbreide reaksie teen alle Platoniese en neo-Platoniese metafisika. God word nie langer gesien as die onveranderlike en apatiese, ongevoelige Syn-in-sigself nie, maar veeleer as “die lewende God wat geskiedenis maak en op weg is met die mens” – en selfs ly ter wille van mense. Hierdie bevraagtekening van God se *impassibilitas* of nie-lydensvatbaarheid is egter nie ’n nuwe problematiek nie, maar ’n saak “wat die kerk vergesel het in sy lang geskiedenis van dogma-ontwikkeling”.⁴²

In detail volg hy dié historiese ontwikkeling – by die teopaschitiese stryd in die vroeë kerk, by Martin Luther, by Karl Barth, en veral by Jürgen Moltmann.⁴³ Ná simpatieke analise van kontemporêre teopaschitiese standpunte is sy beoordeling skerp, omdat die historiese karakter van die heil na sy oordeel nie genoegsaam gehandhaaf word nie. “(O)ns het aan die kruis nie te doen met ’n binne-goddelike drama nie, maar met die krisispunt van die geskiedenis waarin God werklik die *mens* in Jesus Christus ontmoet in toorn en genade”.⁴⁴ Vanuit dié oortuiging argumenteer hy – téénoor populêre hedendaagse interpretasies – dat dit ook by Konstantinopel in 533 n.C. “nie alleen gegaan het om die handhawing van die *impassibilitas Dei* nie, maar juis ook om die handhawing van die menslike natuur van Christus in sy soteriologiese onontbeerlikheid”,⁴⁵ om “’n soteriologiese besorgdheid”.⁴⁶

As Durand dus die teopaschitisme afwys, is dit nie om ’n apatiese God te leer nie, maar presies die teenoorgestelde, om die historiese karakter van die kruis as Gods heilshandeling werklik ernstig te kan neem, om die werklike lyding van Jesus Christus in sy menslike vlees ernstig te neem, om die medelydende ontferming van die God wat met mense in die geskiedenis op weg is ernstig te neem, om God as die lewende God ernstig te neem.

Ons afwysing van ’n theopaschitiese denke waarin God self metterdaad aan die kruis gely het sonder die uitdruklike belydenis van die menslike vlees as die lydensmedium, beteken nie die aanvaarding van ’n apatiese God nie. Dit is nie ’n wysgerige keuse vir ’n God wat aan lyding en smart onthewe is nie. Ons weier om hierdie keuse aan ons te laat opdring, juis vanuit die oorfloedige getuienis van die Skrif self dat God, in die woorde van Pascal, waarlik nie die God van die filosowe is nie, maar *die lewende God van Abraham, Isak en Jakob*. Die Bybel laat ons nie ’n onbewoë God ken nie, maar juis dié God wat in die benoudhede van sy volk, self *benoud* is (Jes. 63:9); wie se ingewande oor Efraim in *beroering* kan kom (Jer. 31:20); wie Hom waarlik *bekommer* oor die geslag van Abraham (Hebr. 2:16). Uit sy openbaring leer ons Hom ken as die God wat liefhet en dáárom ook weet wat gekrenkte liefde is. Hiervan is die boek Hosea tot oorloeps toe vol. Wie hierdie God maak tot ’n onbewoë Regter wat alleen maar eis, vergryp sig aan die

42 Durand, *Kruiseologie en die lydende God*, p. 1.

43 Durand, *Kruiseologie en die lydende God*, pp. 1-18.

44 Durand, *Kruiseologie en die lydende God*, p. 18.

45 Durand, *Kruiseologie en die lydende God*, p. 19.

46 Durand, *Kruiseologie en die lydende God*, p. 20.

wonder van sy ontferming waarin Hy sy eie Seun nie gespaar het nie maar Hom oorgegee het (Rom. 8:32) ter wille van ’n wêreld wat na Hom nie gevra het nie.

In sy eie Godsleer, wat twee jaar later verskyn as eerste band in die nuwe reeks *Wegwysers in die dogmatiek* wat hy saam met WD Jonker sou uitgee, werk hy dié gedagte verder uit. Hy kies as titel juis *Die lewende God*. Dié oortuiging weerklink soos ’n refrein deur die hele werk.⁴⁷

As hy die Godsleer van die Patristiek en Middeleeue behandel, word duidelik hoe die belydenis van Christus as ware God en die belydenis van die Drie-eenheid onversoenbaar was met die transendent-deïstiese inslag van die Grieks-filosofiese opvattinge. Die onveranderlike en apatiese beeld van God het die moontlikheid en werklikheid van God se openbaring in die geskiedenis op die spel geplaas. Reeds by Augustinus word die heilsekonomiese benadering egter alweer basies versaak ter wille van “spekulatiewe voortreflikheid” en by Thomas Aquinas bereik “die abstrakte kilheid van die Godsleer in die middeleeuse skolastiek” ’n hoogtepunt in ’n teologie van “God in sigself” wat tot met die Reformasie maatgewend sou wees in die Westerse wêreld.⁴⁸

As hy die Godsleer van die Reformasie behandel, dan word dit beskryf as “protes teen ’n teologie van ‘God in sigself’”.⁴⁹

Die Reformasie was in sy wese ’n protes teen die synsmetafisika van die middeleeue, ’n protes teen die mens se eimagtige poging om vanuit die bekende werklikheid op te klim na God en so te spekuleer oor sy wese in sigself. Vir die Reformatore het hierdie teologiese spekulاسie niks minder as Gods openbaring op die spel geplaas nie: teenoor God se wese in sigself, die “eintlike” God, staan die *oneintlikheid* van die openbaring. In plaas van die *Deus apud se* wil hulle gevolglik die *Deus erga nos* in die teologie tot gelding bring.⁵⁰

By Luther sou die *theologia crucis* daarom teenoor die *theologia gloriae* van die spekulatiewe skolastiek staan.⁵¹ By Calvin word die Woord die spieël waarin die geloof deur die werking van Gods Gees die genadige aangesig van God die Vader aanskou in Christus Jesus, die liefde van God jeens ons in sy openbaring.⁵² Die Reformatoriese Triniteitsleer word daarom streng aan God se openbaringshandelinge gehou, enige skeiding tussen wese en openbaring word afgewys, die wesenstriniteit

47 JJF Durand, *Die lewende God* (Pretoria: NGKB, 1976; tweede hersiene uitgawe in 1985. Die tweede druk is nogal aansienlik verander na aanleiding van die ervaring wat in doseer-situasies met die *Wegwysers* gemaak is, maar die bladsyverwysings hier is steeds na die oorspronklike 1976-uitgawe).

48 Durand, *Die lewende God*, pp. 12-24.

49 Durand, *Die lewende God*, p. 30.

50 Durand, *Die lewende God*, p. 25.

51 Durand, *Die lewende God*, pp. 25-26.

52 Durand, *Die lewende God*, pp. 26-27.

kan slegs vanuit die openbaringstriniteit benader word, die oriënteringspunt is God se openbaringshandelinge.⁵³

As hy die periode van die Ortodoksie en daarna behandel, tot by die neo-Protestantisme en Schleiermacher, erken hy dat 'n mens hier opnuut te make kry met “wysgerige abstraksies”. Die Skrifberoep het skaars nog 'n ander funksie as om reeds verworwe insigte gesagvol te bevestig. Die Godsleer word “abstrak en koud” en feitlik sonder enige relasie met die Christologie en die soteriologie, met ander woorde met die heilsgeskiedenis. Die enigste uitsondering is Herman Bavinck. “In Bavinck se triniteitsleer is genoemde skolastieke invloede opmerklik afwesig ... Die Triniteit laat ons God ken as die *waaragtig lewende* en met hierdie belydenis staan en val die ganse Christendom, aldus Bavinck.”⁵⁴

As hy daarna op sogenaamde “nuwe weë in die Godsleer” ingaan en telkens “riglyne” bied, bly hierdie oortuigings aangaande God as Lewende telkens die sleutel – ongeag of dit gaan om transendensie en immanensie,⁵⁵ om die personaliteit van God,⁵⁶ om die wese en hoedanighede van God,⁵⁷ om die lydende God,⁵⁸ om die ateïsme,⁵⁹ of om die drie-enige God.⁶⁰ Dis egter veral in die bespreking van God as drie-enig dat dit nog

53 Durand, *Die lewende God*, pp. 28-30.

54 Durand, *Die lewende God*, pp. 32-37.

55 Durand, *Die lewende God*, pp. 40-49. “Teenoor die abstrakte Godsleer van die hellenisme waarin God gesien word as die in-sigself-rustende Syn, ontmoet ons God op feitlik elke bladsy van die Bybel as die *lewende* en die handelende”, p. 46.

56 Durand, *Die lewende God*, pp. 50-62. “Die God van die Skrifte het werklik 'n Naam. Hy is nie 'n idee en daarmee ten slotte naamloos nie ... Deur van God as 'n Persoon te praat, probeer die teologie uitdrukking gee aan die essensiële en onvervangbare moment in die evangelieboodskap dat God en mens in 'n *lewende* verhouding staan waarin God die mens as mens aanspreek, hulle aanspreek en hulle opneem in sy gemeenskap”, pp. 59-60.

57 Durand, *Die lewende God*, pp. 78-91. “In die hoedanighede van God gaan dit nie om 'n wat-vraag na God nie, maar om 'n hoe-vraag. Nie: wat is God? nie, maar: *hoe* is God? In die selfopenbaring van God word nie die wat van die syn van God geopenbaar nie, maar sy hoedanigheid teenoor ons. Dit gaan dus basies om 'n verhoudingsvraag ... God is steeds méér as sy geopenbaarde hoedanighede, maar Hy is nie anders nie. In die openbaring gaan dit immers om sy waaragtige selfopenbaring”, p. 86.

58 Durand, *Die lewende God*, pp. 92-101.

59 Durand, *Die lewende God*, pp. 102-118. “Die ateïsme kan nie ontsenu word met die sogenaamde Godsbewyse nie ... 'n 'Bewese' God is nie die *lewende* God, die Vader wat Hom in Jesus Christus geopenbaar het nie”, p. 116.

60 Durand, *Die lewende God*, pp. 63-77. “Die wydverbreide mening dat ons in die triniteitsleer met spekulاسie te doen het, is daarom nie korrek nie. Inderdaad kan die triniteitsleer die dogmatiek in sy besinning oor God van spekulاسie bewaar, omdat ons daarin te doen het met die God wat Hom in Christus geopenbaar het ... (Dit is) die fundamentele leerstuk van die kerk waarin die eenheid van God en sy openbaring gehandhaaf word ... Ten slotte wil dit nie meer sê nie as dat God in die eintlikheid van sy Godwees van ewigheid af en daarom ook in sy openbaring, *drievuldig as die Een, Enige leef, handel en regeer*”, pp. 71-72, 76.

eens glashelder blyk waarom God as die Lewende bely word wat volgens die Woord in die geskiedenis handel en so met die mens op weg is.

Nie lank hierna nie, word Durand in 1979 genooi om ’n hoofvoordrag te hou tydens ’n konferensie by Unisa oor probleme met die duiding van die geskiedenis. Die konferensie sou om ander redes die koerantopskrifte haal, maar van die meer blywende belang was sekerlik geleë in sy voordrag oor “God in history – An unresolved problem.”⁶¹

Sy eerste paragrawe herhaal nou reeds bekende gedagtes. Teologiese denke in die 20^{ste} eeu word gekenmerk deur die herontdekking van die idee van die geskiedenis in God se openbaringsdade. Die hart van die Bybelse geloof is geleë in die oortuiging dat God Godself bekend maak in sekere beslissende oomblikke van die geskiedenis. Die God wat Israel ontmoet – in radikaal nuwe onderskeid van omliggende kulturele en godsdienstige siening van ’n sikliese en geslote lewe waarin niks nuuts regtig gebeur nie – is in die mees ware sin van die woord die God van die geskiedenis. Ook die Nuwe Testament getuig dat God op ’n beslissende wyse binne ’n bepaalde historiese opset met hierdie wêreld gehandel het deur die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus. Vanuit dié Bybelse perspektief word die toekoms die kroon van alle geskiedenis, die voltooiing van die geskiedenis, die konsummasie van alles by die uiteindelijke en heerlike openbaring van hierdie Jesus en van ’n wêreld wat nuutgemaak is. God se nuutskepende en reddende werk is dus nog nie ten einde nie. Nuwe ontwikkelinge word nog verwag en ons is deel van ’n groot historiese proses waarin ons onafgebroke vorentoe kyk, in ’n oop toekoms glo, die onverwagte verwag en die nuwe waag.⁶²

Die Bybelse taal wat hierdie oortuigings bevestig en onderstreep – sê Durand – is die belydenis dat God ’n lewende God is wat in vryheid handel. Alhoewel God getrou bly aan Gods eie beloftes, is God nooit die slaaf van enige plan of bloudruk waarvolgens die geskiedenis bloot afwentel nie.

God se handeling is vry, nuut, skeppend en dikwels onverwags. God se handeling in die geskiedenis is *kontingent* (sy eie klem) in die sin dat hulle formalisering en programmering weerstaan.⁶³

Dan begin hy hierdie gedagtes te problematiseer. Hierdie opmerkings handel – oënskyklik – immers net oor die sogenaamde heilsgeskiedenis, maar wat van die

61 In ’n skandalige optrede het lede van die Afrikaner Weerstandsbeweging onder leiding van Eugène Terre’blanche ’n ander spreker, die bekende historikus Floors van Jaarsveld, op die verhoog oorval en met teer en vere besmeer omdat hulle nie tevrede was met sy duiding van die gebeure by Bloedrivier nie. Die verrigtinge is gepubliseer as *The meaning of history*, geredigeer deur A König & H Keane (Pretoria: Unisa, 1979), ook met Durand se bydrae. Hier word aangehaal uit ’n Afrikaanse weergawe, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste probleem” in JFF Durand, *Teks binne konteks*, pp. 91-99.

62 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste probleem”, pp. 91-92.

63 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste probleem”, p. 92.

sogenaamde profane geskiedenis, en wat is die verhouding tussen dié twee? Daar is slegs één geskiedenis, antwoord hy, onverdeelbaar en universeel. Die idee van universaliteit is juis inherent deel van die Bybelse konsep van die geskiedenis. Dis juis weselik deel van die aanspraak, dis juis die punt. Die skepping is een, die wêreld is een, die mensheid is een, die geskiedenis is een, ook die geskiedenis ná die opstanding van Jesus Christus.⁶⁴

Dat die totale geskiedenis in 'n misterieuvolle wyse geskryf word deur die vinger van God, hetsy deur middel van die mens en in bondgenootskap met die mens, hetsy ten spyte van die mens, is 'n voorveronderstelling van die geloof wat noodwendig volg vir diegene wat Gods openbaring aanvaar soos dit vir ons in die Bybel oorgelewer en opgeteken is.⁶⁵

Presies dié voorveronderstelling – gaan hy voort – “skep egter meer probleme as wat dit oplos met betrekking tot die *interpretasie* (sy klem) van die geskiedenis”. Selfs al is die geskiedenis 'n storie geskryf deur die vinger van God, dan bly dit vir ons ondeursigtig en dubbelsinnig, trouens, nés die geskiedenis van God waarvan in die Bybel vertel word, indien dit nie vir ons gedui word nie. Openbaring beteken juis dat God sy anonimiteit aflê en deur die Woord vir ons die dubbelsinnige en ondeursigtige geskiedenis van die heilsgebeure dui, maar vir die res van ons een, universele geskiedenis beskik ons nie oor dié duiding nie. Oomblikke en ontwikkelinge wat vir óns van groot belang mag lyk, is dalk glad nie van groot belang in God se verhaal nie.⁶⁶

Die mees algemene manier om uit historiese feite gevolgtrekkings te maak wat méér as histories is, is die neiging om katastrofes of groot rampe in verband te bring met Gods oordele en straf, maar presies dié tipe interpretasie van die geskiedenis is juis nié tipies van die Hebreuse godsdiens nie, inteendeel, dis eerder die uitstaande karaktertrek van die ou heidense teologie en in die Heilige Skrif word sulke naïewe verklarings van gebeurtenisse eksplisiet verwerp.⁶⁷

Nie God se regering oor die geskiedenis word in twyfel getrek nie, maar wel enige duiding van hierdie gebeure asof die vinger van God daarin vir ons herkenbaar sou wees.

Om te bely dat die geskiedenis 'n storie is wat deur die vinger van God geskryf word, is een ding; dit is 'n totaal ander saak om sekere dele van die storie uit te lig, hulle te identifiseer, te interpreter en 'n spesifiek Goddelike betekenis daaraan toe te skryf.

Wat is die gevolg hiervan?, vra Durand. Ons skep ons eie patroon “om die fragmente te akkommodeer” wat ons graag wil interpreter. Dit geld van die populêre interpretasie van die Slag van Bloedrivier onder Afrikaners, maar presies dieselfde word ook gedoen deur

64 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – 'n Onopgeloste probleem”, pp. 92-93.

65 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – 'n Onopgeloste probleem”, p. 93.

66 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – 'n Onopgeloste probleem”, p. 93.

67 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – 'n Onopgeloste probleem”, pp. 93-94.

die meeste Westerse volke, sê hy. Op een of ander wyse word gesoek na ’n “metahistoriese agtergrond” of ’n “metahistoriese patroon” wat op die kontingente geskiedenis afgedruk word, ten einde ons te help om een of ander sin daarvan te maak, op sódanige wyse “dat ons die geskiedenis moet laat stol.”⁶⁸

Vir die Westerse Christendom was dié neiging tipies, sê Durand, en hy vertel weer eens die verhaal hoe die geskiedenis “geontologiseer” is as ewige Goddelike orde.⁶⁹ Met die Verligting kom daar ’n groot verandering, maar dis ook meer kompleks as wat dit met die eerste blik mag blyk. Die werklikheid word nou al meer ervaar as iets dinamies, oop en onafgehandel. Die geskiedenis is gevolglik nie meer langer iets wat “is” nie, maar iets wat “gemaak word” – en nié deur God nie, maar deur die mens. Die ontdekking van die relatiewiteit van die historiese proses open nuwe moontlikhede vir mense om hul eie bestemming, hul eie toekoms uit te werk. “God en die geskiedenis begin minder met mekaar te doen hê.”⁷⁰

Kortom, dit begin lyk asof die idee van God se betrokkenheid in die geskiedenis slegs kan funksioneer so lank die geskiedenis gesien word as die uitdrukking van ’n ewige bloudruk. Sodra die geskiedenis as kontingente openheid gesien word, as werklik histories, is dit asof die idee van God se betrokkenheid nie langer gehandhaaf kan word nie.⁷¹

Die opkoms en invloed van Hegel se sisteem versterk hierdie indruk, sê Durand. Hy probeer met ’n geweldige filosofiese en teologiese kragtoer God en die geskiedenis weer by mekaar uitbring, en wéér eens geskied dit – soos vroeër – ten koste van die idee van egte geskiedenis self, van openheid, toekoms en kontingensie.⁷²

’n Mens sou kon sê dat die ontwikkeling in die Westerse denke sedert die Verligting daarmee voor die uitdaging staan om weer ’n soort greep of beheer te kry oor die radikale relatiewiteit van die historiese proses, maar nou sonder die moontlikheid om op God in beroep te gaan. Dit word ’n “dringende behoefte” om die magte van die geskiedenis wat lyk asof hulle dreig om heeltemal buite beheer te raak – soos in die Franse Rewolusie – weer onder die een of ander kontrole te kry, sodat “onsekerhede en onreëlmatighede” uitgeskakel kan word en die historiese proses weer “voorspelbaar” en “voorwerp van die mens se manipulasie” kan word.⁷³

Dis gevolglik geen verrassing dat nuwe vorme van “historiese navorsing” die instrument word wat die revolusionêre kragte en magte van die geskiedenis moet help tem nie. Hiervoor is die positivistiese wetenskapsideaal uitmunterend geskik. “Die verlede kon

68 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste problem”, pp. 94-95.

69 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste problem”, pp. 95-96.

70 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste problem”, p. 96.

71 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste problem”, pp. 96-97.

72 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste problem”, p. 97.

73 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste probleem, p. 97.

onder beheer gebring word deur te postuleer dat slegs die feitlike, die bewysbare en die demonstreerbare, regtig *was* (sy klem).” Dieselfde metode word ook aangewend op die hede en die toekoms. Deur wetenskap en tegniek word ook oor die toekoms beheer gesoek. Op dié manier word die geskiedenis “objektief” – die objek van beheer en manipulasie. Wette wat die historiese prosesse en gebeurtenisse beheer, word gesoek en geformuleer. Die gevolg is dat die interpretasie van die geskiedenis weer net so onproblematies word soos vroeër, maar nou sonder God.⁷⁴

Die nuwere teologie – vervolg Durand – probeer op hierdie situasie reageer. Nuwe denke oor “die probleem van God in die geskiedenis” is nodig – en móóntlik, maar tegelyk gevaarlik én positief. Die nuwe strewes is om te praat oor God se teenwoordigheid in die geskiedenis terwyl erns gemaak word met kontingensie en met ’n oop toekoms. God regeer nie in transendente majesteit volgens ’n vaste en voorafbepaalde plan nie, maar is “iemand wat met die mens as bondgenoot geskiedenis maak en self in ’n sekere sin deel is van die historiese proses”. Die Hegeliaanse invloed is duidelik, sê hy, en die gevaar is dat God eenvoudig opgelos word in die historiese proses. Die positiewe noot hierin, gaan hy voort, is egter dat dit tog iets laat sien van “die Bybelse boodskap van ’n *lewende* God (sy eie klem).”⁷⁵

Dit maak klaarblyklik die interpretasie van historiese gebeurtenisse vanuit ’n teologiese gesigspunt uiters moeilik, is sy finale gevolgtrekking. “God is sy eie plan. As lewende persoon handel God in vryheid, dit wil sê in ooreenstemming met Godself.”⁷⁶ Om die geskiedenis te interpreteer is problematies, nee, gevaarlik. Ons kan geen sekerheid vind deur ’n patroon te soek, òf in wat kom òf in wat was nie. Ons het slegs die moontlikheid om te midde van alle ondeursigtigheid van die hede te vertrou op die *teenwoordigheid* (sy klem) van die hemelse Vader.⁷⁷

Wanneer Durand in ’n soort *magnum opus* in 2007 nog eens oor die Godsleer skryf, dan is dit volledig in die verlengde van hierdie vroeëre insigte en oortuigings. *The many faces of God: Highways and byways on the route towards an orthodox image of God in the history of Christianity from the first to the seventeenth century* is ’n veel uitvoeriger weergawe van dieselfde fundamentele verhaal waarmee hy vir etlike dekades besig was.⁷⁸

Nou skryf hy in veel groter besonderhede en gaan hy dieper in op die “highways and byways”, maar steeds is dit ’n verhaal wat diep gestempel is deur dieselfde oortuigings: God

74 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste probleem”, pp. 97-98.

75 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste probleem”, p. 98.

76 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste probleem”, p. 98.

77 Durand, “Die vinger van God in die geskiedenis – ’n Onopgeloste probleem”, pp. 98-99.

78 JF Durand, *The many faces of God: Highways and byways on the route towards an orthodox image of God in the history of Christianity from the first to the seventeenth century* (Stellenbosch: Sun Press, 2007).

het Godself geopenbaar in die Jesus-gebeure, in die lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus; dié openbaring in die heilsgesbeure bly normatief vir die Christelike siening van God, alhoewel die kerk deur die eeue nooit die invloed van sogenaamde nie-teologiese faktore, wat historiese, politieke, kulturele, sosiale en sielkundige faktore insluit, kon vermy nie; dié openbaring in die heilsgesbeure kan nooit afdoende deur die kerk verstaan of verwoord word nie, en daarom is die geskiedenis een van soveel wisselende pogings om stameland te reageer op dié gebeure, omdat die geloof nie anders kan nie, en nie bloot durf swyg nie; die taal wat die kerk deur die eeue gebruik om dié openbaring in die geskiedenis te probeer artikuleer, is onvermydelik analogies, metafories, beeldend, on-eintlik, en daarom is ánder artikulering en ánder formulering altyd weer moontlik, en nódig; as gevolg van die pluraliteit van ons historiese kontekste en ervaringe en as gevolg van die ambiguïteit van ons taal verkry dié God wat in die heilsgesbeure geopenbaar is onvermydelik talle gesigte deur die eeue, wat nie ’n nadeel is nie, maar ’n verryking; agter al dié wisselende gesigte van die één God skuil daar immers tog ’n kontinuïteit, die kontinuïteit van ’n ortodokse voorstelling van God, alhoewel dit vanweë die pluraliteit van die geskiedenis en die ambiguïteit van taal nie in één formulering vasgevang kan word nie; wat verál daarom verleidelik is vir die kerk, is pogings om hierdie ortodokse belydenis aangaande die God wat Godself in die heilsgeskiedenis geopenbaar het tog wel in ewige waarhede te probeer vasvang, in sluitende sisteme, in absolute aansprake, in finale formuleringe, in tydlose proposisies; téénoor al sulke sisteem-denke oor God en al sulke ewige waarhede staan die oer-belydenis dat Jesus Christus die Heer is, vrý in sy liefde en trou, en dat God die Lewende God is, wat in die geskiedenis as genadige Vader teenwóórdig is, ook al sien ons deur ’n spieël in ’n raaisel.⁷⁹

As ’n mens sou aflei dat dié radikale historiese bewussyn die kerk en die teologie tot swye sou bring, tot relativisme en apatie sou verlam, het ’n mens die krag van Durand se historiese bewussyn nog nie goed begryp nie. Die Christelike boodskap is immers histories in ’n dubbele sin, vanuit sy oorsprong én vanuit sy adressaat.

Adressate? – “Onvermydelike konsekwensies vir die ganse lewe”

Wat beteken dit dat ook die adressaat van die evangelie histories is? Dit beteken dat die evangelie telkens nuut gehoor word, deur konkrete en lewende mense, in die historisiteit van hul eie lewe, en wel in die konsekwensies van dié boodskap vir die volle werklikheid en die volle lewe.

Reeds in 1970 handel een van sy gevolgtrekkings in *Swartman, stad en toekoms* oor die roeping van die Skrifverkondiging in die kerk se sending.⁸⁰ “In die *Woordverkondiging*”

79 Heelwat van hierdie oortuigings word in soveel woorde in die eerste hoofstuk van *The many faces of God* uitgespel, maar in die geheel is hierdie opsomming ’n poging om die veronderstellings onderliggend aan die werk saam te vat.

80 JFF Durand, *Swartman, stad en toekoms* (Kaapstad: Tafelberg, 1970).

– só skryf hy – “bind die lewende Christus die gemeente aan Homself vas, ’n binding wat sy *onvermydelike konsekwensies vir die ganse lewe* het. Daarom sal die verkondiging die ganse lewe bestryk”.⁸¹ Reeds hier is al drie die aspekte van sy historiese bewussyn uitdruklik byeen: die *lewende* God praat deur die *lewende* Woord met *lewende* hoorders en wel oor die ganse lewe.

Maar hoe gebeur dit? “Die gevaar is wesenlik” – skryf hy – “dat die verkondiging kan ontaard in abstrakte lesings”, in “’n klaar uitgewerkte patroon”, in “abstrakte lesings oor beginsels”. Só verloor die verkondiging “nie net sy karakter as die direkte, konkrete aansprake van God nie, maar ook en juis daarom, boet dit aan doeltreffendheid in”.⁸² Reeds hier hoor ’n mens die afkeer van alle sluitende sisteme, ewige waarhede, tydlose beginsels, wat ewegoed deur enigeen aan enigeen voorgehou kan word. Die lewende Woord van die lewende God spreek lewende hoorders veel meer konkreet en direk aan, in die ingewikkeldhede van hulle eie lewenskontekste. Sy eie woorde sê dit nog die beste:

Die toerusting van die liggaam van Christus deur die verkondiging vra om konkrete, aansprekende Christusverkondiging vir elke lewensituasie waarin die gemeente hom mag bevind. Hierdeur word ’n basiese lewens- en hartsgerigtheid geskep wat, voortdurend gevoed, die gemeente ten slotte nie in die steek sal laat as hulle in hul praktiese lewe die verkondigde Woord moet verwerk en toepas nie.⁸³

Die openbare relevansie van die kerk wat leef van dié soort Woordverkondiging – ook vir die toekoms van swartmense in die Suid-Afrikaanse stede van apartheid Suid-Afrika – is vir hom duidelik. In byna profetiese woorde formuleer hy dit.

Die krag van die groep se verkondiging lê daarin dat die buitestaander gekonfronteer word met ’n gemeenskap waarin die Woord wat gebring word, self lewend is. Dit is die bediening van die versoening deur ’n gemeenskap in wie se midde die werklikheid van die versoening besit en ervaar word. Daarom is die appél van die verkondigde Woord terselfdertyd ’n *uitnodiging* om opgeneem te word in ’n gemeenskap – nie in die abstrakte nie, maar konkreet in *hierdie* gemeenskap wat in *hierdie* huis teenwoordig is (sy klem).⁸⁴

Die lewende Woord het ’n skopus, ’n gerigtheid, maar daarom ook ’n appél, vanuit die heilshandeling van die lewende God in Christus is dit ’n skopus wat gerig is op die skep van ’n *lewende gemeenskap van versoening* wat as konkrete uitnodiging sal dien tot mense – óók die swartmense in die stede van Suid-Afrika – om in dié gemeenskap van versoening opgeneem te word.

In die jare daarna sou hierdie basiese oortuigings op talle wyses uitgespel word – en dít sou Jaap Durand so ’n besondere denker en teoloog maak, en sy bydrae tot kerk

81 Durand, *Swartman, stad en toekoms*, p. 159.

82 Durand, *Swartman, stad en toekoms*, p. 159.

83 Durand, *Swartman, stad en toekoms*, p. 159.

84 Durand, *Swartman, stad en toekoms*, p. 162.

en teologie, tot akademie en openbare lewe, so merkwaardig. Ander bydraes tot hierdie huldiging sal hopelik in groter detail op talle van hierdie konkrete gestaltes ingaan. Dit is ook nie nodig om hulle almal hier in herinnering te roep nie. Almal wat hom ken sal summier weet hoe hy dié oortuigings verder uitgespel het, telkens in konkrete situasies. Agter dit alles, skuil sy radikale historiese besef, wat beteken sy diepe vertroue op die lewende God wat deur sy lewende Woord met lewende mense praat en hulle roep tot ’n lewende gemeenskap van versoening, getuienis en diens.

As hy in 1972 genooi word om op die Sendingkonferensie van die Algemene Sinodale Sendingkommissie van die NG kerk in Kaapstad te praat oor “Bybelse taal en menslike taal in die Suid-Afrikaanse konteks”, blyk dié vertroue in die lewende Woord wat met lewende hoorders in die kompleksiteit van hulle konkrete lewensituasies praat, glashelder.⁸⁵

Al sou dit moontlik wees (wat ek sterk betwyfel) om byvoorbeeld in ’n Europese land in die abstrakte te praat oor “die moderne mens” of “die mens van vandag”, is dit in Suid-Afrika heeltemal uitgesluit. Hier het “die mens van vandag” talryke gesigte ... (D)it gaan om ’n interaksie tussen die lewende Woord en die lewende gemeente wat vir hulleself en vir die wêreld waarin hulle woon, die Woord moet vertolk in ’n taal wat verstaanbaar is omdat dit ’n *betrokke* taal is. Maar hiervoor kan ons gewoon die Bybel vertrou, omdat dit die *één* woord is wat altyd verbysterend betrokke is, dit wil sê as ons nie in die weg van hierdie woord gaan staan nie.⁸⁶

Wanneer staan ons in die weg van die lewende Woord? As ons ’n sisteem van beginsels in die plek van die boodskap en skopus van die Woord probeer stel, wat in baie tale die harte van konkrete mense kan aanspreek.

Dit doen ons wanneer ons die Bybelse betrokkenheid wegselekteer of van sy baie konkretheid algemene beginsels maak wat niemand se gewete meer aanspreek nie. Laat ons eger die Woord toe om sy vrye loop te neem, sal ons verbaas staan oor die baie tale waarin hy die hart van die mens aanspreek. Die eenvoudige en gesofistikeerde, die arme en die ryke, die magtelose en die magtige sal almal móét luister, omdat dit kom in ’n taal wat verstaan kan word en dáárom nie geïgnoreer mag word nie.⁸⁷

Dié historiese bewussyn – en dié vertroue – blyk alte duidelik as hy met geloofs- en leerstellige vrae besig is. In 1980 praat hy met ’n saamtrek van vroue op Worcester oor “Jesus en lewensituasie”.⁸⁸ Hulle vraag, naamlik: wie verkondig ons?, wie is die Jesus wat ons verkondig?, sê hy, kan “miskien as dié probleem van teologie en Christendom” beskryf word.⁸⁹ Die verwarrende is dat daar soveel verskillende Jesusbeelde in die geskiedenis en in die verdeelde ekumeniese Christendom is.

85 JFF Durand, “Bybelse taal en menslike taal in die Suid-Afrikaanse konteks” in *Teks binne konteks*, pp. 38-48.

86 Durand, “Bybelse taal en menslike taal in die Suid-Afrikaanse konteks”, pp. 39, 48.

87 Durand, “Bybelse taal en menslike taal in die Suid-Afrikaanse konteks”, p. 48.

88 JFF Durand, “Jesus en lewensituasie” in *Teks binne konteks*, pp. 100-106.

89 Durand, “Jesus en lewensituasie”, p. 100.

As ons na die 2000-jarige geskiedenis van die Christendom kyk, maak ons die ontdekking dat daar in verskillende tye en onder verskillende lewensomstandighede verskillende Jesusbeelde na vore gekom het. En elke keer het die Jesusbeeld van 'n tyd tot 'n groot mate die inhoud van die verkondiging in daardie tyd bepaal.⁹⁰

Hoe verloop sy argument dan? Hy bied hulle eers “'n voëlvlug oor die baie eeue van ... variasies in die Jesusbeeld” om aan te toon hoe “die geskiedenis homself herhaal”.⁹¹ Ons het geen ander keuse nie. As konkrete en lewende hoorders hoor ons telkens weer Gods lewende Woord in óns lewensituasie en in óns taal, uitdrukkings, beelde, voorstellinge. Wie dink daar is ewige waarhede, tydlose formulerings en sluitende sisteme, is op 'n dwaalweg. Beteken dit egter dat alles om 't ewe is, dat enige Jesusbeeld deug, dat ons willekeurig Jesusbeelde na ons eie wens en voorkeur kan vorm en kies, dat alle geloofsuitsprake dus relatief is en daar geen waarheid bely kan word nie? Hoegenaamd nie – en dít is presies die egte hermeneutiese, historiese en teologiese uitdaging.

Ook die Bybelse boodskap kan ons nooit reduseer tot 'n enkele en tydlose antwoord op ons vrae nie, sê hy. Die verrassende is immers dat die Bybel self “vol variasie in sy spreke oor Jesus is”.⁹² Dis nie vir ons om die Bybelse gegewens te orden tot 'n sisteem of te herlei tot 'n enkele proposisie, wat dan vir ewig die antwoord is nie. In die Bybel kry ons wel kriteria waaraan ons Jesusbeelde moet voldoen, anders betree ons 'n “gevaarsonse”, byvoorbeeld “as in enige verkondiging aangaande Jesus die betekenis van die kruis weggesyfer word.”⁹³

Ons eie lewensituasie sal altyd meespeel in ons eie Jesusbeelde, en “(h)ierteen kan nie beswaar ingebring word nie. Juis omdat God in Jesus die menslike situasie ernstig geneem het, laat elke nuwe situasie 'n ander faset van sy Persoon en werk na vore kom.”⁹⁴

Sy konklusie is duidelik en konsekwent. Daar is duidelike skopus en gerigtheid, kontoere en grense, perspektiewe en kriteria in die Bybelse verkondiging, waaraan ons ons moet hou, maar omdat dit die lewende spreke van die lewende God in ons eie historiese situasies en taal bly, kan ons as konkrete hoorders bly luister, met die vaste vertroue dat ons in ons eie hede waarheid, perspektief en hoop sal ontvang.

Wie verkondig ons ten slotte? 'n Jesus wat in sy vernedering en sy verhoging, in sy dienskneggestalte en sy majesteit, in sy kruis en sy kroon alle teologiese begrippe-apparaat te bowe gaan, maar wat juis daarom geen lewensituasie uitsigloos maak nie.⁹⁵

90 Durand, “Jesus en lewensituasie”, p. 101.

91 Durand, “Jesus en lewensituasie”, pp. 101-103.

92 Durand, “Jesus en lewensituasie”, p. 103.

93 Durand, “Jesus en lewensituasie”, p. 105.

94 Durand, “Jesus en lewensituasie”, p. 106.

95 Durand, “Jesus en lewensituasie”, p. 106.

Deur die jare sou hy hierdie selfde denkvorm en argument herhaal ten opsigte van feitlik elke geloofs- en leerstellige vraag waarmee hy werk. Eers is die historiese bewussyn nodig wat ons laat sien dat die eeue talle antwoorde gebied het, gestempel deur die tydstip en die taal, en dán moet ons sáám en afhanklik luister na die lewende Woord in óns hede, om die waarheid te kan bely.⁹⁶

In die dogmatiese studies saam met WD Jonker is dit die denkvorm en argument,⁹⁷ in sy toesprake is dit feitlik elke keer weer die denkvorm en argument,⁹⁸ in sy

96 Sien sy twee bydraes tot die bundel opstelle van NGSK-dosente aan die Universiteit van Wes-Kaapland ná die NGSK se afkondiging van die (konsep-)belydenis van Belhar in 1982: JFF Durand, “n Belydenis – was dit werklik nodig?” en “Belhar – Krisispunt vir die NG Kerke”, oorspronklik gepubliseer in GD Cloete & DJ Smit (reds), *’n Oomblik van waarheid* (Kaapstad: Tafelberg, 1984), en herdruk in *Teks binne konteks*, onderskeidelik pp. 141-150 en pp. 151-162. Soos wat die titels al suggereer, handel albei bydraes met die belang van die historiese oomblik vir Gereformeerde belydenisvorming, maar ook met die historiese noodsaak om soms met belydenis op die oomblik te reageer. “(D)it blyk dat die Belhar-belydenis, soos elke ander belydenis, beslissend bepaal is deur ’n historiese konteks. Vandaar moet nie alleen die belydenis se aktualiteit nie, maar ook sy omstrengtheid verklaar word ... Die bewering dat ’n ware belydenis alleen ’n uitbreiding kan wees van die kerk se oerbelydenis dat Jesus die Here is, is korrek ... Daarom is ek oortuig dat die Belhar-belydenis apartheid en die dwaling wat daartoe gelei het, sal oorleef en sy boodskap sal bly behou. Die drie kernsake waarom dit gaan, naamlik eenheid, versoening en geregtigheid, lê dig by die hart van die evangelie ... Die feit dat die belydenis geen direkte verwysing na die apartheidsideologie bevat nie ... is ’n aanduiding van die besef dat ’n ware belydenis die omstandighede van sy tyd te bowe kan gaan. Die NG Sendingkerk bely nie net met die oog op die onmiddellike gevaar wat die kerke in Suid-Afrika in hierdie bepaalde historiese situasie bedreig nie, maar ook met die oog op die toekoms ... In sy belydenis wil ’n kerk nie die partikuliere mening van ’n partikuliere groep vertolk nie, maar maak hy daarop aanspraak dat hy die waarheid namens die universele kerk uitdra, al is dit in ’n bepaalde en partikuliere situasie”, pp. 147-149.

97 Sy eie bydraes tot die *Wegwysers*, naamlik *Die lewende God* (Pretoria: NGKB, 1976/1985), *Die sonde* (Pretoria: NGKB, 1978) en *Skepping, mens, voorsienigheid* (Pretoria: NGKB, 1982) getuig duidelik van die twee skrywers se historiese benadering. Elkeen begin met ’n uitvoerige dogmahistoriese agtergrond, voordat aktuele temas gekies en elkeen weer in hulle huidige historiese belang uiteengesit word, en dan word Bybelse riglyne gegee – nie finale antwoorde nie. Hulle historiese benadering verskil byvoorbeeld opsigtelik van die metodologie en styl van dogmatiese handboeke wat ander Afrikaanssprekende teoloë in dieselfde tydperk uitgegee het, byvoorbeeld JA Heyns en A König.

98 ’n Laaste voorbeeld is nog weer die Tweede Willie Jonker Gedenklesing van die NG Kerk se Ring van Kaap die Goeie Hoop, wat hy in 2007 lewer oor “Calvinistiese aktivisme en piëtistiese mistiek – sluit hulle mekaar wedersyds uit en wat beteken dit vir Suid-Afrika vandag?” Hy hanteer die vraagstuk deur “’n historiese perspektief op elkeen van hierdie twee temas te gee en aan te toon, uit die geskiedenis, dat dit onjuis is om die een teen die ander sonder meer af te speel”, p. 3.

studieverslae,⁹⁹ in sy klasaantekeninge vir die studente, selfs in sy studiebegeleiding¹⁰⁰ is dit elke keer weer die denkvorm en argument. 'n Sterk historiese besef en 'n diepe respek vir historiese kennis, agtergronde en ontwikkelinge word gekombineer met 'n ewe sterk aanvoeling vir en insig in die konkrete hede en 'n – dikwels profetiese – soeke na die lewende Woord vir hier en nou.

As hy in 1977 'n sleutelvoordrag lewer tydens 'n kongres by Unisa oor “Kerk en samelewing” doen hy dit vanuit hierdie sterk historiese bewussyn. Ons raak alte makklik “verdwaal in 'n doolhof van modelle en standpunte met min hoop op uiteindelijke helderheid” as ons met die talle tydlose “vooropgesette skemas” werk, met a-historiese teoretiese abstraksies. Die indruk word geskep dat die verskillende standpunte in sulke skemas “sonder enige historiese wortels uit die lug uit geval het”. Geen standpunt kan egter “sonder blootlegging van sy historiese wortels na ware begryp word nie”, sê hy, en bou sy hele toespraak verder op dié historiese benadering, wat “kontemporêre” modelle blootlê vir wat hulle werklik is.¹⁰¹

As hy in 1980 die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Nîmes op uitnodiging toespreek oor “The prophetic task of the church *vis-à-vis* the state”¹⁰² en ook in 1980 op uitnodiging met die Sinode van die Evangelies Lutherse Kerk in Suidelike Afrika in Kaapstad praat oor “Die Lutherse en Gereformeerde tradisies in Suid-Afrika vandag”, sien 'n mens telkens weer dieselfde historiese bewussyn aan die werk.¹⁰³ In verskeie bydraes oor die rol van die kerk in die openbare lewe in Suid-Afrika dink hy na oor die historiese ontwikkelinge en invloede, byvoorbeeld van

99 Dié historiese besef en spesifiek sy sensitiwiteit vir die “swart ervaring” speel ook 'n sleutelrol in die verslag wat hy in 1975 vir USSALEP skryf na sy studiebesoek aan die VSA, sien “Afrika en Swart Teologie in die VSA” in *Teks binne konteks*, pp. 69-74, asook in sy bydrae in dieselfde jaar oor “Swart Teologie binne die Suid-Afrikaanse konteks”, oorspronklik in die *RES Theological Bulletin*, herdruk in *Teks binne konteks*, pp. 49-57. In laasgenoemde sluit hy aan by Sundermeier en Bosch wat in Swart Teologie 'n soort ekwivalent sien van Ebeling se hermeneutiek: “(D)ie bybelse teks is nie 'n objek wat deur my geïnterpreteer word nie, maar is die subjek wat my interpreteer. Swart Teologie is 'n poging om die lewenservaring van die Swartmense *Coram Deo* te interpreteer met behulp van die bybelse teks”, pp. 54-55.

100 Selfs in die temas van sy nagraadse studente herken 'n mens dieselfde historiese bewussyn, alhoewel 'n mens nie te veel daaruit kan aflei nie, aangesien hulle sekerlik ook hulle eie belangstellings gevolg het. 'n Mens dink byvoorbeeld aan Fanie Herholdt se magister-tesis oor die kruisteologie van Luther in sy *Heidelbergse disputasie*, en aan die doktorsale werk van Andries Botha oor apartheid en Stiaan van der Merwe oor die belang van kontekstualiteit in die teologie.

101 JFF Durand, “Kontemporêre modelle vir die verhouding van kerk en samelewing” in *Teks binne konteks*, pp. 13-37.

102 JFF Durand, “The prophetic task of the church *vis-à-vis* the state” in P Schrottenboer (ed), *Church and nation. Theological Conference Papers* (Grand Rapids, MI: Reformed Ecumenical Synod, 1981), pp. 3-15.

103 JFF Durand, “Die Lutherse en Gereformeerde tradisies in die Suid-Afrika van vandag” in *Teks binne konteks*, pp. 107-116.

die Calvinisme, die piëtisme, en die sogenaamde burgerlike godsdiens.¹⁰⁴ Telkens probeer hy die tradisie verstaan ten einde die hede beter te kan verstaan.

’n Goeie voorbeeld is te vind in sy plasing van die verhouding tussen kerk en staat in Suid-Afrika teen die historiese agtergrond van die invloede van Kuyper en Barth onderskeidelik, in “Church and State in South Africa: Karl Barth vs. Abraham Kuyper”.¹⁰⁵ Hy sluit met ’n lang gedeelte oor “The South African situation and the hermeneutical problem” waaruit sy klem op die (ook dalk self-kritiese en geváárlike) hóór in die konkrete historiese hede teenoor die (onskuldige en onskadelike) herhaling van tydlose beginsels nog eens blyk.

The very real danger remains that the prophetic voice of the church in political matters will be buried beneath generalities. Precisely because general principles and not specifics are proclaimed the church forsakes its hermeneutical task of understanding and interpreting the Word of God for a given historical-political situation. The responsibility for such an interpretation is left to the individual Christian. (This) is of course not wrong. On the contrary, such an idea is part and parcel of the Reformed tradition ... It was never the intention of the Reformers, however, to eliminate the church and the ministry of the Word. The ministry of the Word is, inter alia, a safeguard against an individualistic and arbitrary interpretation of the Bible. The Word of God stresses the fact that we can know only “with all God’s people” (Eph. 3:18), that is, within the community of the church. To maintain that the church should proclaim only “general Christian principles” or “eternal truths” without the necessary hermeneutical process of trying to understand what “general Christian principles” means in a specific

104 Sien byvoorbeeld sy voordrag in 1983 by die kongres van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, gepubliseer as “Die Suid-Afrikaanse spanningsveld van kerk en politiek” in *Teks binne konteks*, pp. 131-140; sy huldiging aan Beyers Naudé, wat tegelyk ’n poging is om die verset binne Afrikaner kerklike geleedere in historiese verbande te verstaan, “Afrikaner piety and dissent” in Charles Villa-Vicencio & John W de Gruchy (eds), *Resistance and hope* (Cape Town: David Philip, 1985), pp. 39-51, in Afrikaans herdruk as “Afrikanerpiëtisme en andersdenkendheid” in *Teks binne konteks*, pp. 163-178; sy historiese oorsig oor denke oor vrede en geweld in die Suid-Afrikaanse kerke, in JJJ Durand & DJ Smit, “The Afrikaner Churches on war and violence” in Charles Villa-Vicencio (ed), *Theology and violence: The South African debate* (Braamfontein: Skotaville, 1987), pp. 31-50, in aansluiting by die geannoteerde historiese dokumente in JJJ Durand & DJ Smit, *Kerk en geweld* (Bellville: UWK, 1995); sy bespreking van die verhouding tussen Christene en Marxiste in Suid-Afrika, “Christians and Marxists in South Africa” in Gerrit Loots (ed), *Listening to South African voices* (Port Elizabeth: Woordkor, 1990), pp. 96-115, waarin hy nog eens argumenteer dat “(a)n a-historical approach which does not consciously take into consideration the specific situation in which the meeting between Christianity and Marxism takes place tends towards generalizations and a type of stereotyping that in no way do justice to either”, pp. 99-100; asook sy huldiging vir Willie Jonker, naamlik JJJ Durand, “Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk” in PF Theron & J Kinghorn (eds), *Koninkryk, kerk en kosmos* (Bloemfontein: Pro Christo, 1989), pp. 64-73. In elk van hierdie voordragte volg hy ’n historiese argument.

105 JJJ Durand, “Church and State in South Africa: Karl Barth vs. Abraham Kuyper” in Charles Villa-Vicencio (ed), *On reading Karl Barth in South Africa* (Grand Rapids: Eerdmans, 1988), pp. 121-137.

historical situation is to undermine the ministry of the Word or to make it a caricature of what it should be.¹⁰⁶

Na sy oordeel is die problem in baie Suid-Afrikaanse kerke presies hierdie gebrek aan aandag vir die situasie van die konkrete historiese adressesate.

This is what happened and is still happening to a great degree in the Afrikaner churches. It is not unusual to listen to lofty sermons about social justice within these circles, but very seldom is it spelled out what social justice entails for us in South Africa today ... The end result is that the church is reduced to silence, and by its very silence endorses things that cannot be tolerated on moral grounds and in the light of the gospel.¹⁰⁷

Te midde van die groeiende verdeeldheid van die apartheid samelewing word sy oortuiging dat die skopus, die gerigtheid van die evangelie juis met versoening te make het, en wel met daadwerklike, konkrete historiese versoening binne 'n gemeenskap wat die versoening beleef en uitleef al hoe sterker – en sy uitsprake gevolglik ook al meer krities en profeties. As hy in 1977 die afsluitende respons moet lewer tydens die Jaarvergadering van die Missiologiese Vereniging, bely hy dat hy geen ander moontlikheid sien as dat die kerk bevry sal moet word tot versoening nie, in “Bevryding tot versoening”.¹⁰⁸

(S)oes u glo ek ook aan die kerk en aan die gemeenskap van die heiliges in die taal van ons geloofsbelofte. Maar my nood is dit: hierdie kerk as geloofsrealiteit is nie 'n platoniese idee nie, maar is ook hierdie historiese kerk wat ons almal leer ken het in sy swaakheid en in sy mislukkings. Dit is my nood, gebore uit die ongelooft van my eie hart.¹⁰⁹

In 1978 dra sy klasgesprekke met sy dogmatiek studente aan die Universiteit van Wes-Kaapland direk by tot die NG Sendingkerk se verwerping van apartheid as in stryd met die evangelie van versoening¹¹⁰ en in 1982 speel hy self 'n rol in die sentrale plek

106 Durand, “Church and State in South Africa: Karl Barth vs. Abraham Kuyper”, p. 133. In 'n ander verband sou hy aantoon dat ook kerkregtelike beginsels só tyd- en konteksloos hanteer kan word om aan die konkrete gerigtheid van die evangelie in die hede te ontkom. As hy nadink oor die destyds hoogs omstrede vraag of kerkverband vir Gereformeerdes tot die wese (dus: nodig) of tot die welwese (dus: kan ook nagelaat word) van die kerk behoort, is sy gevolgtrekking “Wie hier wil begin goël met 'n onderskeiding tussen 'wese' en 'welwese' van die kerk op só 'n wyse dat dit van 'n kerkverband 'n opsionele saak maak ten einde bepaalde rassevooroordele te akkommodeer, bevind hulle nóg op Gereformeerde erf nóg binne die grense van die Skrif”, JFF Durand, “Kerkverband – wese of welwese?” in P Meiring & HI Lederle (reds), *Die eenheid van die kerk* (Kaapstad: Tafelberg, 1979), p. 77.

107 Durand, “Church and state in South Africa: Karl Barth vs. Abraham Kuyper”, p. 133.

108 JFF Durand, “Bevryding tot versoening”, oorspronklik gepubliseer in *Missionalia*, herdruk in *Teks binne konteks*, pp. 88-90.

109 Durand, “Bevryding tot versoening”, p. 89.

110 Sien byvoorbeeld sy eerste outobiografiese bydrae, JFF Durand, “Discovering the implications of reconciliation”, oorspronklik in *Journal of Theology for Southern Africa*, Desember 1982, en in Afrikaans herdruk met die titel “Teks binne konteks” in *Teks binne konteks*, pp. 191-197.

wat die boodskap van versoening speel in die *Ope Brief* van 123 ondertekenaars aan die NGK se afwysing van apartheid. Hy motiveer die argument van die Ope Brief – wat hy as “ongemaklik konkreet” beskryf, omdat dit oor wette soos rasseklassifikasie en groepsgebiede en oor aangeleenthede soos gedwonge verskuiwings, trekarbeid, onderbesteding aan swart onderwys, behuising en lone praat – in sy bydrae “Die kerk se profetiese roeping: Versoening en samelewing”.¹¹¹

As hy in 1983 ’n byeenkoms van Gereformeerde vroue toespreek oor “Koop die tyd uit” gee hy aan dié uitdrukking ’n betekenisvolle teologiese inhoud. Hy gebruik die bekende onderskeidinge tussen fisiese tyd, psigologiese tyd en historiese tyd om te sê die uitdrukking vra eintlik: “Besef (psigologiese tyd) dat die tydsomstandighede waarin jy nou leef (historiese tyd) só belangrik is dat jy die beste gebruik maak van die tyd (fisiese tyd) tot jou beskikking.” Dis dus nie ’n abstrakte vraag nie, sê hy. Christene word daarby gekenmerk deur hulle merkwaardige gemeenskaplike ervaring van die verlede, naamlik “die besef van vergewing, baie spesifiek die vergewing deur die kruis van Jesus Christus. Vir Christene staan hulle verlede in die teken van die kruis ... Hierdie ervaring van die verlede stempel op ’n beslissende wyse hulle ervaring van die hede. Hulle weet dat hulle van die vergewing af kom en juis dit maak hulle vry tot handeling in die hede ... Hulle beslissings en hulle daade van die hede word bepaal deur die vergewing waar hulle vandaan kom en die liefde waarheen hulle op pad is.” In dié lig roep hy daarom die Christelike kerk van destyds op om aan te dring op “skulderkenning, nie in ’n soort sieklike beheptheid met die verlede nie, maar om die toekoms oop te maak sodat met waagmoed in liefde en in geregtigheid gehandel kan word.”¹¹²

As hy in 1986 die organisasie Reform in Pretoria toespreek oor “Die kerk as draer van hoop” sê hy dat niemand teenwoordig waarskynlik “van my verwag om op hierdie tydstip in die geskiedenis van ons land ’n teoretiese voordrag te hou oor ’n teologiese onderwerp wat nie onmiddelik en direk te doen het met die gebeurtenisse wat hulle rondom ons afspeel nie”.¹¹³ In hierdie branding waarsku hy nog eens teen die gevaar van “teologiese cliché’s”, die ewige waarhede van vroeër in sy loopbaan.

Slegs die erkenning dat die kerk en teologie onafskeidelik betrokke is by die spiraal van geweld en teengeweld wat ons gemeenskapslewe stempel – meer nog: slegs die erkenning dat die chaos en die pyn, die haat, die lewensontwrigting part en deel van die kerk se eie lewe self geword het, kan ons bewaar van goedkoop

111 JFF Durand, “Die kerk se profetiese roeping: Versoening en samelewing”, oorspronklik gepubliseer in DJ Bosch, A König & W Nicol (reds), *Perspektief op die Ope Brief* (Kaapstad: Human & Rousseau, 1982), herdruk in *Teks binne konteks*, pp. 117-125.

112 JFF Durand, “Koop die tyd uit” in *Teks binne konteks*, pp. 126-130.

113 JFF Durand, “Die kerk as draer van hoop” in *Teks binne konteks*, pp. 179-190. Hierdie toespraak is trouens van besondere belang om sy siening van tyd en historisiteit te verstaan, aangesien hy hier meer doelbewus as op enige ander plek ingaan op die vraag hoe om vanuit die geloof in die hede oor die toekoms te dink en te praat.

en oppervlakkige teologiese cliché's. En daar moet ook geen misverstand wees oor wat 'n teologiese cliché is nie. *Die mees verbewe teologiese uitspraak word 'n goedkoop cliché as dit nie grond raak in die realiteite van die dag nie, of en veral as dit op 'n subtile en selfs onbewuste wyse gebruik word om van hierdie realiteite weg te kom of om mense met mooi klinkende woorde as 't ware uit te nooi om dit te probeer ontvul.*¹¹⁴

Soos wat verwag kan word, hou hy met hierdie denkraamwerk vol ná die dramatiese sosiale transformasie in die Suid-Afrikaanse samelewing met die val van apartheid en die aanbreek van 'n demokratiese bestel. Dieper as veel ander begryp hy immers wat op die spel is. Oornag ondervind Suid-Afrika nou – ten minste wat sy institusionele aspekte betref, van byvoorbeeld politiek, ekonomie, regspraak, onderwys, openbare lewe, mening en moraal, asook georganiseerde godsdiens – die impak van die modernisme wat oor eeue heen in Westerse samelewings ontwikkel het. Die mees opsigtelike gevolge daarvan is sekularisasie en pluralisme, met die gepaardgaande implikasies vir die openbare plek, funksie en selfverstaan van godsdiens, insluitende kerke, maar dalk minder opsigtelik vorm 'n sterker historiese bewussyn natuurlik 'n integrale deel van hierdie moderniseringsprosesse. Vir die eerste maal – kan 'n mens byna beweer – word talle Suid-Afrikaners nou as 't ware sonder dat hulle begryp wat met hulle gebeur, gekonfronteer met die groeiende historiese gevoel sedert die 19de eeu in die Weste. Vir kerk en teologie is dit alles van sleutelbelang. Die konkrete, lewende adressate van die boodskap is aan die verander, hulle bewussyn en selfverstaan verander as gevolg van die sosiale transformasie rondom hulle, en daarmee ook hulle verstaanshorisonne, hulle vrae, behoeftes, belange, keuses.

Weer eens – soos so dikwels vantevore – is Durand die één Suid-Afrikaanse teoloog wat hierdie veranderende historiese situasie met groot erns bejeën en sowel vir mense probeer verduidelik wat aan die gebeur is met hulleself asook probeer om opnuut vanuit die gerigtheid van die Bybelse boodskap oriëntasie te verskaf, terwyl ander nog swyg en toekyk. Weer eens bring hy meer fundamentele perspektief as vele ander kommentators as gevolg van die historiese raamwerke waarbinne hy die ontwikkelinge plaas.

114 Durand, “Die kerk as draer van hoop”, p. 179. Hy sou vroeër self sorg vir 'n baie dramatiese toepassing van hierdie kriterium as hy in 1981 in sy reaksie op 'n bydrae in die bundel *Stormkompas – Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig* (Kaapstad: Tafelberg, 1981), geredigeer deur NJ Smith, FEO'B Geldenhuys & P Meiring, pp. 21-23, sê: “Ek het 'n probleem met dié bydrae; met geringe wysigings kon dit net so goed geskryf gewees het oor die kerk in ... sê, Lapland. Die abnormale tydsomstandighede waarin die bundel die lig sien en met die oog waarop dit geskryf is, pleit vir 'n bespreking iets minder 'normaal’”. Hy wys dan op talle aspekte van die krisis-situasie, maar beskryf dit merkwaardigerwyse as “teologiese vrae” wat nie vermy kan word nie, en nié byvoorbeeld as bloot historiese of kontekstuele of selfs politieke vrae nie – dís juis vir hom die saak wat op die spel is.

In sy huldiging vir sy vriend John de Gruchy beskryf hy die historiese agtergronde van die prosesse van sekularisasie en pluralisme en die spesifieke vorme en invloed daarvan op Suid-Afrika, in “Secularism, pluralism, and the Afrikaner Churches in the 21st century”.¹¹⁵ Hy tipeer wat aan die gebeur is as “’n vertraagde Verligting” en sê:

(T)he secular forces that engulfed Europe were kept at bay in South Africa. But this could not continue forever. South Africa’s turn has come ... The same forces are at work. Whether the outcome will be the same is of course another matter ... The outcome is not predictable, because history is not predictable.¹¹⁶

In 2002 werk hy hierdie gedagtes veel uitvoeriger uit in sy *Ontluisterde wêreld: Die Afrikaner en sy kerk in ’n veranderende Suid-Afrika*.¹¹⁷ Die titel ontleen hy aan Max Weber se bekende beskrywing van die moderne wêreldbeeld en -bewussyn as een van *Entzauberung, disenchantment*, ontluistering. Dit is wat na sy oordeel nou hier aan die gebeur is, en in groot besonderhede werk hy dit uit in ’n historiese oorsig oor dié tendense en kragte, met uiteindelijke toepassing op die spesifieke kontoere van die komplekse Suid-Afrikaanse situasie.

In 2005 reageer hy in *Doodloopstrate van die geloof* nog eens op historiese ontwikkelinge in Suid-Afrika, as hy in reaksie op gepubliseerde internet-debatte oor God en op die openbare menings van figure wat hulleself as die Nuwe Hervorming beskryf weer eens in eenvoudige taal aantoon hoe diep die modernisme en sy historiese bewussyn Suid-Afrikaanse mentaliteite en gesprekke begin beïnvloed, ook by mense wat hulleself postmodern noem en meen dat hulle nié meer onder die invloed van die modernisme is nie.¹¹⁸ Hulle begryp eintlik nie self wat hulle dink en doen en waar hulle werklik vandaan kom nie, juis vanweë ’n gebrekkige historiese besef. Soos altyd eindig hy met konkrete gedagtes oor “onvoldoende reaksies” op die suigkrag van die moderne lewensgevoel en met suggesties vir “Godsgeloof en spiritualiteit” vir ’n tyd soos nou.¹¹⁹

115 JFF Durand, “Secularism, pluralism, and the Afrikaner churches in the 21st century” in L Holness & RK Wüstenberg (eds), *Theology in dialogue* (Cape Town: David Philip, 2002), pp. 175-189.

116 Durand, “Secularism, pluralism, and the Afrikaner Churches in the 21st century”, p. 189.

117 JFF Durand, *Ontluisterde wêreld. Die Afrikaner en sy kerk in ’n veranderende Suid-Afrika* (Wellington: LuxVerbi. BM, 2002).

118 JFF Durand, *Doodloopstrate van die geloof. ’n Perspektief op die Nuwe Hervorming* (Stellenbosch: African Sunmedia, 2005).

119 Durand, *Doodloopstrate van die geloof*, veral pp. 65-110. Van besondere belang is die rol wat die “eintlike boodskap, die gerigtheid van die Bybel, die betekenisfokus of die skopus daarvan” uiteindelik in sy argument speel: “Met die gedagte van die skopus van die Skrif word niks anders bedoel nie as dat die Bybel in sy geheel ’n *saak* het waarom dit in die inhoud van die Bybelteks gaan. Die Bybel het ’n sentrale bedoeling van waaruit die totaliteit van die Bybelteks gelees en geïnterpreteer moet word: die *boodskap* van God se verlossende handeling in die koms, sterwe en opstanding van Jesus Christus wat as *lewende Woord van God* tot ons kom. Deur die Bybelse verkondiging van Jesus Christus ontmoet God Self die mens en vra van hierdie aangesproke mens ’n antwoord. Om die Skrif reg te vertolk

Toenemend word dit deur die jare vir hom duidelik dat déél van die historiese werklikheid wat raakgesien en benoem moet word, die lyding is, die verskrikking van leed en droefheid en nood, tot by die werklikheid van die dood. Oor baie jare heen het hierdie teologiese vrae hom diep geboei, ook om persoonlike redes. In 1977 reeds skryf hy oor “Waarheid en leuen in ’n terminale situasie – ’n dogmaties-etiese besinning”.¹²⁰ In 1981 bespreek hy “Life and death as a theological problem”.¹²¹ In 1986 skryf hy oor

betekem om te vra op watter manier God in Jesus Christus my met hierdie Bybelteks aanspreek en wat God vir my in hierdie teks wil sê. Om die Bybelteks los van hierdie bedoeling van God te probeer interpreteer, kan lei tot ’n verdraaiing van die eintlike betekenis daarvan *wat die werklike hoor van die lewende Woord van God versteur en blokkeer*”, pp. 106-107. Dat Durand volkome bewus is van die metaforesie aard van hierdie woorde van hom spreek vanself – wat egter nie beteken dat hulle nie waar is nie, intendeel. Dis juis deel van sy kritiek teen sommige onder diegene wat hulleself hier te lande as sogenaamd postmodern beskryf, te wete dat hulle verval in linguïstiese relativisme omdat hulle nie die aard en krag van metaforesie wáárheid begryp nie. Die wydverbreide probleem in plaaslike kerklike kringe was en bly egter, soos hy deur die jare duidelik gemaak het, “dat die kerk soms self daaraan skuldig is dat die geloof, hier by die sentrum, hier waar ons die werklike skopus van die Bybelboodskap ontdek, ondermyn word deur sake van die periferie te behandel asof dit tot die sentrum behoort. Hiervoor word regverdiging gevind deur ’n bepaalde Bybelgeloof waardeur lidmate soms, gelukkig nie altyd nie, onder die indruk gebring word dat die Bybel ’n soort reliëflose boek is waarin alles ewe belangrik is ... Die verkondiging en hantering van die Skrif en die beoefening van die teologie wat nie vanuit die skopus van die Skrif gedoen en gekontroleer word nie, bring die gevaar mee dat die Skrif ’n soort wetboek of handboek vir ’n reeks dogmas word, almal van gelyke waarde en betekenis ... Ongelukkig leef daar onder baie lidmate ’n soort Bybelgeloof wat nie hierdie essensie van die Skrif raaksien nie. Selde word hulle deur dominees en die kerklike leiding reggehelp omdat genoemdes self nie altyd hierdie wesenlike element van die Reformatoriese Skrifbeskouing verstaan nie. Hierdeur word van die Bybel ’n dogmatiese teksboek gemaak waarin alles van gelyke waarde is. Dit het tot gevolg dat baie teologies-denkende lidmate probleme optel by aangeleenthede wat nie die skopus en funksie van die Skrif in gedrang bring nie”, pp. 109-110. Dis duidelik hoe Durand vandag se aktuele probleme in die kerk steeds raaksien en aanspreek met behulp van die historiese bewussyn en die denkraamwerk wat hy dekades tevore reeds ontwikkel het. In die hart daarvan is die oortuigings aangaande die lewende God se lewende Woord aan lewende hoorders, *wat in die geskiedenis, in die wêreld ingaan*: “Die verkondiging van God se verlossende handeling in Jesus Christus is ’n skat wat in ’n kleipot, in die broosheid van menslike getuienis, *die wêreld ingaan* ... (D)ie sestiende eeuse Reformasie (het) die Skrif gesien as ’n preekteks waarin die lewende Woord van God tot ons kom, dit wil sê waarin God aktueel, vandag, tot ons spreek en waarin God Godself in Jesus Christus deur die werking van Gods Gees onder ons teenwoordig stel”, p. 109. Hierin skuil dan ook die ware self-kritiese uitdaging aan die plaaslike kerk vandag. “(Niks) mag die kerk daarvan weerhou om haarself telkens weer krities af te vra of sy reg laat geskied aan haar Reformatoriese erfenis waarin die Bybel weer sy eintlike funksie teruggekry het as lewende Woord van God in die verkondiging daarvan nie. Die kerk moet bereid wees om elke keer weer die vraag te stel of die wyse waarop die Bybel gebruik word in diens staan van God se bedoeling met sy Woord, sodat die een wat daarna luister deur die Gees van God aangegryp sal word en in geloof sal antwoord”, p. 110.

120 JFF Durand, “Waarheid en leuen in ’n terminale situasie – ’n dogmaties-etiese besinning”, *Woord en wetenskap* (Bloemfontein: VCHO, 1977), pp. 73-80.

121 JFF Durand, “Life and death as a theological problem”, *Journal of Theology for Southern Africa* 36 (September 1981), pp. 18-26.

kruis en lyding as hy moet praat oor hoop, in “Die kerk as draer van die hoop”.¹²² In ’n baie belangrike bydrae om sy denke te verstaan skryf hy in 1993 oor “Theology and resurrection – Metaphors and paradigms”.¹²³ Op indringende manier peins hy egter ook oor lyding in sy huldigingsbydrae vir sy jarelange vriend en geesgenoot, Hennie Rossouw, naamlik “In bewuste herinnering”.¹²⁴ “(E)k wil aandag vra vir wat die bewuste herinnering van pyn kan beteken, nie alleen individueel nie, maar ook kollektief, nie alleen persoonlik en privaat nie, maar ook polities en publiek.”¹²⁵

As historiese wesens word ons identiteit gevorm deur ons geskiedenis, maar dan op besondere wyse deur die pyn van ons geskiedenis, sodat dit patologies kan wees as ons, individueel óf gesamentlik, die leed van die verlede probeer vergeet of ontken. Ons benodig ’n bewuste herinnering, gesamentlike pogings tot “kommunikatiewe handeling” waarin ons die lyding van die verlede in bewuste herinnering roep, nie met gelate berusting nie, nie met oppervlakkige regverdigings, selfs teodiseë nie, maar as “onvervulde hoop” wat vashou aan “’n geopende hemel in die lyding” en aan “’n opstanding in die laaste groot lyding van die dood.”¹²⁶

Weér eens is sy historiese besef, sy aanvoeling vir die verleidinge wat konkrete, lewendende adressate van die boodskap juis op hierdie punte ervaar, sterk aanwesig in hierdie probleembewussyn, want “(ons) leef in ’n tyd waarin die tegniek en die tegnologiese vooruitgang skynbaar daarop ingestel is om die pyn te marginaliseer, en waarin die sosiaal-politiese oproep om te vergeet al hoe dringender word”.¹²⁷ Teenoor die vergeet staan die noodsaak van onthou.

’n Weg tussen onthistorisering en relatiwisme?

Jaap Durand noem glo die ongepubliseerde en persoonlike herinneringe wat hy vir sy kinders en kleinkinders se private gebruik neergeskryf het *Sommige dinge is die moeite werd om te onthou*. Miskien word die hart van sy teologiese loopbaan in dié woorde saamgebundel. Hy was voortdurend aan die soek na ’n weg tussen die a-historisme en die historisme, alhoewel hy dié terme self nie dikwels gebruik het nie.¹²⁸

122 Durand, “Die kerk as draer van die hoop”, pp. 179-190.

123 JFF Durand, “Theology and resurrection – Metaphors and paradigms”, *Journal of Theology for Southern Africa* 82 (March 1993), pp. 1-20.

124 JFF Durand, “In bewuste herinnering” in AA van Niekerk, WP Esterhuysen & J Hattingh (reds), *Intellektueel in konteks* (Pretoria: RGN, 1993), pp. 289-304.

125 Durand, “In bewuste herinnering”, p. 290.

126 Durand, “In bewuste herinnering”, pp. 292-303. Vir die belangrike vraag wat hy inhoudelik met hierdie laaste Bybelse metafore bedoel, sien veral Durand, “Theology and resurrection – Metaphors and paradigms”.

127 Durand, “In bewuste herinnering”, p. 290.

128 Ek sou graag meer wou sê oor die invloede op sy werk en oor verwante ontwikkelinge gedurende sy leeftyd, maar hy het ’n diepe afkeer aan voetnote en onnodige woorde en uit respek daarvoor

Vir die grootste deel van sy lewe was hy aan die worstel met a-historisme in verskillende gedaantes. Volgens die a-historisme is die geskiedenis onbelangrik en is dit nie nodig om enigiets te onthou nie, want ons beskik oor bo-tydelike beginsels, ewige waarhede, sluitende sisteme, finale formuleringe, tydlose teologie. Die meeste van sy kritiek was op sulke standpunte gerig, en op die verleidelike en invloedryke gestaltes wat hulle in Suid-Afrika aangeneem het. Self wou hy die kontingensie, die nuutheid, die kompleksiteit, die openheid van die geskiedenis ernstig neem – maar nié tot by die radikale konsekwensies van die historisme nie.¹²⁹

Volgens die historisme is die geskiedenis eintlik ook onbelangrik vir lewensoriëntering en is dit ook nie nodig om enigiets te onthou nie, want alles is relatief, verganklik, verby, vreemd, vergange, volledig situasie-bepaald. In die finale instansie is die geskiedenis verklaarbaar en deursigtig en die wêreld geslote en sonder verrassings. In die laaste jare word Durand se kritiek al meer teen sulke standpunte gerig, teen posisies wat eintlik baie gemeenskaplik het met sy eie diepste oortuigings omdat hulle ook histories bewus is, maar wat na sy oordeel te vër gaan, omdat hulle die relativisme en verlies aan waarheid verbonde aan hulle eie posisies nie peil nie.

Teenoor sowel die a-historisme as die historisme is Durand oortuig dat sommige dinge wél die moeite werd is om te onthou. Sommige dinge is wáár – en dáárom die moeite werd om te onthou, ook al kan ons net stamelend en altyd ontoereikend in ons

het ek doelbewus my voetnote hier ook vir een keer tot die absolute minimum beperk – en daarby so bondig as moontlik probeer skryf!

129 Die een werk van Troeltsch waarmee Durand reeds in die laaste dele van “Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke” gewerk het, was juis sy “Die Krisis des Historismus” (*Die Neue Rundschau*, 1922), saam met die omvattende studie van Troeltsch deur J Klapwijk, *Tussen historisme en relativisme* (Assen: Van Gorcum, 1970).

“kontekstuele metafore” daaroor praat¹³⁰ en nooit die volheid daarvan uitdruk in ons beperkte, menslike taal nie.¹³¹


- 130 In sy outobiografiese terugskoue het Durand elke keer drie fases in sy eie ontwikkeling onderskei – die ewige waarhede, die historiese kontekstualisering, die metaforiese taal – maar ’n mens moet versigtig wees en sy bedoelinge nie misverstaan nie. Dis dalk selfs effe misleidend om van “fases” te praat, asof die een die ander vervang het, en asof sy belangstelling in taal in die plek van sy bewussyn van die geskiedenis gekom het. Dit sou ’n totale misverstand wees. Dis nie sonder rede dat hy na David Tracy verwys as die denker in wie hy iets herken het nie – en nie byvoorbeeld na selfs Lindbeck, of een van die ander postmoderne of postliberale denkers by wie die linguïstiese wending eintlik as ’n wegkeer van enige historiese belangstelling gelees kan word nie. By Tracy – soos in *Plurality and ambiguity* (San Francisco: Harper & Row, 1987) – gaan die radikale pluraliteit van taal en die radikale ambiguïteit van die geskiedenis saám, dis twee kante van dieselfde problematiek – en presies so by Durand. Dis nie sonder rede dat hy sy terugblik tipeer nie as “Van ewige waarhede tot gekontekstualiseerde metafore”. *Die kontekstualiteit van alle teologiese duiding van die geskiedenis en die metaforiese aard van alle teologiese taal is één*. Hy was dan ook altyd van die ontoereikendheid van ons teologiese taal bewus, soos wat ’n mens uit sy werk oor al die jare kan aantoon, as integrale déél van die relatiewiteit van ons historisiteit, maar oor die laaste jare het hy die implikasies daarvan net nog duideliker gesien, bedink en uitgespel in sy werk. Tereg sê hy daarom self “(h)iermee het die derde fase begin waarin ek ’n poging aangewend het om die tweede fase van historiese kontekstualiteit te kombineer met die wyse waarop Tracy die gedagte van taal vir teologiese refleksie lewend probeer maak het” (JFF Durand, “Hoe my gedagte-wêreld verander het”, p. 69). Hy vat saam: “Ek het besef die konsepte analogie en metafoor kan ’n dieper betekenis gee aan die idee van historiese kontekstualiteit soos ek dit tot op daardie stadium gehanteer het” (p. 69).
- 131 Die groeiende besef van die blywende ontoereikendheid van al ons geloofs- en teologiese taal het hom ook ’n nuwe waardering vir die *mistiek* gegee. In verskeie van sy latere voordragte, soos ook in *The many faces of God*, word hierdie waardering duidelik. Byvoorbeeld: “Bo alles het ek begin leer om waardering te hê vir die diep besef van die onuitsprekbare by die mistici. Die mistisisme van die ewige Woord by Origenes, die naaktheid van die siel in gebed by Evagrius, die taalverdwende stilte van die Goddelike by Dionysius, die hart se verlange na God by Augustinus, die reinheid wat die onverstaanbare verstaan by Bernard van Clairvaux, Bonaventura se kontemplasie van die Goddelike voetstaple – hierdie en baie ander, soms weersprekende pogings om metafore te vind wat op die een of ander wyse die metaforiese wêreld van die Bybel probeer reflekteer en internaliseer, leer ons om diep nederig te wees in ons eie soeke na God” (“Hoe my gedagte-wêreld verander het”, p. 70). Ook dit moet egter reg begryp word. Hy bedoel weer eens nie – soos talle sogenaamd postmodernistiese denkers of diegene wat hy beskryf as “moderne mistici” – om daarmee teologie minimalisties te reduseer tot net ’n vae vorm van spiritualiteit oorbly nie. Op geen manier was dit byvoorbeeld die geval in die tradisie met iemand soos Dionysius, op wie se werk hy meermale ingaan, nie. “This cannot be said of the theology of Dionysius. The apopathic side of his theology ... was never the result of a complete surrender to the demands of the human intellect, but rather a theological acknowledgement of the greatness and incomprehensibility of God. Moreover, the apothetic side of his thought never restricted the scope of his symbolic theology” (Durand, “Modernism, mysticism and the challenge of theological language”, p. 9). Die dissipline van die apofatische teologie is daar om ons te herinner dat ons staan voor die geheimenis van God wat leef “in the darkness of unknowing” en dat ons metafore presies dit is, metafores; dis nie daar om ons te laat vrees dat ons metafore nie wáár is, ás metafore nie. Herhaaldelik waarsku Durand daarom in sy laaste geskrifte teen enige oormoedige oorskatting van ons taaluitinge oor God – sóós vroeër, sou ’n mens kon sê, maar nou nie net vanweë die relatiewiteit van die geskiedenis nie maar ook vanweë die ontoereikendheid van ons taal. Terwyl hy dit doen, bely hy egter ook steeds telkens – sóós vroeër

Ten diepste wortel dié historiese bewussyn in sy Reformatoriese oortuiging dat die openbaring “die geskiedenis ingegaan het”, “die wêreld ingegaan het”, dat die lewende God deur sy lewende Woord lewende mense aanraak. Vanweë dié belydenis het Durand sêlf ook as teoloog en denker die geskiedenis ingegaan, die wêreld ingegaan soos min ander van sy tydgenote en ’n verskil gemaak, en daarom word hy met reg gehuldig en sal sy naam só die geskiedenis ingaan, vir die wat bevoorreg is om hom te ken.

DIRKIE SMIT is professor in die Department Sistematiese Teologie en Ekklesiologie aan die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch.

in die betroubaarheid van die Lewende wat met ons geskiedenis maak, ondanks ons gebrekkige kennis en taal. Sy eenvoudige storie oor Jesus, *Iemand soos ek en jy* (Stellenbosch: T Wever, 2003) – vertel vir en opgedra aan sy kinders – eindig: “In hierdie mens soos ek en jy het God self gewoon. Moenie vir my vra om dit te verduidelik nie. Moenie vir my vra om dit in teologiese formules vas te lê nie. Daarvoor kan ek nie ’n storie vertel nie. Ek kan net in aanbidding buig”, p. 14. Sy outobiografiese storie eindig: “Ek is nie langer meer so seker van myself en my teologie nie ... Ek is egter daarvan oortuig dat daar een metafoor is wat nooit verplaas kan of sal word nie – die *kruis*, God se grootste metafoor vir die wêreld, die diepste uitdrukking van die mees onuitspreekbare, sy liefde vir ons” (“Hoe my gedagte-wêreld verander het”, p. 70). Dié metafoor is immers ’n moment in die geskiedenis.

Sharter reflections



Jaap Durand: Lojale vriend, spelende professor en bemiddelaar

CAREL ANTHONISSEN

Dit was vroeg in die lente van 1985 dat Jaap Durand my op 'n betrokke aand uit die bloute gebel het. Hy was ontsteld en wou my kom sien. Ek het vermoed waarom die besoek gaan, maar nie presies geweet waarheen dit alles sou lei nie.

Jaap was op daardie stadium vise-rektor van UWK asook 'n lidmaat van die Rynse kerk op Stellenbosch en nou betrokke by die stryd teen apartheid. Ekself het twee dae vroeër my paspoort verloor as gevolg van 'n omstrede poging om saam met 8 studenteiers gesprek te voer met die verbode ANC Jeugliga in Lusaka.

Teen die agtergrond van die groter politieke woelinge van destyds, was hierdie beplande gesprek 'n relatief klein, indien nie onbeduidende inisiatief nie. Maar vir die president van die land, wat destyds ook kanselier van die Universiteit was, was dit 'n daad van verraad. Vandaar sy ingrype om ons paspoorte te konfiskeer. Die insident was destyds groot nuus in die Afrikaanse pers. Ek het verskeie dreigoproepe ontvang. Mense, selfs ou vriende, het nie verstaan nie, was kwaad en het ons opsigtelik vermy. Skynbaar was die hart van Afrikaner-wees vir sommige hier op die spel.

Ook in die Stellenbosch Studentekerk waar ek destyds leraar was, het die emosies hoog geloop en het dit vir etlike weke gegons. My kollegas het hulle onmiddellik in die openbaar van ons optrede gedistansieer – iets wat vir baie jare tot diepe vervreemding tussen sommige van ons sou lei. Hans Müller, tans dosent aan die Departement Inligtingwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch en destyds voorsitter van die Kerkjeug-aksie, was deel van die studentegroep wat na Lusaka genooi is. Ons is voor 'n kerkraadskommissie gedaag en moes verduidelik. Buiten met die kerkraad was daar ook ander ontmoetings, onder andere met die rektor wat ons, skynbaar onder druk van sy kanselier, probeer uitpraat het uit die “onbesonne poging”.

Die ontmoeting met die kerkraad en kollegas was egter die meer dramatiese een. Ek het my bes probeer om my posisie, my persoonlike geskiedenis wat die gebeure voorafgegaan het, te verduidelik, asook my geloof dat die kerk in hierdie kritieke tyd van die land se geskiedenis 'n bemiddelende rol moes speel. Ek was (moontlik naïewelik) oortuig dat dit die geweldige kloof, fisies en persepsioneel, tussen die NP en die ANC sou help oorbrug en selfs op die lang duur 'n belangrike teken van hoop vir die jeug kon wees.

Maar daarvan het die destydse kerkraad, met 'n paar gewaardeerde uitsonderings, min verstaan. Die versoek was dat ons moes afsien van ons voorneme, verskoning moes vra en ons onbehoorlike betrokkenheid by die politiek as 'n "sonde" bely. Die begrip wat ons wel gekry het, het uit onverwagte oorde gekom.

Jettie Degenaar het namens haar en Johan blomme gebring; Victor en Hester Honey, wie se kinders aktief by die End Conscription Campaign betrokke was, het kom inloer; André du Toit, politieke filosoof, wat meegehelp het aan die SPROCAS projek van die Christelike Instituut, en sy vrou Mareta het ons omarm en oorgenooi, ook later toe Beyers Naudé vry was en in die Kaap op besoek gekom het. Bernard Lategan het kom aanklop en bemoedig. Jeanette Groenewald het 'n brief van protes geskryf. So kan 'n mens 'n hele paar ander opnoem. Dan was daar ook nog Jaap Durand. Terugskouend kan ek vandag eerlik sê dat ek en my familie heelwat swaarder, spesifiek binne die kerk, sou gekry het as dit nie vir Jaap was nie.

Meer as wat ek besef het, het Jaap Durand die verwickelinge rondom ons noukeurige gevolg en dopgehou. Behalwe dat dit vir hom 'n barometer was van die gevoelens in die Afrikaanse gemeenskap, het hy vanuit sy eie geskiedenis die koue skouer van die kerk en die verwerping en veronregting wat dikwels daarmee gepaard gaan, goed geken – dit ook herken waar dit met ander gebeur het ... en dan het hy die moed gehad om op te staan en in te tree. Dit is waarom hy die aand gebel en by my kom sit het.

Jaap was verontwaardig oor die manier waarop die kerkraad ons hanteer het. Hy was oortuig dat hulle optrede, spesifiek soos dit verwoord was in 'n breedvoerige verklaring teen ons, onkerkregtelik, onregverdig en kwetsend was. Dit het die gees van tuggeadem terwyl daar geen standaard klagteprosedure gevolg is nie. Om seker te maak dat hy nie onnodig bevooroordeel was nie, het hy tydens ons gesprek sy jarelange vriend Willie Jonker gebel vir 'n afspraak. Jonker het ons dieselfde aand nog ontvang en ná hy die kerkradsverklaring deurgelees het, Durand se aanvoeling bevestig.

Vir my was Prof Jaap, soos ek hom toe geken het, se bystand en ondersteuning op daardie tydstip 'n geweldige bron van bemoediging en gerustelling. Trouens, sy laaste woorde met sy vertrek daardie aand was dat ek die saak in sy hande moes laat en rustig moet aangaan met my lewe. Later sou ek uitvind dat hy my ouer kollega, vir wie ons geaborteerde versoeningspoging 'n persoonlike verleentheid was (miskien ook omdat hy goed bevriend was met verskeie nasionale LP's en weekliks by die parlement gaan bidure hou het), kort daarna gaan opsoek en streng aangespreek het. Hy het hom daarvan bewus gemaak dat die kerkraad se optrede nie net onregverdig, onnadenkend en kortsigtig was nie, maar dat dit gevaarlike konsekwensies vir die verhoudinge binne die plaaslike NG familie ingehou het.

Dat hierdie vermaning betekenisvolle effek gehad het, was gou duidelik. Die betrokke kollega het oornag versag en sy gesig was skielik weer, in Bybelse terme, "soos gister en eergister". By die volgende kerkradsvergadering is na die aangeleentheid verwys

asof daar 'n bewussyn was dat die kerkraad oorreageer het en dat die saak 'n ligte verleentheid geword het, een wat hulle so gou moontlik van die agenda af en in die vergetelheid gedryf wou hê. Ek het die skielike hand van vrede en oënskynlike hartverandering nie heeltemal vertrou nie. Daar was geen persoonlike gesprekke nie, net vae openbare verkларings van 'n verbondenheid tot vrede en versoening. Dit het nogal die reuk gehad van kerklike opportunisme, gebore uit die vrees om invloed en aansien te verloor, dié slag nie soseer by die maghebbers van die tyd nie, as by gerekendes binne die bruin en swart gemeenskap. Een ding is wel in die proses by my bevestig: dat Jaap Durand op daardie stadium besondere invloed en respek oor alle grense heen geniet het.

Vir myself was die uitkoms van hierdie betrokke aand selfs meer betekenisvol. Dit was die begin van 'n besondere vriendskap, een waarop ek vandag steeds met verwondering en diepe waardering terugkyk.

Tot op daardie stadium het ek Jaap nie van naderby geken nie. Om die waarheid te sê, as student was ek reeds lugtig vir hierdie formidabele, selfs intimiderende figuur met sy uitgesproke sendingagtergrond, indrukwekkende akademiese rekord en ruie bos swart hare wat hom kompleet soos 'n streng Ou Testamentiese profeet laat lyk het. Hierdie bos hare sou, terloops, oor die jare minder word en meer grys, sodat hy, ewe merkwaardig, plek-plek aan die akteur Sean Connery herinner het! Maar dit tersyde ...

Belangriker was dat ek in hierdie kritieke jare van my jong bediening, 'n soort profetiese vaderfiguur met 'n hart ontmoet het; iemand wat, alhoewel hy heelwat ouer as ek was, bereid was om 'n goeie vriend en vertroueling te wees. Teken hiervan was dat hy spoedig aangedring het dat ek hom op sy voornaam noem. Hierna het ons meer gereeld ontmoet, soms by vriende, soms alleen, meermale op die tennisbaan – 'n hele reeks goeie momente het gevolg wat ons vriendskap versterk het.

Deel van die goeie oomblikke saam was 'n wintervakansietoer saam met die Jonker- en Smit-gesinne na Namibia in die laat tagtigerjare, waartydens ons saans onder die sterreheem potjiekos gemaak, speletjies gespeel en dan die land en die kerk se probleme bespreek en probeer uitpluis het. Op die toer het ons mekaar se gesinne, kinders inkluis, goed leer ken en het my vrou, Christine, 'n ewe besondere band met Jaap se vrou, Randu, gesmee.

Tuis op Stellenbosch het ek meermale as ek gekonfronteer is met belangrike keuses of vrae, my tot Jaap gewend – soos die keer toe die Wêreldraad van Kerke my via Beyers Naudé saam met 'n paar ander NG leraars (onder andere Nico Smith, Johan Kinghorn en Willem Nicol) genooi het na hul eerste ontmoeting met die sogenaamde bevrydingsbeweging in Harare, en my kollegas my later verbied het om die uitnodiging aan te neem. Of soos later, toe ek deur die kerk vir 'n deel van my tyd gesekondeer is na die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit en ek duidelikheid oor my kontrak moes

kry. By sulke geleenthede het hy my altyd hartlik ontvang, tyd gemaak, geduldig en aandagtig geluister en dan vanuit sy ryk ervaring, oorwoë raad en bystand verleen.

Dan was daar ook die tye wanneer ons sommer net gesellig gekuier of saam gefliek het. Ek onthou een so 'n middag in die middel van die week toe net ek en Jaap saam na Dead Poet Society gaan kyk het. Dit was spesifiek in die tyd wat ek 'n ander, en nogal baie belangrike kant van Jaap Durand ontdek het, naamlik dat hy nie net die gewigtige akademikus, vername vise-rector, of gerekende ombudsman was nie, maar by uitstek ook 'n splende mens, 'n ware *homo ludens* soos sy goeie vriend Hennie Rossouw hom meermale beskryf het.

Hennie Rossouw het oor hierdie minder bekende kant van Jaap Durand 'n veelheid van heerlike stories. Daar was veral een wat hoogs amusant was. Dit was toe die twee professore en hulle gesinne as vriende op 'n stadium in Durban saam vakansie gehou het. 'n Student wat later van die ekskursie gehoor het, het op 'n stadium teenoor Prof Hennie opgemerk dat hy darem graag 'n vlieg teen die muur sou wou wees om al hulle diepsinnige gesprekke te kon gehoor het. Wat hy natuurlik nie geweet het nie, het Prof Hennie agterna met 'n glimlag vertel, is dat die twee professore, spesifiek op Jaap se inisiatief, nie 'n woord teologie gepraat het nie, maar heeldag speletjies gespeel het – van kaartspel en bordspele tot “scalectrix” karretjies op die vloer.

Hierdie spelende kant van Jaap Durand moet nie onderskat word nie. Spel of sport het nie net vir hom noodsaaklike ontspanning en afwisseling in sy veeleisende program verskaf nie – dit was hý. Sonder begrip vir sy onverbloemde liefde vir spel het jy 'n groot deel van Jaap Durand gewoon nie leer ken of verstaan nie. Dit het ek begin agterkom toe hy een middag by sy huis met groot entoesiasme vir my en Christine die miniatuur skepe wat hy eiehandig gebou het, gewys het. Ek was verstom toe ek agterkom dat my professor-vriend dit regtig geen skade aan sy reputasie geag het om by geleentheid soos 'n opgewonde kind heerlik op 'n mat met sy elektriese treintjies te speel nie. Dit was egter veral ons gemeenskaplike liefde vir sport en met name tennis wat ons meer gereeld bymekaar gebring het.

As toegewyde lede van Vlottenburg se tennisklub het ons baie genoeglike middae, meestal Saterdag, saam op die windstille bane van die ou boereklub deurgebring. Van ons lekkerste gesprekke oor die sake van die dag, die kerk se nuutste skandes en die jongste teologiese diskussies het gewoonlik op pad terug in die motor plaasgevind. So het ek by hom nuwe perspektief gekry op die vraag na lewe anderkant die dood en die lig wat Christus se opstandingsverhale hierop kan werp – iets waarmee hy kort na die ontydige dood van Randu intens geworstel het. Tydens een van ons gesprekke het hy my ook vertel van sy boek *Ontluisterde wêreld*, min wetende hoe sy analyses en insigte in die boek weerklank sou vind in 'n lesing wat ek later op 'n studiebesoek aan Hamburg gehou het.

Ten opsigte van ons gemeenskaplike liefde vir sport is daar wel een deel waaroor ek vandag 'n klein bietjie spyt het. Naas die tennis was Jaap, saam met sy tweede vrou Sonja, ook 'n ywerige en kranige rolbalspeler. Hulle was oortuig dat ek en Christine die spel saam met hulle sou geniet, en dat dit, soos in hulle geval, ook die kameraadskap tussen man en vrou kon versterk. Gevolglik het hy en Sonja ons by meer as een geleentheid kom haal en touwys probeer maak. Ek het redelik gou die slag gekry en die spel toenemend geniet, maar dit was ook gou duidelik dat ons, met 'n program wat voller geword het, sou sukkel om rolbal ook nog in te pas. En daaroor voel ek tog vandag nog ietwat spyt.

Daar is 'n ander belangrike, byna epiiese episode wat die aard van ons vriendskap en veral Jaap Durand se rol in die ontplooiende lotgevalle van ons land in die vroeë negentigerjare duidelik sou markeer. Ek vertel die storie ten slotte omdat dit een van die baie interessante agter-die-skerm-stories uit daardie tyd is – ook omdat dit wys hoe skynbaar klein inisiatiewe, aangepak deur gewone, maar moedige mense, soos wat Jaap nog altyd was, die toekoms van 'n land positief kan help stuur.

Dit het weer eens begin met 'n onverwagse oproep van hom teen die aand se kant, dié keer 'n paar jaar nadat Mandela reeds vrygelaat was en ons op die vooraand van 'n eerste demokratiese verkiesing gestaan het. Daar was egter knooppunte en Jaap Durand, wat op daardie stadium binne die ANC kamp vertrou geniet het, moes raadgee en weë deur 'n moeilike politieke landskap help vind. Sy eerste vraag toe ek die telefoon optel, het my half onkant gevang – “Hoe naby beweeg jy aan jou skoonpa?” Toe ek bevestig dat ons wel op goeie voet verkeer, het Jaap my meegedeel dat hy binne vyf minute by my sou wees. In die privaatheid van ons sitkamer het hy sy dilemma en die doel van sy besoek verduidelik.

Skygbaar was die ANC kort voor die 1994-verkiesing bewus van die gevaar van militêre verset uit die geleedere van wit konserwatiewes. Die situasie was uiters plofbaar. Die probleem het spesifiek betrekking gehad op die posisie van oud-generaal Constand Viljoen, eertydse hoof van die Weermag en leier van die destydse Vryheidsfront. Die Vryheidsfront was skepties ten opsigte van die opkomende verkiesing en traag om deur deelname 'n proses te legitimeer wat hulle sou marginaliseer. Beter waarborge vir die beskerming van hulle regte is gesoek. Genl Viljoen was onder groot druk om die verkiesing te boikot en militêre verset te lei wat die politieke prosesse tot stilstand sou bring en die land in voortslepende chaos en konflik kon dompel. Dit was die boodskap wat van sy tweelingbroer, Braam Viljoen, wat ANC-gesind was en Dakar destyds meegemaak het, deurgekom het. Sy advies was dat iemand invloedryk en gematigd soos Carel Boshoff Constand sou kon oortuig om af te sien van die gevaarlike koers en sy volgelinge mee te neem in die verkiesing. Nadat met Boshoff gepraat is, was sy onverwagse en verrassende advies: “Praat eers van ANC kant met my vriend Chris Jooste (my skoonpa) – sy mening kan help, dit kan selfs van deurslaggewende belang wees”.

Chris Jooste was in die sewentigerjare direkteur van SABRA (Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse Aangeleenthede) en het op daardie stadium afgetree in Vredendal gewoon. Hier het hy heelwat nagedink en geskryf oor die wenslikheid en praktiese uitvoerbaarheid van 'n sogenaamde volkstaat vir Afrikaners. Hy was 'n naby vriend van Boshoff en is deur Boshoff beskryf as “die belangrikste denker en teoretikus” oor die volkstaatgedagte. Vir Boshoff was sy opinie en advies binne die bestaande krisis van die grootste belang.

Ek het my skoonpa se sentimente oor baie jare redelik goed leer ken, ook kennis geneem van sy boeke oor die volkstaatgedagte. Ek was egter nie op hoogte met sy posisie en invloed binne daardie geleedere nie. Hy is 'n stil, beskeie man met sterk oortuigings, maar iemand wat homself nooit op die voorgrond sou stoot nie. Nou moes daar op advies van Boshoff en op aandrang van Jaap Durand bemiddel word. Jaap en Braam Viljoen was bereid om die rit van Kaapstad Vredendal toe aan te pak om te praat oor die moontlike voorwaardes en terme waaronder die generaal oortuig en moontlik oorgehaal kon word tot deelname aan die verkiesing. En hierin was my skoonpa nou 'n sleutelpersoon.

My skoonpa het min verbasing laat blyk met my oproep, en alhoewel hy, trou aan sy eie beskeie geaardheid, aanvanklik gewonder het waarom hy onder die omstandighede skielik 'n uitverkore gespreksgenoot sou wees, het hy ingestem tot so 'n ontmoeting. Die gevolg was dat Durand en Viljoen een laatmiddag afgesit het Vredendal toe om daar weg van enige openbare verhoog, 'n redelik belangrike onderhandeling in die ontluikende geskiedenis van die nuwe demokrasie te gaan voer. Daar is, soos ek dit verstaan, wedersyds verneem wat die ononderhandelbare kwessies sou wees, watter versekerings wedersyds van die onderskeie partye vereis sou word. Enkele weke daarna is die knoop deurgehaak. Die Vryheidsfront het sy toetrede tot die verkiesing aangekondig en die militêre opsie eenkant toe geskuif. 'n Volkstaatraad is later met die instemming van die ANC in die lewe geroep om die konserwatiewe Afrikaner-minderheid se belange te verteenwoordig.

Sedertdien het Jaap my al meermale gewys op die waarde van hierdie skynbaar onbenullige ontmoeting. Dit was maar een van verskeie soortgelyke inisiatiewe van diplomatie agter die skerms wat hierdie merkwaardige man oor die jare onderneem het om ons land 'n goed bewoonbare plek te help maak, asook om die NG Kerk familie tot 'n meer geloofwaardige getuie te help vorm. Jaap, ons eer jou hiervoor en dankie vir jou altyd toegeneë en lojale vriendskap.

CAREL ANTHONISSEN is Direkteur van die Centre for Christian Spirituality.

Teologie is lewensbelangrik vir gister, vandag en môre

JOHAN BOTHA

In 1974 was ek 'n eerstejaar Teologie student aan die Kweekskool op Stellenbosch, in die lokaal links van die groot voordeur, geïnteresseerd in alles, nuuskierig en leergierig, in die tweede ry van voor af, juis om behoorlik te kan meeleeft. Ek was toe al 'n senior student op die kampus, want BA Admissie was reeds agter my rug. Ons was pas klaar met die eerste van 'n gereelde dubbelperiode by ons senior dosent in die Sistematiese Teologie, Prof Pottie (FJM Potgieter). Hy was besig om Herman Bavinck se *Handleiding bij het onderwijs in den christelijken godsdienst* met ons te behandel. Sy metode was jaar na jaar om saam met ons deur 'n handboek te lees-blaai. Hy het ons deurgaans belangrike fokusse laat onderstreep en daarop korter of langer mondelinge kommentaar gemaak. As jy 'n student voor jou se boek gebruik het, was dit soos myne alles klaar vir jou onderstreep. Prof Pottie se fokus op dié betrokke dag was op Bavinck se standpunte met betrekking tot die verbond van genade in paragraaf 11, punt 42. Bavinck beklemtoon dat “die genade iets anders en hoër as die natuur is, dat dit by laasgenoemde aansluit, dit nie vernietig nie maar herstel. Die genade stroom voort in die bedding van die natuurlike verhoudinge van die menslike geslag en word voortgesit in families, geslagte en volke op 'n historiese en organiese wyse”. Ons professor het dié formulering benadruk en vir ons aangedui dat dié die afsonderlike ontwikkeling van volkere en groepe by ons in kerk en samelewing syns insiens duidelik en fundamenteel teologies begrond het.

Van huis uit en komende vanuit die NGSK was ek teologies en sosiaal fundamenteel anders georiënteer. Ek en twee klasmaats het aan Prof Pottie ons ongemak met sy gedagtelyk te kenne gegee. Ons was oortuig hy het Bavinck se teologiese perspektief verwring en dié teologiese formuleringe dus verkeerdlik gebruik om die Suid-Afrikaanse rasse apartheidsbestel goed te praat. Ons het self geoordeel dat Bavinck eintlik die besondere punt wou maak dat God in liefdevolle genade ons ou menslike natuur nie vernietig nie, maar dit as Herskepper herstel sodat ons as nuwe mense kan leef en werk, dien en getuig in koninkryksbelang. Ek en my twee klasmaats kon dus nie die verband tussen Bavinck se fundamenteel teologiese klem en ons professor se apartheidsdenke insien en toegee nie. Ek was persoonlik ontstemd en het geoordeel sy interpretasie was misleidend, met nadelige gevolge vir ons lewe in kerk en samelewing.

In die paar minute tussen die twee klasperiodes, het ons drie ons vraaggereg met hom voortgesit. Prof Pottie het ons vriendelik aangeluister. Hy het egter gemeen ons verstaan nie mooi nie, want na sy oordeel was ons teologiese kennis nog beperk. Toe

versoek hy ons om asseblief nie verder in klastyd vrae te vra nie, maar om hom liefste toe te laat om ons eers in die wêreld van die sistematiese teologie in te lei. Hy was seker dat ons mettertyd beter insig sou ontwikkel, ook in sy toepassing van Bavinck se teologiese perspektief. Hy was natuurlik in een opsig heeltemal reg. Die saak sou inderdaad later weer ter sprake kom.

Dié insident met Prof Pottie het daartoe bygedra dat ek vir baie lank gesukkel het om geïnteresseerd te bly in die sistematiese teologie en die belangrike konsekwensies daarvan vir ons lewe en werk in die kerk en samelewing. Ek het wel enduit Prof Pottie se lesings bygewoon en sy toetse en eksamens afgelê tot hy in 1977 afgetree het, maar sonder my aanvanklike toewyding. Ons jonger dosent in dié vakgebied, professor WD Jonker, se besondere entoesiasme, sy uiters knap beheersing van die lesingmateriaal en sy moedige prediking het my wel geïnspireer om belangstelling te bly behou.

En toe, in 1977 sit ek as finale jaar Teologie student, in die tweede ry van agter af, saam met my klasmaats in dieselfde lokaal as in 1974. Een uitkoms van die NGK se Jeug tot Jeug aksie was 'n reuse eerstejaarsklas wat net in ons tradisionele vierdejaarsklaskamer aan die bokant van die Kweekskool se trap kon inpas. Ons klas moes dus weer af ondertoe na daar waar ons met ons teologiese studies begin het.

Tydens iemand se sabbatsverlof was Prof Jaap Durand daardie jaar vir een semester lank ons gasdosent. Sy eintlike werkplek was die NGSK se Teologiese Skool aan die UWK waar hy Sistematiese Teologie doseer het. Komende uit die NGSK was ek self baie dankbaar dat iemand uit daardie geweste en van sy formaat by ons kon kom klasgee. Dit was bekend dat hy uitsonderlik knap was. Daarby het ek toe al sy besonder openbarende boek *Swartman, stad en toekoms* (1970) gelees en ek was onder die indruk van sy insig in en sensitiwiteit vir die wêreld van ons swart broers en susters en ons verhoudingsvraagstukke. Sy oopskryf van hierdie, vir myself onbekender, swart kant van ons samelewing het by my fyner aanvoeling vir reg en geregtigheid in ons konteks help ontwikkel. Ons tyd was inderdaad een van beroering. Op 16 Junie 1976 het die swart jeug byvoorbeeld landwyd teen Afrikaans as gedwonge onderwysaal in opstand gekom. Slegs enkele dae later is die Erika Theron Kommissieverslag se sensitiewe en moedige aanbevelings oor die politiek-sosiale toekoms van die bruin gemeenskap gepubliseer. Die wese daarvan is reeds in 1976 in 'n tussentydse memorandum deur die regering van die dag afgewys met ras en volksgroep gebaseerde argumente en in 1977 deur hulle verwerp. Dít het diep wonde geslaan en saam met ander soortgelyke gebeure ons Suid-Afrikaanse samelewing se landskap en geskiedenis fundamenteel gerig. In Kaapstad het die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) net na die Junie 1976 opstand vergader en daar was die NG Kerk se teologiese denke en ekklesiologiese strukture uiteraard onder die ekumeniese vergrootglas. Ek het vir die eerste maal sittings van só 'n openbare ekumeniese vergadering as waarnemer bygewoon. Teen hierdie agtergrond was ek dankbaar oor en besonder afwagkend op Prof Jaap se interaksie met ons finalejaarsklas in Sendingmetodiek.

Hy het die grondslae van en die probleme rondom die NG Kerk se sendingreglement met ons behandel en 'n wye reeks handboeke en dokumente met die oog daarop as leeswerk aan ons voorgeskryf. Proff WJ van der Merwe se *Gesante om Christus wil*, CWH Boshoff se *Kerklike verhoudinge in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, WD Jonker se *Sendingbepalinge van die NG kerk in Transvaal* (1962). Twee 1977 NG Kerk Uitgewers pamflette deur Prof FJM Potgieter was hierby. In die een oor *Gesamentlike aanbidding* is sy standpunt dat die skepping die herskepping struktureer, nogmaals aan die hand van Bavinck se genoemde aanhaling hierbo begrond. Twee *NGTT* artikels van BC Lategan en JA van Wyk met gedeeltes uit Durand se eie doktorstesis in die sendingwetenskap oor die *Una Sancta Catholica in Sendingperspektief* (1961) en die lewendige *Kerkbode* korrespondensie van 1975 en 1976 in dié verband is ook deur ons bestudeer.

In die klas het Prof Jaap die grondliggende probleme met die kerkbeskouing van die NG Kerk vir ons helder en teologies uitgewys. Sy klem op die openbaringshistoriese aard van die teologie en die heilshistoriese aard van die hermeneutiek het my nuuskierigheid oor die verhouding tussen sistematiese teologie en ons keuses en handeling binne ons eie *lewenswêreld* opnuut aangewakker. Hy het my en my Stellenbosch klasmaats uitgedaag: Wat en hoe dink julle self teologies oor *Ras, volk en nasie, volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*? Die NGK se 1974 Algemene Sinode het soos nog nooit tevore nie, in dié beleidstuk 'n sistematies en Bybels teologiese grondslag gegee vir apartheid in kerk en staat. Nie geografiese bepaaldheid nie, maar die volkereverskeidenheid, “verskillende bevolkingsgroepe”, oftewel biologiese afstamming is tot dié hermeneutiese beginsel verhef. En die verhouding van die plaaslike kerk en die kerkverband is in dié lig bepaal. Prof Jaap het ons uitgenooi om openlik te sê wat ons daarvan dink en ons daarvoor laat debat voer, nes met sy studente aan UWK. Julle is eersdaags predikante, het hy ons herinner. Hoe verantwoord julle julleself oor die beleidstuk se teologiese en ekklesiologiese uitgangspunte? Ons moes fundamenteel teologies dink en saampraat oor die inkonsekwentheid in die beleidstuk, die implikasies vir ons kerk en samelewing, en oor ons eietydse uitdagings.

- ☞ If the message of a prophet is tendentious in its orientation (like that of the nationalistic false prophets, who during the history of Israel only emphasised

certain aspects of God's covenant and expectations and disregarded other essential elements), then the message of that prophet is false and his proclamation will serve only his own selfish purposes or those of the people and definitely not the calling and cause of God. This is the reason why such a false prophet would some time or other come under the judgement of God.

In the time of Jesus Christ the majority of the Jewish leaders and theologians adopted such a tendentious and one-sided message by emphasising only one aspect of the coming Messiah, namely to be a royal saviour who would save his own people from oppression by other nations. They thus ignored and neglected the prophecies about Him as the spiritual saviour of people of all nations by being willing to be the Suffering Servant – who would die vicariously and thereby take upon himself and carry away their sins in order to redeem and reconcile them with God. This is the reason why, although some Jews rejected Jesus as Messiah in terms of his true nature and calling, other Jewish people, led by the Spirit of God, recognised him as being the recreating God, the true Saviour and LORD (see e.g. the attitude and confessions of Simeon and Anna in Luke 2:25-39).

Even Jesus may, in a sense, be put on the scale so as to ascertain whether he is indeed the Messiah and Saviour and Divine Lord whose coming in history was announced by the God of Abraham, Isaac Ishmael and Jacob during Old Testament times and promised through His prophets, long before Jesus' actual birth. In other words, the question was whether Jesus, in terms of his very being and ministry, fits this eschatological picture of the "One that was to come."

And so also the life, proclamation and conduct of Muhammad must be put on the scale and evaluated to determine whether he fits in with the messages of the previous God-sent prophets to which he refers for support concerning the claims of his message.³

In conclusion I want to refer to a final truth which pertains to the attitude and conduct which God requires of us in our dialogue with each other as people who believe in Him as the monotheistic God, who is introduced in the so-called "Abrahamic Faiths", namely Judaism, Christianity and Islam. This I do by using a metaphor of the two foci of an ellipse which are both necessary, without overemphasising the one focus or the other: "To speak the truth and remain in it, in love" (Eph 4:18). This means that one must investigate and share the truth(s) about God and His way of salvation in a friendly and loving manner so as not to, on the one hand, become merely relativistic "so that anything goes", or to, on the other hand, be intolerant and aggressive in proclaiming what we have heard and have become convinced of regarding the divine truth. In other

3 See also what Jesus Christ said about himself and what the Bible in Heb. 1:1 and 2 Cor. 5:18-19 mentions about Him. Concerning the certainty of salvation and forgiveness of sins which entails from all of this, see Rom. 10:8-13.

words, we must have the integrity, courage and perseverance to investigate and pursue the truth about God and the “total package” of salvation and peace which He offers us, but then “on His terms”. Truth/s has/have objective and subjective dimensions and can indeed, historically speaking, be ascertained and does/do not merely have to be purely subjective wishful thinking or one’s own “uncertain” creations, based on one’s emotions or rationalistic thinking.

Remember what Jesus (Nabi ‘Isa) said and assured us of, according to John 8:31-32 and 36: To the Jews who believed him, Jesus said, “If you hold to my teaching, you are really my disciples. Then you will know the truth, and the truth will set you free” (32). So if the Son sets you free, you will be free indeed (36).

PIETER JJS ELS taught Old Testament Studies in the former Faculty of Religion and Theology at the University of the Western Cape.

Integriteit in donker tye

PIETER GROVE

My lewenspad het ongeveer 29 jaar gelede met dié van Jaap Durand gekruis. Tydens die laaste maande van 1979 het 'n staking van swart en bruin werkers by die Fattis en Monis fabriek in Bellville uitgebreek. Die “onwettige” vakbond Food and Canning Workers Union, se bruin leierskap is ontslaan en die swart werkers het op 'n staking gegaan ter wille van hul kollegas. Die jaar 1979 was die nadraai van die groot studente-opstand van 1976 en 'n paar van ons teologiese studente het ondersteuningsbyeenkomste by die teologiese skool vir die werkers gereël. Daar was 'n gees van militantheid teen apartheid in die lug. Sleutelleiers onder die teologie-studente is die vorige jare tydelik geskors vanweë politieke betrokkenheid. Binne hierdie klimaat was daar sware suspisie teen enige wit akademikus. Die uitgesproke vermoede was dat “hulle” òf die apartheidsagenda òf die NGK se sendingbeleid bevorder. Ek het 'n meer senior student uitdruklik gevra wie Jaap Durand is en hy het my verwys na sy boek *Swartman, stad en toekoms*. 'n Wit akademikus, dienend in 'n swart “township”, besig om 'n gereformeerde gemeente onder die “surplus-mense” te bou toe instromingsbeheer op sy felste toegepas is. Ek het met nuwe oë na Jaap Durand gekyk.

Daar was 'n volslae afwesigheid van wantroue teenoor hom by die teologiese skool. Kerkleiers en studente het sy akademiese gawes waardeer. Jaap Durand was tuis op UWK. Hy het geen ander agenda gehad as om studente na die beste van sy vermoë toe te rus nie. UWK was geen halfwegstasie na 'n meer uitgelese leerstoel nie. UWK studente het met trots begin praat van die kwaliteit opleiding wat ons ontvang het. Die konsekwente aksente weg van 'n teologie van onversoenbaarheid en etniese oriëntasie het 'n diepe vertroue ingeboesem. Vir my het die teologiese skool een van die weinig plekke in Suid-Afrika geword, waar die saad van 'n nie-rassige, inklusiewe kerk en samelewing gekoester is.

Jaap Durand het as akademikus verder as die meeste ander in die geledere van die familie van NG Kerke, wit of swart, gegaan. Vir baie gelowiges én leiers, is dit steeds moeilik om buite 'n volks- of etniese paradigma te dink. Ek het Jaap Durand ervaar as 'n mens wat die werklikheid ken van Christelike geloof as 'n transformerende krag in die persoon én die gemeenskap. Ek meen dat sy teologie beter geanker is in die onpeilbare werklikheid van God as in die verbygaande “werklikhede” van die samelewing. Durand se bediening en leierskap herinner my aan Bonhoeffer se nadenke in *Life together*. Bonhoeffer bespreek die versoek van die twee seuns van Sebedeus, in Mark 10:35-45, om aan Jesus se regter en linkerhand te sit in sy koninkryk. Bonhoeffer sien hierdie versoek as die tipiese strategiese denke van die

aardse mens om vir hom/haarself 'n spesiale plek van invloed en voorreg te verseker. Maar Bonhoeffer is ook oortuig dat die nederigheid om te dien en laaste te wees eenvoudig nie in ons aanwesig is nie. Ons ware gemeenskap van diens, liefde, reg, ontsag en wedersydse agting word bemiddel deur Christus self.

Jaap Durand het sekerlik die strategiese posisies prysgegee, die spesiale gunste verloor, omgang met magtiges en welvarendes verbeur, en in vele opsigte weggedraai van die belange van "sy mense", die Afrikaners. Maar vir ons was en is hy 'n geloofsleier van integriteit, getrouheid en geestelike inspirasie, 'n ware broer in Christus. Sy voorbeeld sal baie inspireer jare nadat die bekendes in die vergetelheid verdwyn het.

PIETER GROVE is medeleraar in die VGK-gemeente van Sarepta, was voorsitter van die Kuratorium van die VGK Kaapland en is verbonde aan die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch.

Jaap Durand – Familie-mens en mentor

BRAAM HANEKOM

Ek het die voorreg gehad om Jaap Durand op 29 Desember 1991 in die huwelik te bevestig. Sy bruid dié dag was my ma. Op die warm somersdag in Desember in die Rynse Kerk op Stellenbosch, is 'n verbintenis gemaak wat ons gesin se lewe 'n kosbare wending laat neem het en betekenisvol verruim het. My pa, Christof, se skielike hartaanval en tannie Randu se dood aan kanker, was by ons almal nog diep ingeprent.

Ek was deeglik bewus dat dit 'n besondere man is wat die dag voor my staan om trou aan my ma te beloof. Daarvoor het die dramatiese kontoere van Suid-Afrika se sosio-politieke landskap en Jaap se betrokkenheid daarby, gesorg. Jy kon dit nie mis nie. Die gelukwensings van die gaste en die wyse waarop dit gedoen is, het dit vir my deeglik onderstreep en was 'n eerste aanduiding van wat ons later op soveel vlakke sou ervaar.

Die afgelope 17 jaar het ek die voorreg gehad om iemand te leer ken wat veel ruimer kante van menswees openbaar as bloot 'n formidabele akademikus, teoloog met 'n enorme taalvaardigheid en formuleringsvermoë, administrateur en bemiddelaar in van die mees komplekse tye in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Ons het hom leer ken as liefdevolle en deernisvolle eggenoot vir my ma, en toegewyde oupa vir al sy kleinkinders. Sy voortgaande liefde vir en lojaliteit aan sy vorige vrou, Randu, se familie is opmerklik.

Sy hartstogtelike en met reg trotse liefde vir sy eie kinders, maar terselfdertyd die besondere wyse waarop hy langs ons, Sonja se kinders, leef en deurentyd ondersteun, het deur die jare 'n besondere gevoel van geborgenheid geskep.

Sy besondere mentorskap vir my persoonlik die afgelope tyd sal ek nie maklik vergeet nie. Tê midde van uitdagende en komplekse uitdagings vir die NG Kerk en die VGK die afgelope jare, was Jaap nooit verder as 'n telefoonoproep vir my nie. Daar was altyd 'n gewillige oor, helder wysheid en die ervaring van diep geestelike integriteit. Soms het hy hard gepraat, gewaarsku, vermaan, maar altyd op so 'n manier dat ek die vrymoedigheid gehad het om weer en weer die telefoon op te tel, of sommer by Koloniesland aan te ry.

Sy handvaardigheid verdien vermelding. Martinus Versfeld het op 'n dag gesê, dat as jy wil weet of iemand regtig slim is, jy hom moet vra om 'n huis te gaan bou. Jaap kan hom moeilik uit enige bouery of regmaak- of regruk poging hou. Die wyse waarop hy bouprojekte by UWK bestuur het in 'n tyd toe die kampus vanweë die apartheid-subsidiebeleid aan die kortste end getrek het, slaan vandag nog jou asem

JAAP DURAND FESTSCHRIFT

weg. Meermale het hy op Franskraal egter 'n boor of hamer uit my hand geneem en gesê: “Kom laat ek jou help.” Jaap kan in meer as een opsig moeilikheid sien kom ...

Sy liefde vir sport en uiters kompeterende gees op die tennis- of rollalbaan is eweneens onmisbaar. Jaap is 'n baie nederige mens, maar op die sportveld is dit nooit vir hom lekker om te verloor nie!

Sy liefde, dissipline en deursettingsvermoë grens soms aan hardkoppigheid. Die dag toe Jaap Durand egter ons pad gekruis het, het ek, naas my eie ouers, een van die grootste moontlike geskenke denkbaar uit God se hand ontvang. Ek eer God daarvoor.

BRAAM HANEKOM was moderator van die jongste sinode van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika (Wes-Kaapse sinode).

“The little green book” Jaap Durand’s bestseller

PIET JONAS

In 1969 the DRC Mission Press published 5000 copies of a booklet of 64 pages written by Jaap Durand in Xhosa: *Lisisibane Izwi Lakho* (Your Word is a lamp). Additional impressions of 5000 copies followed in 1971 and 1973, respectively. Since then, many more thousands of copies have regularly been printed. In the years following its first publication, this booklet has been translated into Afrikaans, English, Sotho, Tswana, Pedi, Venda, Tsonga and Zulu. And today, exactly forty years later and after more than 95000 copies, it is still regularly being reprinted in all these languages in response to a sustained demand.

Equally remarkable is the context in which this booklet originated. In 1965, when Jaap started working as the minister of a Black church in Kwazakhele, Port Elizabeth, it was with the firm conviction, eloquently expressed by his promoter in Holland, that no mission work, however costly or impressive, can succeed without being supported by a congregation that has learnt to display the love of Christ. He followed this lead, focused on the congregation, and particularly on the leaders, gained their confidence and worked with them and more often under their guidance. The full story will, no doubt, be told in the biographical essay.

The result of this approach to his ministry in Kwazakhele was a regular addition of converts, recruited by church members during the week and introduced to and warmly welcomed by the congregation during the Sunday morning service. This regular flow of newcomers who responded to recruitment by the congregation emphasised the problem of their instruction in Christian life and knowledge – at the time a pertinent question in all congregations, where the summary of the catechism was still the only catechesis material officially available.

It was then that *Lisisibane Izwi Lakho* “saw the light”, first in roneoed form, but as from 1969 printed by the Mission Press at the request of the Cape Synod. In essence the booklet is, in the words of the sub-title, a summary of the history and doctrine of the Bible and the origin of the church. It is a brief outline of the doctrine of salvation as revealed in salvation history, set out in 32 short chapters. Each chapter is followed by 10 questions which the catechumen answers in writing. It is written in clear, simple language, fully attuned to the fact that many of the newcomers enjoyed only a minimum level of education – reflecting the sensitivity of the author to those for whom he wrote, and the greatness of a mind that is at home in the company of the most learned, but also of the most humble.

JAAP DURAND FESTSCHRIFT

The booklet fulfilled a need, not only in his own congregation, but also in the wider church, as is evidenced by the many languages into which it was translated. Through this booklet Jaap Durand indeed touched the lives of thousands of Christians, but especially of those who were, and are, taking their first steps in following their Master.

PIET JONAS was a pastor of the then Dutch Reformed Church in Africa in East London and Alexandria and is emeritus professor in Anthropology at Unisa.

My waardering vir die vroeë Jaap Durand, die sendingwetenskaplike

DONS KRITZINGER

Ek gaan in hierdie kort bydrae gewag maak van slegs drie vroeë (Afrikaanstalige) publikasies van die jubilar wat my beïnvloed het.

Gedurende my teologiese studies aan die Universiteit van Pretoria, en veral tydens my nagraadse studies het Jaap Durand se 1961 proefskrif (*Una Sancta Catholica in Sendingperspektief: 'n Analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*) 'n onuitwisbare invloed op my gehad. Die eenheid van die kerk was gedurende die sestigerjare nie juis 'n populêre onderwerp in die Afrikaner gemeenskap en kerke nie, soos 'n herinnering aan die Cottesloe debakel duidelik sal toon. Maar die rustige, sterk akademiese stem van Durand kon nie geïgnoreer word nie, veral ook die wyse waarop hy nie die verskeidenhede in kerk en samelewing onderspeel het nie, maar klem gelê het op die primêre bybelse en teologiese eis van die sigbare eenheid van die kerk. Hy was nie die enigste stem nie, maar sy benadering het my saamgeneem.

Dit was eers teen die tagtigerjare dat die debat oor die reikwydte van die Christelike sending min of meer tot rus gekom het. In die sestigerjare was die holistiese benadering nog nie op die kaarte nie. Sending was Woordverkondiging, punt. Die ander dimensies van die tradisionele sendingaksie (skole, medies, landbou, ens.) was hoogstens “hulpdienste” vir die (ware) sending. Jaap Durand was een van die vroeë stemme (in Afrikaans) wat met sy *Christelike sending – Allesomvattende roeping* (Bloemfontein: SACUM, 1964) die “allesomvattendheid” van die sending beklemtoon het. Trouens, hy het steeds daaraan herinner dat koninkryksbetrokkenheid nog veel wyer gaan as kerkwerk ... dit is die taak van elke Christen individu waar hy/sy ookal in die beroeps- of gemeenskapslewe doenig is. Sending het dus 'n “politieke” dimensie. Geregtigheid moet gesoek word, en daaraan moet gewerk word, in die openbare lewe.

Intussen het Durand sy plattelandse werkterrein vir die stad verruil. Jaap het aangesluit by wat reeds onder Christene geleef het, en hulle bemagtig om te wees wat hulle in Christus reeds was. Hy het begin navorsing doen, en by wyse van talle individuele en groeps gesprekke 'n beeld begin vorm van die Xhosas in die stad. Sy boek *Swartman, stad en toekomst* (Tafelberg, 1970) het baie materiaal gebied vir 'n nuwe kyk na die kerkwerk in die stad, maar dit was nie sy hoofdoel nie ... hy wou die mense verstaan, en aan die Afrikaanse lesers voorstel. Die feit dat die boek by 'n nie-teologiese uitgewer verskyn het, was al klaar 'n aanduiding dat hy 'n breër

boodskap wou uitdra. In ieder geval, die boek het opslae gemaak. Waarskynlik was die groot rede daarvoor sy eenvoudige boodskap dat die swartmense na die stad gekom het om te bly. Meer nog: hulle het (op 'n ambivalente manier, weliswaar) die Westerse tegnologie en kultuur hulle eie gemaak, en het geen begeerte getoon om terug te keer na 'n vroeëre lewenswyse nie. In 1985 het die Nasionale Party regering instromingsbeheer opgegee, en 'n permanente politieke rol vir die stadswartes begin bedink, maar in 1970 (toe die boek verskyn het) was dit nog amptelik politieke kettery!

Baie dankie, Jaap Durand, vir jou eerlike, deurdagte en gefundeerde bydraes!

JJ (DONS) KRITZINGER is emeritus professor in Sending- en Godsdienstwetenskap aan die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria.

Jaap Durand – Man of good hope

KLIPPIES KRITZINGER

Jaap Durand is an earthy, courageous and just human being. He is one of the South Africans who sustained my hope during our struggle against apartheid – and in our joyful, ambiguous journey as a young democracy. In this volume to honour him I want to make a few remarks about hope.

Jaap Durand was a member of the committee that drafted the Confession of Belhar in 1982. In seeking a creative acronym that could make the message of Belhar easy to remember and to put into practice – something like the TULIP acronym for the Canons of Dordt – it struck me that Article 1 of Belhar contains a healthy dose of hope: “We believe in the triune God, Father, Son and Holy Spirit, who through Word and Spirit gathers, protects and cares for the church from the beginning of the world and *will do to the end*.” The sting of the statement is in its tail: The confession not only gratefully acknowledges God’s work of gathering and nurturing the church in the past, but also expresses the firm belief that God will continue to do so “to the end”. Throughout the Bible it is looking back at God’s dealings with Israel and Jesus, and looking around at the cloud of faithful witnesses like Jaap Durand, that nurtures our courage to take a few more steps into an uncertain future.

The Confession of Belhar calls us to a way of life, as much as to a way of belief. The URCSA today needs to hear this confession as a call to action, and to do that I wish to emphasise that Belhar is not a moralistic document that engenders shallow and optimistic activism. The action into which Belhar calls us is the gracious action of the triune God, who is gathering, building and sending the church to participate in God’s own work of unifying, reconciling and restoring broken human communities. It is action in and from grace; not the modernist notion expressed by Karl Marx that, whereas philosophers try to *understand* the world, it is our duty to *change* it. Belhar shares Marx’s faithfulness to the earth and his concern for justice, but not his boundless optimism in human progress and the makeability of a classless society through sheer human effort. Belhar’s call to action for unity, reconciliation and justice is embedded in the confession that God is graciously at work in society – from the beginning of the world and to the end. The perseverance of the saints in their struggle for a better world is based on the promises of God and on the delicate work of the Holy Spirit, who opens up the space for human action to become (part of) God’s work in this world. Belhar is indeed a political document, but not in the way that its detractors in the NGK keep on shouting. This is a politics of humble

hope, rooted in God's promise that there will be a new heaven and a new earth – in which justice will finally be at home.

The acronym that I propose to highlight the focus of Belhar's five articles, and to make it a living document in our communities is H.A.N.D.S, conceived as five instructions:

- ∞ Hope in God's faithfulness
- ∞ Accept one another
- ∞ Nurture peace
- ∞ Do justice
- ∞ Serve one Lord.

The way we use our hands will show whether we are living this confession: Empty hands to receive God's gracious promises; Open hands to embrace one another; Clean hands, washed through the painful process of confessing our wrongs and forgiving those who harmed us; Working hands, with rolled-up sleeves, to redress the wrongs of the past and build a humane society together; Hands raised with an open palm to take the "oath of office", in loyalty to the liberating Lord of history.

Jaap Durand has shown us this way of life. He gives me hope.

KLIPPIES (JNJ) KRITZINGER is professor in Missiology at Unisa.

Jaap Durand as teacher and preacher

DOUGLAS LAWRIE

I have never had the opportunity to get to know Jaap Durand very well; that, I suspect, is not something accomplished in a few meetings. I did – rather briefly – experience him as a teacher many years ago when I was a student at Stellenbosch. More recently, I have heard him preach fairly regularly in the Rhenish congregation of the URCSA in Stellenbosch, the congregation to which he and I both belong. When I started teaching at UWC, he was Deputy Vice-Chancellor and something of a cult figure in the struggle – a famous photograph serves as a lasting reminder of that. But lowly junior lecturers do not mix much with the august personages on the rectorate. We were colleagues only on paper.

It is always interesting to note how eminent theologians fare as preachers and to try to find the links, sometimes not immediately apparent, between their teaching and their preaching. Although Barth preached regularly and strictly according to his theological tenets, I sometimes feel that his best sermons are those that crept into his less formal academic writings. Bultmann's existential theology, still shocking when I first encountered it, became, on the pulpit, a form of pietism far from unfamiliar to people who grew up in the Dutch Reformed Church. Von Rad, like Barth, preached regularly and had an abiding interest in homiletics. His flair with words enabled him to preach with elegant erudition, lucid profundity and calm enthusiasm. Not many have this gift. Perhaps there should be a law forbidding theologians from doing to one another what I intend to do to Durand in this instance.

When we heard that Durand, known to be an outspoken critic of apartheid, was to teach in the place of Willie Jonker while the latter was on sabbatical, the few Stellenbosch students of theology who opposed apartheid were overjoyed. The year was 1975 or 1976 and the atmosphere at the Kweekskool was intensely “broederlik” – and not only because there were no sisters! Since he was set to teach us the doctrine of the church, we expected sparks to fly. One could, stretching it a little, argue that theology should steer clear of national politics; one could not banish questions concerning church unity from theology.

What we got was not quite what we had expected. Durand did not in fact spend time criticising or questioning apartheid either in the church or the state, as some other lecturers sometimes cautiously did. Instead, he took it for granted throughout that apartheid was simply wrong: that was the presupposition, not the point, of his lectures. The prescribed readings did not, as far as I can remember, introduce us to radical new voices. Such voices were not needed, for the errors of apartheid within

the church (and by implication within the state) suddenly seemed clear from the reading of such conservative theologians as Berkouwer. Indeed, I came to believe (and have believed ever since) that apartheid, far from being the conservative view, constituted a radical innovation, a break with tradition.

I shall not pretend that I remember with any clarity what was said in the lectures or what I read for the course. The atmosphere in the classroom, however, remains fixed in my mind. Durand was not necessarily the most engaging lecturer I have ever heard, yet we listened with attention – even I, known to cut classes without qualms. Because he spoke with stern authority, the rabid rightists, who heckled some lecturers mercilessly, seldom spoke up.

There were, as I have said, no diatribes against apartheid – merely a few cutting asides. Apartheid, we were given to understand, was criminal¹ in a rather drab, everyday way. Of course, it wreaked havoc with the lives of people *as all crime does*, but it lacked the allure of the demonic. This too has remained with me. The atrocities committed to uphold apartheid tell us very little about the roots of the policy. Long before Vlakplaas, the architects of apartheid believed that they could play fast and loose with ordinary matters of right and wrong, fair and unfair. Supposedly they were motivated by a grandiose dream, but the actual policies pandered to the commonest and basest human motives: greed and selfishness, envy and old resentments, bossiness and self-importance. Sordid – and exceedingly human. That is why the spirit of apartheid is never far from any of us.

Durand as teacher helped some of us see more clearly what we had for some time suspected. How he struck others, I do not know, for they remained silent. Perhaps a certain gruffness in the voice and a dangerous light in the eyes² warned them off: Durand has retained both these qualities. In any case, nobody doubted that, having taken his stand, Durand would not turn tail at the first hint of opposition. In the very ordinariness of his discourse, stripped of the need for theatrical display, there was something so solid that those who could not quite stand beside him shied away from directly opposing him.

The Durand to whose sermons I listen from time to time is obviously a much older man. Nor are the issues the same at present. Still, in most respects I could still hear the old Durand speaking.

1 The following dictum regarding forced removals, which I quote from memory, was ascribed to Durand: “Theft does not become less culpable or more attractive when it is perpetrated by a government.” Whether or not he ever uttered words to this effect, the style is definitely his.

2 It is not irrelevant – even theologically – that these “harsh” qualities, coupled with a smile that often broke through unexpectedly, could also captivate. I have it on the authority of my wife that he was extremely attractive! Even the most uncompromising “no”, even when it is directed at the most manifest evil, will, if it is really inspired by the gospel, be infused with the captivating grandeur of God’s “yes”.

Why, then, was I initially somewhat surprised at his style of preaching?

His delivery is nothing very special, just as his teaching style was not very energetic. He tends to eschew showiness and rhetorical flourishes. On the pulpit he converses rather than declaims, yet his sermonic conversations are formal rather than “chummy”. I cannot remember hearing him employ any tricks with the structure of the sermon or, indeed, any tricks to capture the attention of the audience. Formally these are pretty standard sermons in the Reformed tradition. If there is anything in the presentation alone that holds the attention, it is his personal presence, the “ethical appeal” (in Aristotle’s terms) of the preacher. Even before he has said anything much, one gets the impression that this is someone worth listening to.

Regarding content too, his sermons are solidly within the Reformed tradition. As one would expect from someone who still comes to church with his Greek Bible (taking the safe bet that the text will be from the New Testament), his sermons are backed by sound exegesis, which, however, is not flaunted on the pulpit. As one would expect of one deeply influenced by Barth, he emphasises God’s grace and steers well clear of moralising. In the interest of his listeners, many of whom are not highly educated, he avoids “learned” digressions and arcane theological terms (though I suspect he sometimes finds this difficult). For the rest, the flavour of his sermons is distinctly orthodox, if not conservative. The Reformation is never far away; the “New Reformation” is not even a speck on the horizon.

None of this *should* have surprised me. Durand never was a showman, nor was he given to the pursuit of novelties for their own sake. Probably he would say that he simply took his stand on the gospel then and that he does exactly the same now. The quiet firmness with which he opposed then is not different from that with which he now poses the core beliefs of the Reformed tradition. Without compromise, without apology or wrangling, he speaks not about or for his faith, but *from* it. As to the note of authority in his sermons, he might say that the authority is not his but that of God’s word. I am not going to gainsay him on that.

This does not imply that he is hide-bound – he never was. He once said in a sermon that one could preach in many different ways on any given biblical text, thereby rejecting the notion that each text has a singular *scopus* (as we were taught). A saying attributed to him that I heard many years ago suggested a similar flexibility regarding interpretation. Concerning sermon preparation, he apparently said that one should make up one’s mind regarding a text before checking one’s finding against the commentaries. Then, if one finds no confirmation for one’s view in any of the commentaries, one should simply ignore them. Again, even if the story is not authentic, the sardonic common sense is typical. Could it be that a firm stance on a few basics is a precondition for

flexibility on a myriad of other, more murky issues, even a protection against becoming cocksure about imponderables? This seems highly likely to me.³

Durand the teacher was, by the quirky definition of an evil time, a “liberal”; Durand the preacher is, by the equally skewed definition of a time that has but little to boast of, a “conservative”. Yet undeniably the teacher and the preacher are the same man, hewing to the same line. Thus the first sentence requires us to think before we express surprise.

Let us say that Durand as a preacher is uncompromising, hard in his clarity, definite as to his beliefs. Let us say that, unlike Mr Eliot of the poem on himself, his sermons are not so nicely restricted to “What precisely and If and Perhaps and But”. Let us say that in this respect he is a disturbing foreign presence in our postmodern world of “undecidables” and “indeterminacies”.

Let us ask then what a suitably re-educated Durand would have said during the apartheid years. That Western society (not to mention other societies) has always shunned otherness and that apartheid is therefore nothing but a special case of a general phenomenon? That questions of right and wrong are invariably undecidable? That the whole matter is so unbearably complex that nobody will ever be in a position to make a definite pronouncement about it (this *was* often said)? That if God is dead everything, Vlakplaas included, is permitted? Perhaps we may even ask if the malleable spirits of today, in trading dour foundationalism for the gay rollercoaster of postmodernity, were indeed motivated by a dream or simply by the same dreary motives – sordid and all too human – that motivated apartheid.

Let us *not* ask anything about those who oscillate between vicious, mean-spirited moralism and paeans on “the innocence of becoming”. After all, we might embarrass ourselves. Let us rather celebrate those – like Jaap Durand – whose voices have always had as an undertone “No retreat, no surrender”.

DOUGLAS LAWRIE teaches especially Old Testament Studies and Ethics in the Department of Religion and Theology at the University of the Western Cape.

3 Similarly, those who know that they can hold up their end in a fight are more willing to back down occasionally than those who need to prove something to themselves.

Teologiese identiteit as missionale gerigtheid

BETHEL MÜLLER

Die soeke na die ware, Skrifgefundeerde identiteit van die teologie en die kerk bly 'n blywende opdrag, veral in die beoefening van 'n Gereformeerde teologie. Dit is veral noodsaaklik in 'n tyd waarin allerlei sekulariserende modelle, byvoorbeeld van 'n “nuwe” hervorming, ontwerp word om ruimte te skep vir die sogenaamde “post-moderne” denke. Die gevaar is egter dat hierdie “post”-moderne ontwerpe dreig om vervreemd te raak van die teologiese aard en identiteit van die teologie. Die uiteinde van so 'n teologie is wat Jaap Durand noem die “doodloopstrate van die geloof”.

Die soeke na die ware identiteit van die teologie, van die Christelike geloof en die kerk as geloofsgemeenskap, is inderdaad die soeke na die lewende God. Teologie is die rustelose soeke na God van mense wat alleen rus kan vind by Hom (Augustinus). Dit gaan daarom in die teologie *primêr* om die vraag: *wie* is die God vir en met ons en *hoe* is Hy 'n God vir ons? Die identiteit van die teologie handel dus om die identiteit van die God wat *aanbid* word; dit lê ingebed in die gebedsverhouding met die lewende God. *Teologie is primêr aanbidding, gebed!* Teologie is nie selfversekerde manipulerende omgang met God nie, dit is liminale drumpel-teologie in die sin van Psalm 84:11. Hierdie *primêre* vraag na God bepaal en rig die *sekondêre* vrae van die teologie: hoe ontmoet ons *God* in sy Woord; hoe is die kerk die ruimte waarin hierdie God ervaar, beleef en geleer word; hoe word in die kerk en erediens in gehoorsaamheid geluister; watter implikasies hou dit in vir verantwoordelike optrede, ook in die sekulêre ruimtes van die openbare lewe; wat behels die roeping tot dissipelskap, al beteken dit lyding en selfverloëning (Bonhoeffer)? Ten diepste moet die teologie, as beoefening van die “gesonde leer” (1 Timoteus 1:11), worstel met hierdie vrae in sy belydeniskrifte, in sy Kategismus, in sy prediking en in sy openbare uitsprake.

Teologie is *in opdrag van die evangelie* provokatief, soms selfs subversief. Daarom is dit in elke tyd geroep tot 'n permanente soeke na heroriëntasie, na profetiese en, indien nodig, protesterende transformasie as opdrag van hierdie evangelie – en nie soseer primêr as 'n sosiaal-politieke opdrag nie! Daarmee vervul die teologie sy profetiese rol om die ore van die geloofsgemeenskap oop te maak vir die stem van die lewende God, en om die oë oop te maak vir Sy leiding op pad na die toekoms. Juis daarin help die teologie ook die sekulêre wêreld om met ander oë, naamlik van die geloof, te kyk na die sogenaamde “onveranderbare realiteite”. Inderdaad is teologie niks anders as om die “Onsienlike te sien” nie (Hebreërs 11:1v). Dit is hierdie identiteit van die teologie wat juis sy missionale gerigtheid bepaal – teologie as missionêre perspektief op die werklikheid! En in teologie as sending gaan dit om

meer as sendingtegnieke en kundigheid – dit gaan om gehoorsaamheid aan God, as betrokkenheid by die omvattende *missio Dei* in hierdie wêreld.

Teologie as belydenis van die trou aan God en sy Woord gaan dus missionaal oor die grense van ras, kultuur en kerklike verdelings, organisasies en strukture. Daarom weier dit om vasgevang te raak in allerlei vorms van teologiese ivoortorings, sê dit die stryd aan teen allerlei vorme van ideologiese versmallinge en versperringe. Dit is juis die *gevaar van 'n ideologie* dat dit 'n totale dampkring skep wat teologiese denke laat verstik. Hierdie verstikking en inperking van die teologie lei uiteindelik tot die verdraaiing en vervalsing daarvan. En daarmee word, dikwels op subtiele wyse en met oppervlakkige teologiese argumente, eintlik geweld gedoen aan die basiese teologiese en morele waardes. En dit werk mee aan die verkramping van alle denke en lewensperspektiewe, in die wêreld, *maar veral in die kerk!*

Jaap Durand se teologiese arbeid het bestaan in die soeke na die identiteit van die teologie waarmee hy dit kon waag om bestaande en inperkende ideologiese, kulturele en politieke versmalling en grense te oorskry. Christelike sending, as 'n allesomvattende roeping was die hartstuk van sy teologiese denke: dit het vir hom die gerigtheid van die teologiese identiteit bepaal. En dit het hy in leer, in voorlesings en geskrifte, ja in sy openbare lewe uitgewerk en uitgeleef! Daarin het die Woord van God en die belydenis, nee die God van die Woord en die belydenis, sentraal gestaan. Die opskrif van sy proefskrif toon reeds sy lewensworsteling aan: hoe die klassieke belydenis van die *una sancta catholica* die perspektief op die sending van die kerk in die wêreld dien. In die diens aan die Woord op Cala worstel hy onder andere met 'n handleiding vir die verstaan van die belydenis; en in Kwazakhele met die evangeliese verstaan van die nood van die “swartman” in die stad. In sy post-doktorale studies is hy telkens op soek na die ekumeniese (oer)wortels van die teologie, soos onder andere gevind by die kerkvaders. As dosent in die Dogmatologie werk hy in die opstel van die Belhar-belydenis saam aan die *teologiese* begronding en verwoording van die kerk se soeke na eenheid, versoening en geregtigheid. Weereens: nie teologie primêr in diens van sosiale bevryding en geregtigheid nie, maar teologie in diens van die hartstuk van die evangelie, van die boodskap van die allesomvattende versoening in Christus. As vise-rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland loop hy moedig oor die ideologiese en politieke grense wat die destydse regering aan dosente en studente gestel het. Weereens 'n openbaring van sy *teologiese integriteit* in sy kritiek op die beleid van apartheid omdat dit in stryd is met die evangelie van Christus. Hy konfronteer al die teologies gesproke ongegronde suspisies teen hom vanuit sy trou aan die lewende God – al sou dit dikwels lei op die pad van selfverloëning en pyn. In sy antwoord op die sekulariserende post-moderne versmalling in die teologie wil hy in sy laaste geskrifte die geloofsgemeenskap help om die ontluistering en doodloopstrate van die geloof te vermy. *Miskien is dit 'n opsomming van sy hele teologiese oeuwe en lewenswerk oor dekades heen.*

Jaap Durand was geen naper in die teologie nie, omdat hy by die oorsprong daarvan gebly het. Daarin word hy een van die weinige oorspronklike teoloë, indien nie die enigste nie, op Suid-Afrikaanse bodem. Daarom eer ons hom, in dankbaarheid aan die Oorsprong en Bron van alle gesonde teologie.

BETHEL MÜLLER is emeritus professor in Homiletiek aan die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch.

Two vivid pictures of Jaap Durand

PIET NAUDÉ

When I was asked to offer a short contribution to Professor Jaap Durand's *Festschrift*, two vivid pictures of him immediately came to mind.

The first is a meeting of the URCSA leadership in Port Elizabeth late in 2008. Prof Jaap was invited to lead the Sunday morning service to close off a weekend of prayer and deliberations. The setting was a holiday resort with about sixty people in attendance. Older and greyer, he took to the make-shift pulpit, and recalled with joy his first years as white minister of the black church in Kwazakhele.

He then surprised us by announcing that he would deliver the same sermon – slightly adapted for our time – which he preached at his inauguration. This he did in Xhosa, with short English and Afrikaans summaries as he went along. The crux of the message from Isaiah was the same: God protects and leads his people – even if it would include times of exile. The future of the URCSA, with its dwindling financial resources, fewer pastors and struggle to regain unity in the DRC family, was in the hands of God. To God we should look – away from ourselves. His is the church, not ours.

This was Prof Jaap as pastor, as preacher, as prophet, as deeply spiritual leader who always understood the Scripture in relation to the signs of the times.

The second picture is that of Prof Jaap, the fine systematic theologian. His dogmatic series with Willie Jonker played a huge role in shaping my spirituality and theological thinking. I started theological studies in the late 1970s from a predominantly pietistic background. The strengths of this formation were a deep sense of personal faith and commitment to Jesus Christ; a missionary zeal to fulfil the call of the great commandment, and a focus on Bible reading in the context of a fundamentalist hermeneutic. Its weakness was the blind spot for the social and public dimensions of our Christian faith.

Prof Jaap's views opened my eyes to the religious ideology in which I was raised. It was with a sense of disturbance, but also liberation, that I read his views: Afrikaner civil religion, he argued, was formed and sustained by both Scottish evangelicalism and Kuyperian neo-Calvinism. Kuyper's cosmology and emphasis on the order of creation was:

... combined with orthodox Reformed Christology in such a way that any effort to subject theology to a Christological criticism was defused from the start. As a result the dominant natural theology was never recognized for what it was. One of the great tragedies in the development of Afrikaner Reformed theology in the three decisive decades of its evolvment (1930-1960) was that Karl Barth's

criticism of religion and natural theology was never really heard or given the opportunity to be heard in those Kuypertian circles that needed it most.¹

Prof Jaap assisted many of us to see that the “public” value of Barth’s theology resided in its ability to, on the one hand, dismantle the natural theological elements in neo-Calvinism, which provided the theological basis for apartheid and, on the other, to expose the anthropocentric tendencies of pietism as an inner-focused religion.

He therefore empowered a whole generation of younger theologians to stand in the tradition of the confessing church to struggle for a social order based on unity, reconciliation and justice.

I herewith salute a pastor and a theologian who continues to be a blessing to our country and the Christian church.

PIET NAUDÉ is Director of the Unit for Professional Ethics in the Business School of the Nelson Mandela Metropolitan University.

1 Jaap Durand, “Afrikaner piety and dissent” in Charles Villa-Vicencio & John W de Gruchy (eds), *Resistance and hope* (Cape Town: David Philip, 1985), pp. 41-48. Also: Jaap Durand, “Church and state in South Africa: Karl Barth vs Abraham Kuypert” in Charles Villa-Vicencio (ed), *On reading Karl Barth in South Africa* (Grand Rapids: WB Eerdmans, 1988), pp. 121-138.

Ons moet nou ophou baasspeel

KLAUS NÜRNBERGER

As ek aan Jaap Durand dink, kan ek dit nie verhelp om aan die tagtigerjare te dink nie. Hier was ons – ingebed in ’n vinnig ontwikkelende maar skynbaar hopelose situasie. Sommige van ons was bang, sommige was onverskrokke, sommige het hulle oë toegemaak vir die realiteit. Wat sou van Suid-Afrika word? Watter rol kon ons nog speel? Hoe kon ons mekaar aanmoedig? Jaap Durand was een van ons fundamente.

My bydrae tot hierdie bundel bestaan in ’n lesersbrief wat ek in 1986 aan *Rapport* gestuur het. Tot my verbasing is dit op 24 Augustus in die oggenduitgawe sonder korting en onder ’n groot opskrif *Ons moet nou ophou baasspeel* gepubliseer. ’n Paar leserbriewe wou my daarna “reghelp” met die feite. “Ons kom al van Weenen, Bloukrans en Bloedrivier af. Waar was u?” Maar daar was opvallend min reaksie. Het mense al gevoel wat kom?

[Hier volg ’n paar aspekte van die toestand in 1986. Blankes was 14.7% van die bevolking (insluitende “onafhanklike swart state”), maar het oor 55% van die inkomste en meer as 90% van die eiendom beskik. Meer as 90% van poste in akademiese beroepe was in blanke hande. Besteding per kind in blanke skole was R2746, vir Indiërs R1386, vir Kleurlinge R891 en vir swartes in blanke gebiede R387. In blanke skole was die verhouding van onderwysers en kinders 1:16, in swart skole in blanke gebiede 1:42.

Die blanke regering het absolute kontrole oor ’n arm, bitter en rustelose swart bevolking uitgeoefen. Blanke steun vir die regerende party was oorweldigend. Die Nasionale Party het 127 setels in die blanke Volksraad gehad teenoor 27 vir die Progressive Federal Party. ’n Tweede noodtoestand is uitgeroep. ’n Sterk weermag en verskillende polisie-eenhede het wet en orde gehandhaaf.

Blanke Suid-Afrika het baie vinnig sy internasionale erkenning en steun verloor. Die ekonomie het agteruit gegaan. Sanksies het begin byt. Kapitaal het die land verlaat. Inflasie was hoog. Droogte het die landbou geteister. Werkloosheid het die hoogte ingeskiet. COSATU is gevorm. Spanning het geheers tussen die United Democratic Front en AZAPO. Inkatha het ’n dubbelsinnige rol gespeel en Natal het op ’n burgeroorlog afgestuur.

Eerste pogings om met die ANC te praat is deur progressiewes geloods. President PW Botha het verkondig dat die regering in die rigting van gelyke regte en demokrasie wou beweeg, maar hy kon geen vertroue en steun onder swartes kry nie. Die ANC se

Umkhonto we Sizwe het van 'n beleid van installasie-sabotasie na 'n beleid van “people’s war” oorgegaan.

Swart mense het begin boikot en demonstreer. Onluste het versprei. Dit het dikwels in “necklacing” en ander gruweldade ontaard. Blanke vigilante-groepe is gevorm. Anti-apartheid aktiviste het in lewensgevaar verkeer. Nee, ek was nie een van hulle nie. My sensustelsel was te swak vir daardie soort van ding.

Met Zimbabwe het ek my ernstig misgis. Dit was 1986 nog geensins duidelik dat dié land op 'n ramp sou afstuur nie. Ek bewe nou nog as ek dink wat met ons alles kon gebeur het as ons daardie soort leierskap gehad het. Dit is pure genade. Hier dan my brief aan *Rapport*.

“Iemand moet weer 'n slag sê wat almal weet: Ons blankes gaan nie in alle ewigheid hierdie land van ons regeer nie. Binne die volgende twee dekades gaan ons net nog 10 persent van die bevolking van die land uitmaak. Die vraag is nie of verteenwoordigers van die meerderheid aan die bewind gaan kom nie. Die vraag is slegs wanneer dit gaan gebeur en wat intussen gaan gebeur.

Die noodtoestand kan die maatskaplike organisasies van die swartes weereens verpletter en hulle leiding weereens uitmekaar dryf – maar dit kan nie die groeiende frustrasie en woede onder die swart bevolking uitwis nie. Intendeel, 'n massa-beweging wat van sy leiers en sy maatskaplike kanale beroof word, verloor sy gestalte en word chaoties. Dit is baie gevaarliker vir die land as 'n goed georganiseerde politieke beweging.

Ons het die punt verbygegaan waar 'n paar hervormings van die ou stelsel die dinamiek van die situasie nog kan opvang. Elkeen weet dat ons geen vrede sal hê voordat die meerderheid sy volle burgerregte verkry het nie. Volle burgerregte beteken 'n regering wat deur swartes gelei word. Daar is geen pad wat by hierdie feit verbygaan nie.

Wat sê hierdie feit vir ons? Óf ons gaan nou met 'n doelbewuste program 'n vreedsame en geordende magsoorgawe aan 'n regering bewerkstellig wat deur al die burgers van die land verkies is, óf ons gaan ons land deur dekades van burgeroorlog vernietig en aan die einde 'n gedwonge en chaotiese magsoorgawe moet verduur.

As ons Suid-Afrika vir ons en vir ons kinders wil red, moet ons doen wat in elk geval gedoen moet word – en ons moet dit nou doen, nie ná dekades van verwoesting en agteruitgang nie. Die blanke bevolking is nou op sy sterkste. Die vakkundigheid, die ekonomiese organisasie, die kapitaal, die administrasie, die militêre mag, die meeste buitelandse betrekkinge is in sy hande.

Hierdie bedingingsmag maak dit nou nog moontlik om te verseker dat met die instelling van 'n meerderheidsbewind demokratiese beginsels en ekonomies

produktiwiteit gehandhaaf sal word – sover dit in ’n land van die Derde Wêreld soos Suid-Afrika moontlik is.

Ná dekades van burgeroorlog, internasionale sanksies en ekonomiese agteruitgang sal die bedingingspotensiaal van die blanke haglik wees – om nie eers te praat van die ellende onder die swart bevolking en die skrikwekkende vooruitsigte van die land as geheel nie. Nóú kan ons die chaos nog voorkom – dán nie meer nie.

Toekomstige swart leiers stel nie in ’n ekonomiese ineenstorting of ’n onbeheerbare maatskaplike situasie belang nie. Hulle wil net soos ons ’n bloeiende land regeer. Daar kan dus verwag word dat hulle in eie belang nie sal poog om die voorvereistes van voorspoed en orde te ondermyn nie. Soos Zimbabwe geleer het, sal beplande hervormings geleidelik ingevoer word. Blankes het nou minder rede om ’n swart magsoorname te vrees as nadat die land eers in ’n puinhoop verander is.

Ek sê nie dat dié stap maklik vir ons gaan wees nie. Ek sê net dat dit later oneindig moeiliker vir ons gaan wees. Ek sê nie dat dié stap die oplossing van al ons maatskaplike probleme sal meebring nie. Ek sê dat hierdie probleem in die pad staan van die oplossing van die meeste van ons ander maatskaplike probleme. Ek sê nie dat dié stap die hemel op aarde gaan bewerkstellig nie. Ek sê dat die versuim van hierdie stap Suid-Afrika in ’n nagmerrie sal verander.

As ons nóú handel, bepaal ons self ons geskiedenis. As ons dit uitstel, sal ons die slagoffers van die geskiedenis word. As ons nóú handel, bou ons ’n toekoms vir ons kinders. As ons dit uitstel, laat ons aan hulle ’n situasie na wat hulle nie meer kan hanteer nie. Toekomstige geslagte gaan òf dankbaar wees vir ons wysheid òf hulle gaan ons vervloek vir ons kortsigtigheid en selfsug.

As ons nóú handel sal ons weer instaat wees om ons rol in Afrika en in die wêreld te speel. As ons uitstel, sal die veragting en vyandskap al hoe vinniger teen ons opbou en ons uiteindelik op die ashoop van die geskiedenis laat beland. As ons nou ons trots begrawe, sal God ons verhoog. As ons nou trotseer, gaan ons uiteindelik so verneder word dat ons nie maklik weer op ons voete tereg sal kom nie. Dit verg moed en vertroue om te doen wat reg is. Kleinmoedigheid en ongeloof vernietig ons toekoms.”

KLAUS NÜRNBERGER is emeritus professor aan die School of Religion and Theology, University of Kwa-Zulu Natal.

Journeys with Jaap

STANLEY RIDGE

Some of the most influential things in one's life happen by the way. I first met Jaap Durand through the mundane arrangements of a UWC lift club from Stellenbosch in July 1979. In those days, we had to take the long way around through Kuils River and Sacks Circle to UWC. There was no Stellenbosch Arterial Road. That gave us 45 minutes in the car and plenty of opportunity for conversation. It was a wonderful introduction to some fine colleagues, with Jaap prominent among them as an original thinker and a highly competent man of action.

Jaap was Dean of Theology at the time. UWC had no vice-rector position, so the Executive Committee of Senate was even more important than it is now. Soon Ulrich Plüddemann, the meticulous and intellectually curious professor of German, joined Jaap as a dean. For the rest of us, the conversations on high policy, always handled by Jaap and Ulrich with a fine scrupulousness, provided an introduction to the complexities of running a university, especially one with high intellectual ambitions and a growing commitment to work against the political grain. It was a time of new starts. Pam Versveld was starting the Physiotherapy programme, at that time located in the Faculty of Dentistry, and moving the basic qualification for practice from a diploma to a degree. Alan Channing was deeply into the world of frogs and had already discovered a number of new species in South Africa and in the Americas. Dirkie Smit was developing a phenomenal reputation in a Systematic Theology fully engaged with the world debates but anchored in our present. Andre Gouws was quietly building Educational Psychology from a new base in what was the Broederbond stronghold of the Faculty of Education. Niel Broekmann was tackling the challenges of doing Psychology in a new environment, and leading a department which changed the face of the discipline in South Africa. And I was taking the English Department in a new direction which attracted some superb staff, three of them later to be professors at Natal, Wits and York (UK). It was a time of vigorous renewal, rethinking, strategising, and wrestling to give acknowledged shape to what we were doing. The car journeys were invaluable for that purpose. Jaap always brought a particular challenge and edge to the conversations. He was arguably the most progressive among us, but he was never going to be party to the flattening of language. "I am conservative", he said against the grain, creating the space for real thinking in an ideologically overcrowded context.

1980 brought the first major student protest, with a long class boycott. The lift club needed no special workshops to address issues. The challenges of maintaining the intellectual at the heart of struggle were a daily theme in the car, and major

innovative ideas for supporting learning while honouring the boycott led to strategies which gave UWC an edge in academic development later. There were frustrations, of course, and Jaap as a seasoned campaigner cast a clear philosophical light on them. Ever vigorous and exemplary in his own intellectual field, he was exceptionally efficient in management and making decisions, and wise in the ways of the world. And he was disciplined. Despite the punishing demands to which he responded with distinction, he continued to write and to supervise the research of others, and to play a formidable game of tennis.

Before long, Jaap was appointed UWC's first ever Vice-Rector. That ended our daily companionship. The university gained its autonomy and the next few years were a time of intense activity, giving new shape to the academic programme and setting new ideals. They were also a time of major growth and an ambitious building programme. As Vice-Rector, Jaap took the academic strategic plan under his wing, and when the various contributions had all to be integrated he took some days off to be free to write. The result defined UWC's trajectory. All later plans have built on this pioneering strategic redefinition. He also took charge of the construction programme, directing and managing the building of the impressive central square with its prize-winning Library, elegant University Centre and reinvented administration building. The vibrant hub of the university is his more visible legacy.

Looking back now, having recently had several years in the executive portfolio which Jaap Durand shaped, I am vividly aware of the debt which UWC and South African academic life owes to this innovative thinker, astute administrator, ethical but politically savvy leader, and generous human being. It is a great honour still to know him as a friend.

STANLEY RIDGE currently serves as Pro-Vice-Chancellor of the University of the Western Cape.

Leadership in a period of transformation

COURTNEY SAMPSON

Leadership played a critical role in South Africa's period of transformation. This leadership emerged from various sectors of society and represented a variety of points of view. In this way, there were those leaders who were either committed to maintaining the status quo or to bring about fundamental change in the structural and ideological basis of South African society.

In South Africa's final drive to rid itself of the burden of the devastating ideology of apartheid, many of these leaders played critical roles, some emerging from this process with greater prominence than others. The writings of Prof Jaap Durand bring this aspect of our national reality into sharp focus.

As early as 1978 he referred to "sporadic voices within (the) Afrikaans-speaking churches" which challenged the normative responses to race in those churches. These normative responses were not unambiguous in their condemnation of the apartheid ideology based on race. Durand concludes that:

These voices however are not clearly reflected in the official statements that are made from time to time.¹

The suggestion is clearly that the leadership that was required had to be prepared to move beyond the spaces of comfort in which many of us prefer to remain.

In 1981 he raised the following question in a response he wrote to the acclaimed Reformed theologian Prof Johan Heyns:

Hoe is dit nog moontlik dat binne kerklike kringe sodanige skeiding voorgepraat kan word en geleef kan word as die wil van God en in ooreenstemming met die evangelie?² (How is it still possible that within church circles such separation can still be justified and lived as the will of God and in line with the gospel?)

Exceptional leadership has been a determining factor in South Africa's transition to democracy. Apart from the special kind of leadership represented by individuals such as Durand, this country has also produced internationally acclaimed and iconic leaders in the persons of Nelson Mandela and Desmond Tutu.³

1 Jaap Durand, "Bible and Race: The Problem of Hermeneutics", *Journal of Theology for Southern Africa* 24 (September 1978).

2 Nico J Smith, FEO'B Geldenhuys & Piet Meiring, *Stormkompas – Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig* (Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 1981), p. 22.

3 The Barack Obama phenomenon in the United States of America is another such example.

Abraham Maslow⁴ refers to this kind of individual as being a “self-actualized” person.

I put forward the thesis that now, in the fifteenth year of South Africa’s democracy, the outstanding and unprecedented nature of the leadership of these two figures presents itself as both a blessing and a curse. It then becomes critical that other levels of leadership be strengthened and heard.

Any country that is in the process of remaking itself – against the background of the highly politically charged environment that could so easily have degenerated further from the dire situation South Africa found itself in the 1980s and early 1990s – is blessed to have leaders like Mandela and Tutu.

The blessing is obvious in that Mandela and Tutu presented an incredible example of an alternative way to deal with the devastating effect that apartheid had on all the people of South Africa of whatever race or ethnicity. They displayed the greatness of spirit that laid the foundation for the new state to begin to build its new character.

The curse is that such individuals are not found in abundance in any society and may emerge only once in a lifetime. It is the most difficult challenge for anyone to emulate such a phenomenal benchmark. This kind of leadership can aptly be described as a phenomenon of a special kind. The curse is that other good, sound, solid leadership will always be found wanting.

The greatest contribution South Africans can make in response to such a perceived vacuum of phenomenal leadership is to contribute their own graciousness and honesty and to aspire to an ever higher personal moral standard. We need many contributions to offset the unacceptable and structurally immoral Gini coefficient⁵ of 0.73.⁶ Each South African must contribute to a more caring and compassionate society.

COURTNEY SAMPSON is an Anglican priest and the Provincial Electoral Officer for the Independent Electoral Commission in the Western Cape.

4 A. Maslow, *Motivation and personality*, second edition (New York: Harper, 1970).

5 The Gini coefficient is a measure used to indicate the inequality of wealth and poverty in a society and is measured on a scale from 0 to 1.

6 *Institute for Security Studies Occasional paper* 178 (Jakkie Cilliers, January 2009).

Glo jy in God?

AMIE VAN WYK

“Glo jy nog in God? Kan jy as intellektuele persoon nog met integriteit in God glo?”

So lui ’n e-posbrief wat ek eendag van ’n onbekende persoon ontvang in reaksie op ’n artikel van my wat in die dagblad *Beeld* verskyn het. Later stuur die persoon (AL Pellencin) ’n boek aan my wat hy geskryf het, getitel *Ateïsme: Die saak teen God* (2007).¹

Dit is duidelik dat ateïsme as vraag aan die kerk en die Christelike geloof veral sedert die *Aufklärung* van die agtiende eeu gekom het om te bly. Die vraag na God is trouens die belangrikste vraag in die lewe en nie sonder rede nie begin Calvyn sy Geneefse Kategismus met hierdie vraag: “Wat is die belangrikste doel van die mens se lewe?”, om daarop te antwoord: “Om God te leer ken deur wie die mens geskape is”. Om kort hierop te laat volg dat ons God uit sy Woord en in Christus ken.

In 2004 het Alister McGrath in sy insiggewende boek *The twilight of atheism² begin dink aan die val van ateïsme, net om twee jaar later deur Richard Dawkins verras te word met sy veelbesproke The God delusion.*³

Om in God te glo is tog nie wetenskaplik, nie bewysbaar, nie kontroleerbaar en nie verifieerbaar nie, in kort, ’n bewys van ’n primitiewe geloof – so redeneer Pellencin en Dawkins. Moderne, wetenskaplike en ingeligte mense distansieer hulle van so ’n primitiewe geloof. Bowendien, wie kan in ’n God glo wat samelewings laat verwoes, mense laat ly en vir ewig laat verlore gaan?

Die ateïstiese kritiek rig hom veral teen twee leerstellings van die Christelike geloof, naamlik die providensie en predestinasie van God (wat verband hou met die pyn en lyding in die wêreld asook dat God mense vir ewig laat verlore gaan – en dit alles moontlik selfs beskik).

Pellencin en Dawkins staan in die denkradisie van groot ateïste: Feuerbach (1804-1872) (God as projeksie), Marx (1818-1883) (God as opium), Freud (1856-1939) (God as illusie), en Nietzsche (1840-1900) wat die (metafisiese) God dood verklaar het.⁴

1 AL Pellencin, *Ateïsme: Die saak teen God* (Pretoria: Publiself, 2007).

2 Alister McGrath, *The twilight of atheism: The rise and fall of disbelief in the modern world* (London: Rider, 2004).

3 Richard Dawkins, *The God delusion* (London: Transworld Publishers, 2006).

4 Kyk Danie Goosen, *Die nihilisme: Notas oor ons tyd* (Dainfern: Praag, 2007), pp. 207-274.

Wie die geskrifte van Jaap Durand naslaan, sal opmerk dat die vraag na God hom diepgaande besig gehou het. Reeds van vroeg af in sy dogmatiese besinning hou hy hom besig met die tema van *Die lewende God* (1976),⁵ met 'n slothoofstuk oor die ateïsme. Meer onlangs skryf hy oor *The many faces of God* (2007)⁶ en in sy apologetiese geskrif oor die Nuwe Hervorming, *Doodloopstrate van die geloof* (2005)⁷ kom die Godsvraag ook herhaaldelik ter sprake.

Dit is duidelik dat die ateïsme diepgaande beïnvloed is deur die (moderne) rasionalisme en positivisme, maar die kritiek teen hierdie denksisteme nie genoegsaam wetenskaplik verwerk het nie. Die ateïsme voorveronderstel baie duidelik 'n geslote wêreldbeeld, dit opereer met 'n versmalde mens- en wetenskapsbeskouing asook met 'n sterk gereduseerde epistemologie. Dit is nie in staat om die grootste vrae in die lewe (intellektueel) bevredigend te beantwoord nie, soos byvoorbeeld die vraag na die oorsprong en bestemming van die skepping, die vraag na die sin van die lewe en die hoé-vraag om goed te lewe.

Die Christelike geloof sal egter moet besef dat die tyd van goedkoop antwoorde vir goed verby is.⁸ Sonder om van sy getuieniskarakter afstand te doen, sal die Christelike geloof die moderne ateïsme ook op die terrein van die denke moet tegemoetree. Die Christelike geloof sal egter diep daarvan deurdronge moet wees dat ons nie oor die God van die Bybel kan praat buite sy openbaring in Jesus Christus om nie. Uiteindelik is die antwoord op die Jesusvraag ook die antwoord op die Godsvraag – soos Durand tereg telkens aanvoer.⁹

Ons sê baie dankie aan Jaap Durand vir sy belangrike teologiese bydrae en veral vir sy fokus op die vraag van alle vrae: “Wie is God – vir my, en vir die wêreld?”

JH (AMIE) VAN WYK is emeritus professor in Dogmatiek en Etiek aan Noord-Wes Universiteit (Potchefstroom-kampus).

5 Jaap Durand, *Die lewende God* (Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1976).

6 Jaap Durand, *The many faces of God: Highways and byways on the route towards an orthodox image of God in the history of Christianity from the first to the seventeenth century* (Stellenbosch: Sun Press, 2007).

7 Jaap Durand, *Doodloopstrate van die geloof: 'n Perspektief op die Nuwe Hervorming* (Stellenbosch: Sun Press, 2005).

8 Kyk H Küng, *Bestaat God? Antwoord op de vraag naar God in deze tijd* (Hilversum: Gooi & Sticht, 1978).

9 Kyk Durand, *Die lewende God*, pp. 115-117; *Doodloopstrate*, p. 106.

Eerste treë in die bediening en kort daarna

HANNES VENTER

Dit is vir my en my vrou, Isabel, 'n baie besondere voorreg om vir Jaap Durand vir 48 jaar te ken en onder sy vriende te tel. Hy het op Dealesville in die Oranje Vrystaat grootgeword en skoolgegaan. Ons het ook die voorreg gehad om sy Godvresende ouers op Villiers te ontmoet waar hulle na aftrede gewoon het, en waar Jaap georden is as bedienaar van die Woord. Sy vader was 'n opvoeder in murg en been en sag van geaardheid. Sy moeder was spraaksaam en uitgesproke en besonder joviaal. Hy is 'n goeie mengsel van die rots waaruit hy gekap is.

Ons paaie het op die NG Sendingstasie Cala, in die Transkei, vir die eerste keer gekruis. Hy is in 1961 deur die Binnelandse Sendingkommissie van die Kaapse NG Kerk beroep en op Cala geplaas as my medeleraar. Hy het toe so pas sy doktorsale studies in Sendingwetenskap aan die Vrije Universiteit in Amsterdam, Nederland voltooi.

Aangesien die tweede pastorie nog nie voltooi was nie, het hy en Randu vir bykans 'n jaar lank by ons ingewoon. Dit was 'n uitstekende geleentheid om mekaar van naby te leer ken en so is die grondslag gelê vir 'n lewenslange vriendskapsverhouding. Ons het gedeel in die vreugde van die geboorte en grootword van mekaar se kinders. Behalwe sendingwerk, het ons ook saam sport beoefen, veral tennis. Maar ons het ook saam getreur toe Randu jare later siek geword het en aan kanker gesterf het. Ons dank die Here vir kosbare herinneringe aan haar wat ons as 'n kleinood bewaar. Ons bring graag hulde aan haar nagedagtenis. Sy was 'n goeie mengsel van sagmoedigheid, doelgerigtheid en intellek. Dit is ook vir ons 'n bron van vreugde dat Sonja Randu se plek ingeneem het en volledig vol staan. Jaap en Randu het drie begaafde kinders in die wêreld gebring, naamlik Aninka, Jannie en Jaco. Hulle is ook besig om hulle plek in die samelewing vol te staan en die Here en die gemeenskap met hulle talente te dien.

Om terug te keer na die begin. Na sy aankoms op Cala het daar onmiddellik groot verantwoordelikhede op sy jong skouers gerus. Hy moes al die verpligtinge van die sendingstasie met sy skole en koshuise, die teringhospitaal, die mobiele kliniek en die boerdery oorneem. Gelukkig was daar vir elke afdeling bekwame en verantwoordelike personeel, maar hy moes hulle bestuur – wat hy uitstekend gedoen het. Hy moes ook die verantwoordelikheid vir die gemeente oorneem wat, benewens die sendingstasie, ook nege buiteposte ingesluit het. Ek het nog op Sondae dienste gehou, maar was voltyds verantwoordelik vir skakelwerk tussen die Sendingkantoor en die Sendingpersoneel in die Ciskei, asook met die regering in verband gesubsidiëerde inrigtings in die Ciskeigebied.

Jaap het sy taak as leraar van die gemeente en stasiehoof met onderskeiding uitgevoer. Een van sy prioriteite aan die begin was om die Xhosa-taal aan te leer. Hy het in 'n rekordtyd die taal so bemeester dat hy sonder tolke kon dienste hou. Huisbesoek en kerkraadsvergaderings een maal per kwartaal het nie agterweë gebly nie. By drie buiteposte was daar voltydse evangeliste: evangelis Crediston Nqoko by Tsengiwe, evangelis Wilmoth Fihla by Mbenge en die onvergeetlike en merkwaardige evangelis Alvin Tyutu by Rebelskloof. Hy was 'n moderne Henog wat met die Here gewandel het. Almal het die hoogste agting en respek vir umvangeli Tyutu gehad.

Jaap het baie aandag aan die jeug gegee. By elke buitepos was daar 'n tak van die Jeugvereniging (*Umanyano lolutsha*) en 'n Sondagskool. Die studente in die Onderwyskollege en die leerlinge in die Sekondêre Skool en die koshuise is ook deur hom geestelik bedien. Elke buitepos het ook 'n tak van die Vrouevereniging (*Umanyano lwamakosikazi*) gehad. Randu het hierdie vertakking van die gemeente met groot bekwaamheid gehanteer.

Jaap het ook nog tyd gevind om drie buiteposkerke op te rig. Hy was die inisiëerder van 'n nuwe konsep van 'n buiteposkerkgebou, naamlik die sogenaamde dak op pale. Die Sending voorsien 'n dak, hetsy van gras of sink en rig dit op. Dan maak die gemeentelêde stene van klei en bou die mure op, en pleister dit met klei. Wanneer die mure mettertyd verweer, is dit maklik en goedkoop om dit in stand te hou. Op die buitepos Mceula het hy en die gemeente 'n reuse rondawelkerk gebou wat 200 mense kon huisves. Hierdie konsep het deur die Transkei en Ciskei pos gevat. Die kerkgebou op die sendingstasie is ook in sy tyd opgerig.

Daar was 'n aansienlike personeel wat Jaap moes bestuur, sommige baie ouer as hyself, en hy het dit meesterlik gedoen. Ek noem 'n klompie name om dit aan vergetelheid te ontruk. Behalwe ek en Isabel, was daar: Oom Hoffie Theron, die boer, en sy vrou Tannie Hoffie; Oom Hannes Rothman en sy vrou Malie, die tesourier van die Ciskeisending; Pieter en Joey van Heerden, die nutsman; Danie en Philpa Kapp, die bouheer; asook Oom van Niekerk en sy seun wat grootliks verantwoordelik was om die kerk op die sendingstasie te bou. Verder was daar Rene de Kock (Kokkie soos almal haar ken), die hospitaalmatrone; Thea de Koker, die hospitaalsuster; Rina Germishuys, die mobiele klinieksuster; Nanci Els, die koshuismatrone; Tannie Maggie van Rooyen, die dameshuis huismoeder; Kitty Coetzee, die geestelike werkster; Miss Margaret, die koshuismoeder in die koshuis vir dogters, en Tata Alfred Tsengiwe, die koshuivader in die koshuis vir seuns. En laaste maar nie die minste nie, Buks van Biljon, 'n boemelaar wat by Pieter en Joey in die huis nes geskop het, en vir Pieter met sy pligte gehelp het. Japie sal hom baie goed onthou, veral ten opsigte van een besondere aand. Jaap sal weet waarvan ek praat. Daar was ook noue samewerking tussen die personeel van die onderwyskollege en Sekondêre Skool op die Sendingstasie. Die hoof was mnr WC Murray (Oom Bill) en sy vrou Tannie Louise (sy lewe nog – 95 jaar oud); die onderhoof mnr Lieb Liebenberg en

sy vrou Hettie, Siegfried Schwartz, Erna Gerber en Trula Kemp. Laasgenoemde drie het ook op die Sendingstasie gebly.

Terwyl Jaap op Cala was, het ondermeer twee belangrike publikasies uit sy pen die lig gesien. *Christelike sending, allesomvattende roeping* was baie aktueel vir die sendende kerk asook vir die sendelinge. Dit is inderdaad waarmee hy elke dag te doen gehad het. Hy het ook 'n klein katkisasieboekie die lig laat sien, te wete *Lisisibane Izwi Lakho* (U Woord is 'n lamp). Hierdie boekie het die hele Evangelieboodskap in eenvoudige taal aan die katkisante tuis gebring. Uiteindelik is die boekie in sewe tale vertaal en deur die Christelike Lektuurfonds versprei. Daar is etlike honderde duisende eksemplare deur die jare verkoop. Die boekie is nog steeds in gebruik in die kerk.

Na vier jaar op Cala kry Jaap'n beroep na die gemeente Kwazakhele in Port Elizabeth, wat pas afgestig het van New Brighton. Voordat Jaap na Cala beroep is, het hy 'n beroep na New Brighton-gemeente in Port Elizabeth aanvaar en was op pad daarheen. Maar hy het dieselfde ervaring as die apostel Paulus gehad toe hy deur die Heilige Gees verhinder is om na Asië en Bithinië te gaan (Hand. 16:6-9). Die Here werk soms op onverstaanbare maniere. Die Here wou waarskynlik hê hy moet eers ondervinding opdoen van die swartmense in hulle tradisionele omgewing, dan sou hy hulle beter verstaan in die stadsomgewing. Daarom moes hy die draai op Cala en in die Transkei maak. Die personeel op Cala was baie hartseer om hulle te sien gaan. Ons het gedink hulle moes baie langer bly, want daar was nog so baie werk om te doen en ons het so lekker saam gewerk. Maar hulle het soos Filippus van ouds tussen ons uit verdwyn om in Port Elizabeth en later by die Universiteit van Wes-Kaapland die Here se plan met hulle lewens te volvoer (Hand. 8:26-40).

Sy ondervinding met die tradisionele en verstedelike swartmense het hom genoop om nog 'n boek te publiseer, *Swartman, stad en toekoms*. In hierdie boek wys hy daarop dat die verstedeliking van swartmense uit tradisionele gebiede onstuitbaar en onomkeerbaar is. Die regering van die dag het nie van hierdie publikasie gehou nie, want dit het direk ingedruis teen die regering se "tuislandbeleid". Die verloop van die geskiedenis van Suid-Afrika het bewys dat hierdie boek eintlik 'n profetiese karakter gehad het.

Jaap het die vertroue van die NG Kerk in Afrika geniet. Hy het gedurende die jare 1971 tot 1973 op die moderatuur van die streeksinode gedien in die hoedanigheid van moderator en in die moderatuur van die Algemene Sinode as aktuaris. Die aanstelling by die Universiteit van Wes-Kaap het hierdie dienswerk van hom kort geknip.


Toe hy die aanstelling as professor aan die Universiteit van Wes-Kaapland ontvang, het sy kollegas en vriende geweet hy is op die regte plek, want hy is by uitnemendheid 'n akademikus. As vise-rector van die Universiteit van Wes-Kaapland het hy baie

diep spore getrap toe Suid-Afrika en die universiteit in besonder deur gevaarlike politieke vaarwaters gegaan het. Ek glo sy ondervinding in die Kerk het hom goed voorberei vir die versoeningsrol wat hy toe moes vervul.

Ons wens vir Jaap en sy vrou, Sonja, saam met hulle kinders en kleinkinders die ryke seën van die Here toe op die pad vorentoe. Die fisiese gesondheid is nie altyd na wense nie, maar hulle is verbasend fiks wat betref die mentale en geestelike gesondheid. Mag die Here hulle seën met geestelike krag en fisiese gesondheid om nog vir baie jare baie mense se lewens te verryk.

HANNES VENTER was voorsitter van die Ciskei Sendingraad en leraar van die NG Kerk in Afrika in die gemeentes Cala en Rhini (Grahamstad).

*Publications by
Jaap Durand*



Publications by Jaap Durand

The following list includes primarily those publications by Jaap Durand which have been referred to by the various authors in this publication. In some cases the full page references to minor publications could not be ascertained as these are no longer readily available.

1956. Die wysgerige grondslae van die *ius resistendi* by Calvin. M.A.-tesis. Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.
1959. "Nasionalisme en separatisme in die lande van Afrika". *Reformierte Kirchenzeitung*.
1961. "Cottesloe, Wêreldraad van Kerke en ekumeniese Sending". *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Junie 1961, 147-153.
1961. *Una sancta catholica in sendingperspektief*. Amsterdam: Ten Have.
1963. "Dogma en Doksa". *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Junie 1963, 174-183.
1964. "Calvyn as ekumeniese gees". *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*.
1964. "Kerk en sending in die lig van die Ekumene" in *Die Ekumene*. Stellenbosch.
1964. "Ware ekumenisiteit – die Gereformeerde Vaders" in *Die Ekumene*. Stellenbosch.
1964. *Christelike sending – Allesomvattende roeping*. Bloemfontein: Sacum.
1965. "Die groot bevel word uitgevoer". *Polumnia*.
1965. "Kerkplanting en akkommodasie in die lig van die nuwe Rooms-Katolieke Teologie" in *Christusprediking in de wereld: Studiën op het terrein van de Zendingswetenschap, gewijd aan de nagedachtenis van prof Johan Herman Bavinok*, 141-155. Kampen: Kok.
1967. "Die lig van die Skif op die terrein van die staat" in *Die Volle Raad*. Bloemfontein: Sacum.
1967. "Die Sending – Wesenstaak van die Kerk". *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Junie 1967, 142-152.
1968. "Rome, sending en die ekumene" in *Sendingwetenskap vandag: 'n Terreinverkenning*. *Lux Mundi* 1, 45-62. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
1969. *Lisisibane Izwi Lakho* ("Your Word is a lamp"). DRC Mission Press.
1969. "Christus en die Gees". *Kerugma*, Mei.
1970. *Swartman, stad en toekoms*. Kaapstad: Tafelberg.
1972. "Deur verbryseling tot verlossing" in *Die Volle Raad*. Bloemfontein: Sacum.
1973. Heilsgeskiedenis en die dialektiek van syn en denke. D.Th.-tesis, Universiteit Stellenbosch.

1974. "Skrifgesag, heilsgeskiedenis en die subjek-objek-polariteit". *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, September 1974, 251-260.
1974. *Kruisteologie en die lydende God*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
1976. "Black theology in South Africa". *RES*, May 1976.
1976. *Die lewende God*. Pretoria: NGKB.
1977. "Liberation for reconciliation". *Missionalia* 5:2, 108-110.
1977. "Waarheid en leuen in 'n terminale situasie – 'n dogmaties-etiese besinning" in Strauss, DFM (red), *Woord en wetenskap: Gedenkbundel aan FJM Potgieter*, 73-80. Bloemfontein: VCHO.
1978. "Bible and race: The problem of hermeneutics". *Journal of Theology for Southern Africa* 24.
1978. *Die sonde*. Pretoria: NGKB.
1979. "Die Reformierten Kirchen in den Gesellschafts- und Rassenkonflikten Süd-Afrikas". *Reformierte Kirchenzeitung* Juli.
1979. "Kerkverband – wese of welwese?" in Meiring, P & Lederle, HI (reds), *Die eenheid van die kerk*, 73-77. Kaapstad: Tafelberg.
1980. "God in history – An unresolved problem" in König, A & Keane, MH (eds), *The meaning of history*. Pretoria: Unisa.
1981. "Life and death as a theological problem". *Journal of Theology for Southern Africa* 36, 18-26.
1981. "Reaksie op JA Heyns se "'n Teologiese perspektief'" in Smith, NJ, Geldenhuys, FEO'B & Meiring, P (reds), *Stormkompas – Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*, 21-23. Kaapstad: Tafelberg.
1981. "The prophetic task of the church vis-à-vis the state", in Schrottenboer, P (ed), *Church and nation. Theological Conference Papers*, 3-15. Grand Rapids: Reformed Ecumenical Synod.
1982. "Die kerk se profetiese roeping: Versoening en samelewing" in Bosch, DJ, König A & Nicol, W (reds): *Perspektief op die Ope Brief*, 76-85. Kaapstad: Human & Rousseau.
1982. "Discovering the implications of reconciliation". *Journal of Theology for Southern Africa* 41, 20-24.
1982. "Nederduitse Gereformeerde Kerke in die branding". Amsterdam: NZAV.
1982. *Skepping, mens, voorsienigheid*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
1984. "'n Belydenis – was dit werklik nodig?" in Cloete, GD & Smit, DJ (reds), *'n Oomblik van waarheid*, 123-134. Kaapstad: Tafelberg.

1984. "A confession – was it really necessary?" in Cloete, GD & Smit, DJ (eds), *A moment of truth: The confession of the Dutch Reformed Mission Church*, 33-41. Grand Rapids: WB Eerdmans.
1984. "Belhar – Krisispunt vir die NG Kerke" in Cloete, GD & Smit, DJ (eds), *'n Oomblik van waarheid*, 39-48. Kaapstad: Tafelberg.
1984. "The Confession of Belhar: A crisis for the Dutch Reformed Churches?" in Cloete, GD & Smit, DJ (eds), *A moment of truth: The confession of the Dutch Reformed Mission Church*, 116-126. Grand Rapids: WB Eerdmans.
1985. "Afrikaner piety and dissent" in De Gruchy, JW & Villa-Vicencio, C (eds), *Resistance and hope*, 39-51. Cape Town: David Philip.
1985. "Review article: *Bonhoeffer and South Africa*". *Journal of Theology for Southern Africa* 50, 60-63.
1985. *Die lewende God* (tweede, hersiene uitgawe). Pretoria: NGKB.
- 1987 [1972]. "Bybelse taal en menslike taal in die Suid-Afrikaanse konteks" in *Teks binne konteks*, 38-48.
- 1987 [1974]. "Skrifgesag, heilsgeskiedenis en subjek-objek-polariteit" in *Teks binne konteks*, 58-68.
- 1987 [1974]. "Swart teologie binne die Suid-Afrikaanse konteks" in *Teks binne konteks*, 49-57.
- 1987 [1975]. "Afrika en Swart teologie in die VSA" in *Teks binne konteks*, 69-74.
- 1987 [1976]. "Die hermeneutiek van 'n rasseteologie" in *Teks binne konteks*, 75-87.
- 1987 [1977]. "Bevryding tot versoening" in *Teks binne konteks*, 88-90.
- 1987 [1977]. "Kontemporêre modelle vir die verhouding van kerk en samelewing" in *Teks binne konteks*, 13-37.
- 1987 [1980]. "Die Lutherse en Gereformeerde tradisies in die Suid-Afrika van vandag" in *Teks binne konteks*, 107-116.
- 1987 [1980]. "Die vinger van God in die geskiedenis – 'n Onopgeloste probleem" in *Teks binne konteks*, 91-99.
- 1987 [1980]. "Jesus en lewensituasie" in *Teks binne konteks*, 100-106.
- 1987 [1982]. "Die kerk se profetiese roeping: Versoening en samelewing" in *Teks binne konteks*, 117-125.
- 1987 [1982]. "Teks binne konteks" in *Teks binne konteks*, 191-197.
- 1987 [1983]. "Die Suid-Afrikaanse spanningsveld van kerk en politiek" in *Teks binne konteks*, 131-140.
- 1987 [1983]. "Koop die tyd uit" in *Teks binne konteks*, 126-130.
- 1987 [1984]. "'n Belydenis – was dit werklik nodig?" in *Teks binne konteks*, 141-150.

- 1987 [1984]. "Belhar – Krisispunt vir die NG Kerke" in *Teks binne konteks*, 151-162.
- 1987 [1985]. "Afrikanerpiëtisme en andersdenkendheid" in *Teks binne konteks*, 163-178.
- 1987 [1986]. "Die kerk as draer van hoop" in *Teks binne konteks*, 179-190.
1987. "Kairos – Swart kerke in verset". *Die Suid-Afrikaan*, Sept.
1987. *Teks binne konteks: Versamelde opstelle oor kerk en politiek*. Geredigeer deur DJ Smit. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
1987. [With: DJ Smit] "The Afrikaner churches on war and violence" in Villa-Vicencio, C (ed), *Theology and violence: The South African debate*, 31-50. Braamfontein: Skotaville.
1988. "Church and state in South Africa: Karl Barth vs Abraham Kuypers" in Villa-Vicencio, C (ed), *On reading Karl Barth in South Africa*, 121-138. Grand Rapids: WB Eerdmans.
1988. South Africa and Latin America: A comparison between two models for the church-society relationship". *Journal for the Study of Religion*, March 1988.
1989. "Academic standards and the education crisis". UCT, June.
1989. "Engelssprekende kerke: Gevangenes van apartheid". *Die Suid-Afrikaan*, Oktober 1989.
1989. "Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk", in Theron, PF & Kinghorn, J (reds), *Koninkryk, kerk en kosmos*, 64-73. Bloemfontein: Pro Christo.
1990. "Christians and Marxists in South Africa" in Loots, G (ed), *Listening to South African voices*, 96-115. Port Elizabeth: Woordkor.
1990. "Riglyne vir die prediking oor die bergrede (Matteus 5:21-26)" in Burger, CW, Müller, BA & Smit, DJ (reds), *Woord teen die Lig II/5*, 124-131. Kaapstad: Lux Verbi.
1991. "Riglyne vir die prediking oor die wandel met God (1 Kor. 2:10-12)" in Burger, CW, Müller, BA & Smit, DJ (reds), *Woord teen die Lig III/2*, 206-214. Kaapstad: Lux Verbi.
1991. "Christians and Marxists in South Africa". *Journal of Theology for Southern Africa* 75, 3-15.
1993. "Riglyne vir die prediking oor regverdiging en reg (2 Pet 3:13)" in Burger, CW, Müller, BA & Smit, DJ (reds), *Woord teen die Lig III/2*, 399-405. Kaapstad: Lux Verbi.
1993. "In bewuste herinnering" in Van Niekerk, A, Esterhuysen, WP & Hattingh, J (reds), *Intellektueel in konteks: Opstelle vir Hennie Rossouw*, 289-304. Pretoria: RGN.
1993. "Theology and resurrection – Metaphors and paradigms". *Journal of Theology for Southern Africa* 82, 3-20.

1995. "The awareness of pain". *Journal for Pastoral Ministry*, June 1995.
1995. [With: DJ Smit] *Kerk en geweld: Geweld – Wat sê die kerk? Die verhaal van die NG Kerk in die 20^{ste} eeu as illustrasie*. Teks en Konteks 7. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
2001. "When theology became metaphor". *Journal of Theology for Southern Africa* 111, 12-16.
2001. [Met: P Fourie & W Malherbe (reds)] *Twee eeue Ryns: Feesbundel uitgegee by die herdenking van die 200-jarige bestaan van die Rynse gemeente van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika te Stellenbosch*. Stellenbosch: Rynse Gemeente.
2002. "Hoe my gedagtewêreld verander het: Van ewige waarhede tot gekontekstualiseerde metafore". *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 43/1&2, 64-70.
2002. "Secularism, pluralism, and the Afrikaner churches in the 21st century" in Holness, L & Wüstenberg, RK (eds), *Theology in dialogue*, 175-189. Cape Town: David Philip.
2002. *Ontluisterde wêreld: Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid-Afrika*. Wellington: LuxVerbi. BM.
2003. *Iemand soos ek en jy*. Stellenbosch: T Wever.
2005. *Doodloopstrate van die geloof: 'n Perspektief op die Nuwe Hervorming*. Stellenbosch: SUN PRESS.
2007. *The many faces of God: Highways and byways on the route towards an orthodox image of God in the history of Christianity from the first to the seventeenth century*. Stellenbosch: SUN PRESS.

PROFESSOR JAAP DURAND, former professor of Systematic Theology and Vice-Rector of the University of the Western Cape, celebrated his 75th birthday on 5 June 2009. For this occasion we wish to honour him with this Festschrift.

In the essays gathered together in this volume, Jaap Durand's legacy in the fields of pastoral work, Christian theology, the Uniting Reformed Church, ecumenical relationships, prophetic witness, university administration, justice and peace, as well as institutional transparency provides a point of departure to reflect on contemporary challenges. We wish to honour his life and work by seeking to discern anew what God's justice entails in the church, in society and in the academy within the South African context.

This volume includes a foreword by Desmond Mpilo Tutu, the long-standing Chancellor of the University of the Western Cape. There is a biographic essay (in Afrikaans) by Jaap Furstenberg, Phil Robinson and Daan Cloete and leading essays by Denise Ackermann, Allan Boesak, Russel Botman, John de Gruchy, Nico Koopman, Bernard Lategan, Christo Lombard and Dirkie Smit. In addition, there are 22 shorter reflections from Jaap Durand's friends, colleagues and former students.

We offer this volume of essays to Jaap Durand as our mentor, role model and friend in gratitude for his dedicated contribution to discern God's justice in church, society and academy.

ERNST M CONRADIE
teaches Systematic Theology and Ethics in
the Department of Religion and Theology at
the University of the Western Cape.

CHRISTO LOMBARD
teaches Social Ethics and Christian Theology in
the Department of Religion and Theology at
the University of the Western Cape.

